View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Unisa Institutional Repository

# Pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon
# (Pastoral actions with and for the eighty plus older person)

deur

JEAN LABUSCHAGNE

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die vak

PASTORALE TERAPIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF O A BUFFEL

MEI 2016

# VERKLARING

Studente nommer 39758354

Ek verklaar dat

Pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon

(Pastoral actions with and for the eighty plus older person)

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het aangedui en erken het deur middel van volledige verwysings.

Jean Labuschagne

Datum

# OPSOMMING

Hierdie navorsing vorm deel van die kerk se roeping tot barmhartigheid en fokus op daardie aspek van die bediening wat gemoeid is met die welsyn van die tagtig plus ouer persoon in die besonder. ’n Kwalitatiewe studie binne ‘n prakties-teologiese raamwerk is deur middel van in-diepte onderhoude onder die tagtig plus ouer persone, geestelike leiers en verpleegspersoneel betrokke by bejaardesorg, in Mosselbaai gedoen. Die bou van verhoudings, die voer van ‘n sinvolle en menswaardige bestaan, om verstaan te word en onvoorwaardelik aanvaar te word, het duidelik uit die resultate na vore gekom. Dié navorsing noop die gemeente om nuut te dink oor die verouderingsproses en hoe ‘n holistiese benadering tot bejaardesorg empatiese pastorale ondersteuning tot gevolg kan hê waar die afgetrede deur middel van bemagtigingsprogramme die nodige vaardighede ontvang om hulle verder instaat te stel om mekaar in ‘n omgeeverhouding te versorg.

## Sleutelterme:

Bejaardesorg; bejaardheid; afgetredene; ouer persone; veroudering; pastoraat; pastorale sorg; godsdiens; spiritualiteit; geestelike behoeftes; emosionele behoeftes; hulpverlening; praktiese teologie.

# SUMMARY

This research forms part of the Church's call for compassion and focus on that aspect of the ministry that is concerned with the welfare of the eighty plus elderly in particular. A qualitative study within a practical theological framework through in-depth interviews among the eighty plus elderly, religious leaders and nursing staff involved in eldercare, were conducted in Mossel Bay.  Building relationships, conducting a meaningful and dignified existence, to be understood and unconditionally accepted, clearly emerged from the results. This research compels the congregation to rethink the aging process and how a holistic approach to eldercare can result in empathic pastoral support where the retired through empowerment programs receive the necessary skills to develop their ability to care for each other.

## Key terms:

Elderly; aged; retired; older people; aging; chaplaincy; pastoral care; religion; spirituality; spiritual needs; emotional needs; counselling; practical theology.

# BEDANKINGS

Met groot dankbaarheid en waardering wil ek die volgende persone en instansies bedank wat die pad saam met my gestap het en ŉ bydrae gelewer het om hierdie studie moontlik te maak:

My studieleier, Prof. Olehile Buffel, vir sy akademiese begeleiding, waardevolle insette en vriendelikheid.

Die biblioteekpersoneel van Unisa vir hul hulp in die verkryging van boeke en tydskrifte.

Spesiale dank aan diegene wat ingestem het om deel te neem in hierdie navorsing en op dié manier my toegelaat het om saam met hulle te reis, waar ek bewus geword het van die harde werklikheid van dié kritiese lewensfase en die noodsaaklikheid om hulle as deelnemende vennote in die gemeente te sien.

Baie dankie ook aan my vrou Annemarie en my seun Reinaldo vir hulle liefde, gebede, ondersteuning, aanmoediging en opoffering wat my in hierdie tyd gedra het.

My ma, dankie vir jou liefde, belangstelling en gebede.

Bowenal dank ek God wat dit moontlik gemaak het om die projek te voltooi.  Aan God al die eer!

**"Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi."**

**Psalm 16:5-6**

# TOEWYDING

*Hierdie verhandeling is opgedra aan die liefdevolle nagedagtenis van my skoonpa Willie Burger.*

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Verklaring | ii |
| Opsomming | iii |
| Summary | iv |
| Bedankings | v |
| Toewyding | vi |
| Inhoudsopgawe | vii-xiv |

**HOOFSTUK 1** 1

**INLEIDING TOT DIE NAVORSING** 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Inleiding | 1 |
| 1.2. | Agtergrond | 2 |
| 1.3. | Motivering vir die studie | 5 |
| 1.4. | Die navorsingsprobleem | 7 |
| 1.4.1. | Die navorsingsvraag | 9 |
| 1.4.2. | Doel van die navorsing | 9 |
| 1.5. | Navorsingsmetodes | 10 |

1.6. Gevolgtrekking 12

1.7. Kort oorsig van die hoofstukke in hierdie verhandeling 13

**HOOFSTUK 2** 15

**NAVORSINGSMETODOLOGIE EN ONTWERP** 15

2.1. Inleiding 15

2.2. Kwalitatiewe navorsing 15

2.3. Gegronde teorie 17

2.4. Data-insamelingstegniek – in-diepte onderhoude 19

2.5. Populasie 22

2.6. Teoretiese steekproef 24

2.7. Data-ontleding 27

2.8. Etiese oorwegings 30

2.8.1 Die welsyn van die deelnemers 30

2.8.2. Vrywillige deelname 31

2.8.3. Vertroulikheid 32

2.9. Samevatting 32

**HOOFSTUK 3** 33

**LITERATUUROORSIG** 33

3.1. Inleiding 33

3.2. Pastorale verantwoordelikheid 33

3.3. Die studie binne die vakgebied van praktiese teologie 34

3.3.1. Definisie van praktiese teologie 34

3.3.2 Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie 39

3.3.3. Benaderinge tot praktiese teologie in Suid Afrika 44

3.3.4. Praktiese teologie as ‘n teologiese wetenskap 47

3.3.5. Metodologie in praktiese teologie 48

3.3.6. Pastorale sorg as deel van praktiese teologie 52

3.4. Pastorale aktiwiteite van die kerk 53

3.5. Definisie van pastorale sorg 55

3.6. Pastorale werk of pastoraat 58

3.7. Pastoraat as vertolking 60

3.8. Vorme van pastorale werk 66

3.8.1. Onderlinge sorg 67

3.8.2. Pastorale sorg 71

3.8.3. Pastorale beraad 72

3.8.4. Pastorale terapie 73

3.9. Teologie en veroudering 73

3.9.1 Waar daar liefde is 75

3.9.2. Bejaardheid 77

3.9.2.1. Bejaardheid in die Bybel 79

3.9.3 Teologiese modelle 81

3.10. Verwantskap tussen godsdiens, spiritualiteit en veroudering 85

3.10.1. Godsdiens 85

3.10.2. Spiritualiteit 88

3.11. Saamreis 93

3.12. Teorieë oor veroudering 95

3.12.1. Teorieë oor veroudering uit die sosiologie 96

3.12.1.1. Aktiwiteitsteorie 96

3.12.2. Teorieë oor veroudering uit die psigologie en gerontology 97

3.12.2.1. Kontinuïteitsteorie 97

3.12.2.2. Onttrekkingsteorie 98

3.12.2.3. Persoonlikheidsteorieë 99

3.13. Samevatting 100

**HOOFSTUK 4** 102

**RESULTATE: VOORLEGGING EN BESPREKING** 102

4.1. Inleiding 102

4.2. Keuse van deelnemers 103

4.3. Uitnodigings aan deelnemers 103

4.4. Inligting aangaande die deelnemers aan die navorsing 104

4.5. Rol van godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit 105

4.6. Verhoudings 108

4.6.1. Sosiale verhoudings 109

4.6.2. Belangrikheid van gesonde verhoudings 110

4.7. Uitdagings 116

4.7.1. Afskaling 117

4.7.2. Liggaamlike en kognitiewe verlies 119

4.7.3. Behoefte aan menswaardigheid 123

4.7.4. Lewensverlies 126

4.7.5. Verlange en bekommernisse 128

4.7.5.1. Kinders 128

4.7.5.2. Finansies 130

4.8. Geestelike en emosionele behoeftes 132

4.8.1. Die betrokkenheid van die gemeente 132

4.8.2. Koinoniale samesyn en aanbidding 136

4.8.3. Nagmaal 139

4.8.4. Lofprysing 141

4.8.5. Huisbesoek 142

4.9. Die waarde van geestelike en emosionele versorging 143

4.10. Die verstaan van pastorale sorg 147

4.11. Rol van die gemeente 148

4.12. Samevatting 153

**HOOFSTUK 5** 154

**GEGRONDE TEORIE-ONTWIKKELING** 154

5.1. Inleiding 154

5.2. Die Christen bejaarde persoon 154

5.3. Behoefte aan geestelike en emosionele versorging 155

5.3.1. Om sinvol te lewe 155

5.3.2. Om menswaardig te lewe 157

5.3.3. Om saam koinonia te hou 159

5.4. Hoe word ons ‘n gemeente wat die tagtig plus ouer persoon pastoraal versorg? 160

**HOOFSTUK 6** 165

**GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** 165

6.1. Inleiding 165

6.2. Oorsig 165

6.3. Gevolgtrekking 166

6.3.1. Begrip en onvoorwaardelike aanvaarding 166

6.3.2. Die broosheid van die mens 168

6.3.3. Geestelike dimensie 169

6.3.4. Omgee gerig op verhoudingsbou 170

6.4. Aanbeveling vir toekomstige navorsing 172

BIBLIOGRAFIE 175

BYLAES 190

Bylae A 190

Bylae B 193

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING TOT DIE NAVORSING

## 1.1. INLEIDING

Hierdie navorsing fokus op pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon in die konteks van ‘n plattelandse gemeenskap, binne ‘n prakties-teologiese raamwerk.  Die groeiende getal tagtig plus ouer persone se toenemende behoefte aan pastorale versorging en 'n dieper geestelike lewe, voortdurende verandering wat onophoudelike aanpassings meebring, verlies van eiewaarde en die stryd om betekenis te vind in lyding en die lewe, bring mee dat daar indringend gekyk moet word na die pastorale versorging van die ouer persoon om hulle geestelike en emosionele welstand te verseker.

Die doel van die inleidende hoofstuk is om die navorsingsprobleem, agtergrond tot die studie, sowel as die relevansie en uiteensetting van doelstellings aan te bied.  Daarbenewens poog die navorsing om die uitdagings en geleenthede van 'n verouderde samelewing te ondersoek en geleenthede aan te gryp waar die gemeente saam met die pastor betrokke kan raak in die emosionele en geestelike versorging van die tagtig plus ouer persoon.

Die navorsingsmetodologie wat in die navorsing gebruik is, is kwalitatief in oriëntasie, met in-diepte onderhoude met die betrokke deelnemers.  Die deelnemers woon in Mosselbaai en verteenwoordig verskillende denominasies.  Hierdie navorsing poog om die emosionele en geestelike behoeftes van die tagtig plus ouer persoon en hoe versorging of hulpverlening deur die

gemeente aan die tagtig plus ouer persoon gerealiseer kan word, te studeer en te verstaan, van beide perspektiewe van literatuur asook van die ervaring van die tagtig plus ouer persoon deur onderhoude te voer.

Die navorsingsmetode behels ’n literatuurstudie vanuit verskeie dissiplines. Die literatuur wat krities nagegaan sal word sluit pastorale werke in die besonder in, praktiese teologie in die algemeen en literatuur vanuit die psigologie en sosiale wetenskappe wat relevant kan wees vir doeltreffende pastorale versorging aan die tagtig plus ouer persoon.

## 1.2. AGTERGROND

Ons lewe in wonderklike en opwindende tye. Neem byvoorbeeld die ongelooflike ryk wêreld wat die tegnologie ons bied. Die manier waarop ons deesdae kommunikeer en sosiaal met mekaar omgaan, verskil nogal baie van hoe dinge gewerk het in my oupa en ouma se dae. Ek onthou nog toe die selfoon sy eerste verskyning gemaak het in die laat negentigs, was daar ‘n klompie ouer persone wat maar net nie positief was oor die ding nie. “Ag nee wat” het hulle gesê, “ons is nou te oud om hierdie foon te verstaan”, “ons los dit maar vir julle jongmense”. Vandag sien ek heelwat ouer persone met selfone en daar word “geskype”, “getwitter” en “gefacebook” en so bly hulle in kontak met hulle geliefdes. Daar is ook vooruitgang gemaak op die mediese terrein, soveel so dat ons meer as ooit te vore drie tot vier generasies saam op aarde bevind.

My belangstelling in hierdie studie is nie net akademies nie maar spruit voort uit my eie konteks of ervaring. My skoonpa is in 2014 op die ouderdom van 85 oorlede. Na die afsterwe van sy

vrou in 2009 het hy by my skoonsuster gaan woon. Na die verwerking van sy vrou se dood het hy gevoel hy is nog gesond genoeg om na sy huis in Randfontein terug te keer. Dit was tog immers bekend aan hom en van sy vriende was nog daar. In 2013 het hy te swak geword om alleen in die huis te woon. Dit was ‘n baie emosionele tyd vir hom want sy huis is verkoop en hy kon maar net van sy belangrikste besittings na die ouetehuis in Luipaardsvlei saamneem. Sy jare lange vriende en predikant moes agterbly terwyl hy na ‘n nuwe omgewing verhuis. Gedurende hierdie tyd het hy geworstel met die ontdekking van lewensin te midde van sy nypende omstandighede.

Dit was alles vreemd vir hom en die aanpassings was groot. Hy het nie veel belanggestel in die aktiwiteite by die ouetehuis nie. Hy was lief gewees om stories te vertel en veral oor sy geloof te praat maar hier het hy hom onttrek. Ons het hom aangemoedig vanuit Mosselbaai om vriende te maak en in te skakel by hierdie bejaardegroep. Op hierdie punt het ons nie werklik verstaan waardeur hy gaan nie. Hoe sy wêreld verander het in terme van sy leefruimte wat drasties ingekort was en dat hy in hierdie beknopte ruimte sy lewe met mense uit verskillende agtergronde en milieus moes deel, was maar een van die ervaringe wat hy met my gedeel het tydens sy kuier in Maart 2014 by ons.

Dit was gedurende hierdie kuier dat ek diep bewus geword het van sy behoefte aan liefde, identiteit, betekenis, waarde, omgee en aanvaarding op hierdie “vreemde plek”. Die gevoel van eensaamheid en isolasie wat hy ervaar het, het my diep geraak. Een van sy vrese was dat hy dalk alleen sou sterf. Hy het geen empatiese pastorale ondersteuning ontvang gedurende hierdie krisistye nie wat hom kon gehelp het om die oorgang van een stadium na ‘n ander te oorbrug.

Hy was glad nie voorberei op wat vir hom gewag het nie.  Daar was dus nie ‘n instandhouding van kontinuïteit wat die onontkombare diskontinuïteit kon help oorbrug het nie.

Ons het oor diep geestelike dinge gepraat en dit was vir hom belangrik om geloofsbevestiging te kry  en opnuut verseker te word van die heilswaarhede.  Ek het bewus geword van die belangrike rol wat godsdiens en spiritualiteit in die tagtig plus ouer persoon se lewe speel en dat hulle ‘n behoefte het aan erkenning, nuttigheid en om menswaardig behandel te word.  Ek het hom geleer “facebook” en ook om sy lewenstorie vir sy nageslag te skryf op sy tablet.  Deur “facebook” kon hy nuwe vriende ontmoet, sy kontinuïteit met sy familie voortsit en geestelike boodskappe ontvang wat hy weer deurgegee het aan ons.  Dit het aan hom die nodige uitlaatklep en ‘n nuwe perspektief aan sy lewe gegee.

Met sy terugkeer het sy toestand verder verswak en moes hy permanent suurstof kry.  Hy was toe oorgeplaas na die siekeboeg.  Die verlies aan mobiliteit het verder bygedra tot sy isolasie en vereensaming aangesien hy nie veel vriende gemaak het terwyl hy daar was nie en nie betrokke was by die aktiwiteite van die ouetehuis nie.  Gedurende die tyd het hy my gereeld gebel en gevra dat ek vir hom moet bid, veral as hy swak gevoel het.  Die meelewing en belangstelling van ‘n gemeente sou ‘n wonderlike verskil in hierdie besondere moeilike tyd gemaak het.

‘n Nuwe omgewing en gemeente en die gepaardgaande verswakking in sy gesondheid het bygedra tot verminderde sosiale interaksie.  Hier was hy eweskielik ‘n vreemdeling en het hy gesukkel om sy aktiewe lewenstyl voort te sit.  Dit het hom by tye depressief gemaak en emosionele gevolge ingehou.  My gesprekke met hom het veral gefokus op singewing en die

hantering van verswakking in die lig van die werklikheid van die dood sodat hy berusting kon vind te midde van sy omstandighede.

Die menslike broosheid, weerloosheid, verganklikheid en daaglikse worstelinge wat daarmee gepaard gaan in die tagtig plus ouer persoon se lewe vereis ’n meer indringender mate van insig van die gelowige. Dit is ‘n kwesbare en brose lewenstadium waar die afneem van kragte en gesondheid die mens konfronteer met sy eie sterflikheid.

Die spesifieke omstandighede waarin my skoonpa hom bevind het, het my bewus gemaak van die toenemende aantal tagtig plus ouer persone se afhanklikheid en behoefte aan geestelike en emosionele versorging.

## 1.3. MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Op 27 Junie 2014 het die volgende skokkende berig in ons plaaslike koerant “Mossel Bay Advertiser” verskyn: “ 'n Videogreep waarin 'n 81-jarige vrou, wat aan 'n gevorderde stadium van demensia ly, deur twee werknemers van Huis Elsjé getart word, is in die Mosselbaai SAPD se besit. Die polisie ondersoek 'n saak van emosionele teistering op 'n bejaarde persoon” (Karstens 2014). Soos hierbo gesien word die droom van 'n langer lewe dikwels nie in 'n gelukkige werklikheid herlei nie. Koepke (2011:21) vertel van ‘n pastor wat by hom wou weet hoekom hy sy tyd aan ouer persone bestee: “They are too set in their ways, too sure of what they think, and they just don’t have the energy any longer for real ministry”.

Wanneer ‘n mens sulke stories hoor, veral van bejaardes wat mishandel word, selfmoord pleeg, wat sê hulle leef nie meer nie, hulle bestaan net, is dit baie hartseer. “Oudword is nie vir sissies nie”, sê hulle en met goeie rede want saam met die ouderdom kom daar ook voortdurend verliese. Die emosionele trauma wat met verhuising gepaard gaan moet ook nie onderskat word nie. Verder kan ‘n afname in die gesigs- en gehoorvermoë bydra tot die belewing van afgesonderdheid.

Om afhanklik te wees van ander kan weer lei tot neerslagtigheid. Wanneer bejaardes afhanklik word kan hulle voel hulle is ‘n las vir die samelewing. Daarbenewens worstel die verswakte bejaarde om sinvol voort te leef. Hulle leef ook voortdurend in die skadu van die dood. Net soos kroniese siekte en gestremdheid, is die hartseer wat die bejaarde beleef nie 'n normale en aanvaarbare deel van die latere lewe nie (Knight 2004:25).

Die tagtig plus ouer persoon is ’n groep wat dikwels emosioneel en geestelik in die steek gelaat word. Baie van hulle kan nie meer so goed hoor, sien of onthou nie en in baie gevalle word hulle institusioneel versorg. Dit het 'n nadelige effek op hul gevoel van eiewaarde en betekenis in die lewe. Die gebrek aan hulpverlening en bystand aan die tagtig plus ouer persoon kan toegeskryf word aan ‘n wye reeks faktore of struikelblokke. Probleme soos onvoldoende opgeleide vrywilligers; ‘n gebrek aan kennis van die verouderingsproses wat daartoe lei dat bejaardheid as 'n negatiewe sosiale verskynsel beskou word; ‘n persepsie dat hulle voldoende versorg word; onkundig is oor hoe om hulle by te staan of dalk het Koepke ‘n punt beet as hy die volgende opmerking maak:

> Of the many things that I discovered about the realities of clergy's lives through this process were; the demands on clergy in local faith communities are even more challenging than ever; there is precious little time for reading and reflecting beyond preparation for writing sermons; and the entire clergy day is filled, leaving no time to explore new ministry needs (Koepke 2011:19).

Die impak van verliese op die tagtig plus ouer persoon beklemtoon die noodsaaklikheid om hulle geestelik en emosioneel te ondersteun. Met my navorsing hoop ek dat gemeentes tot nuwe uitdagings en geleenthede van veroudering sal ontwaak, wat tot 'n geïntegreerde sorgnetwerk van ondersteuning sal lei.

## 1.4. DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Die stelling dat veroudering 'n groter probleem as vinnige bevolkingsgroei is, hou implikasies in vir die gemeente se toereikende voorsiening in die bejaarde se behoeftes (Smit 2010:93). Volgens Smit (2010:93) is veroudering 'n verskynsel wat groot uitdagings aan pensioen-, welsyn- en gesondheidsdienste stel.

Die feit dat die aantal persone ouer as 60 jaar tans net meer as 600 miljoen tel en tot meer as 1,3 miljard teen 2040 kan aangroei plaas veroudering in die konteks van die navorsingsprobleem. Verder sê Smit (2010: 93) dat 5,5% van die bevolking in Suid Afrika reeds ouer as 60 jaar is en dat verarming die voorland vir baie bejaardes is. Dus, ten spyte van die hoë voorkoms van lewensbedreigende siektes soos HIV/vigs, hartsiektes en kanker leef mense steeds langer. Die

gehalte van mediese dienste en medisyne en ook die hoë kwaliteit van lewe in die algemeen is van die redes waarom die gemiddelde lewensverwagting van bejaardes al hoër word.

Ons het oorweeg om my skoonpa na ‘n ouetehuis in Mosselbaai oor te plaas maar weens die geweldige lang waglyste by verskillende versorgingsoorde kon ons dit nie reg kry nie. Hierdie vinnig groeiende getalle van ouer persone en die ervaring met my skoonpa het my opnuut bewus gemaak van die toenemende uitdagings wat voor die deur van die gemeente, gesinne, professionele persone, owerheid, welsyn- en diensorganisasies, gelê word om in die behoeftes van die groeiende groep bejaardes te voorsien.

Die toenemende getalle van bejaardes het bygedra tot 'n nuwe segment van die lewensloop- die “tagtig plus”. Hierdie nuwe segment daag die geestelike leiers uit om die teenwoordigheid van die tagtig plus bevolking saam met hul behoeftes en gawes te erken. Dit is daarom noodsaaklik vir die geestelike leiers om hulle denkwyse en praktykvoering op so 'n wyse aan te pas dat pastorale sorg ‘n prominente rol in die beplanning van bejaardesorg beklee.

Die verantwoordelikheid vir die pastorale versorging van bejaardes plaas die pastor onder geweldige druk, veral as ons in ag neem dat die emosionele en geestelike behoeftes van die bejaardes in sorgsentrums meer kompleks en diepgaande is en dat bejaardesorg tot ‘n belangrike spesialisgebied ontwikkel wat steeds omvattende aanpassings beleef (Malan en Dreyer 2009:07). Die taak op hande is vir die pastor te veel. Die vraag duik op: Hoe kan ons help? Hoe kan ons omgee? Hoe kan ons mekaar se laste dra (Galasiërs 6:2)? Hoe kan ons die tagtig plus ouer persoon ondersteun sodat hulle in hulle broosheid nog steeds sinvol en hoopvol kan voortleef?

### 1.4.1. DIE NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die emosionele en geestelike versorging van die groeiende getal tagtig plus ouer persone deur die Mosselbaai geloofsgemeenskap gerealiseer word?

Deur bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vrae geformuleer wat leiding moet verskaf:

- Watter rol speel godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit in die tagtig plus ouer persoon se lewe?
- Hoe wil die tagtig plus ouer persoon geestelik en emosioneel versorg word?
- Wat is die gemeente se rol in die geestelike en emosionele versorging van hulle tagtig plus ouer persone?
- Hoe kan die tagtig plus ouer persoon as deel van die hele gemeente bedien en betrokke gemaak word?

### 1.4.2. DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van hierdie navorsingsprojek is;

- Om bejaardheid te bestudeer en te verstaan vanuit die tagtig plus ouer persoon se perspektief.
- Om die geestelike en emosionele behoeftes van die tagtig plus ouer persoon te bestudeer en te verstaan.

- Om maniere te vind waarop die pastor saam met die gemeente in die emosionele en geestelike behoeftes van die tagtig plus ouer persoon in Mosselbaai kan voorsien.
- Om 'n teologie van veroudering te ontwikkel wat positiewe beelde van veroudering en 'n geestelik gesonde begrip van die verouderingsproses sal bevorder.
- Om die betekenis en waarde van veroudering te herstel.

Dus, hierdie studie hoop om 'n bydrae te lewer tot die pastorale versorging van die tagtig plus ouer persoon.

## 1.5. NAVORSINGSMETODES

Die navorsing bestaan uit twee hoofdele, naamlik:

1. ’n Literatuurstudie. Die literatuur wat hersien sal word is hoofsaaklik bejaardheid, pastorale werk en praktiese teologie. Literatuur oor spiritualiteit asook literatuur vanuit die psigologie en sosiale wetenskappe wat relevant kan wees vir doeltreffende pastorale versorging aan die tagtig plus ouer persoon sal ook in ag geneem word aangesien dit ’n belangrike rol speel in suksesvolle veroudering.

2. Empiriese navorsing. Die navorsing sal gebruik maak van in-diepte onderhoudsvoering ten einde voordeel te trek uit die perspektiewe van die tagtig plus ouer persoon, personeel betrokke by die versorging van die tagtig plus ouer persoon sowel as die perspektiewe van die geestelike leiers. Die huidige navorsing sal binne die raamwerk van die gegronde teorie (grounded theory) plaasvind.

Die navorsing steun swaar op metodes en insigte uit ander dissiplines veral die sosiale wetenskappe.  Ek ondersteun Malan en Dreyer (2009:02) as hulle sê dat sosiologiese insigte ‘n waardevolle bydrae tot sowel gerontologie as die pastorale versorging van ouer persone kan lewer want ‘n studie van veroudering bekyk die biologiese, psigologiese en sosiale dimensies van menswees van nader.

Soos reeds genoem is hierdie navorsing hoofsaaklik kwalitatief in oriëntasie.  Kwalitatiewe navorsing in die vorm van gegronde teorie sal gebruik word.  Gegronde teorie is 'n kwalitatiewe navorsingsmetode wat oorspronklik ontwikkel is deur twee sosioloë, Glaser en Strauss in die 1960's (Bryant & Charmaz 2007:01).   Dit fokus op die ontwikkeling van ‘n teorie wat gegrond is in die data of anders gestel, ’n teorie word vanuit die data ontwikkel.  Dit bestaan uit 'n stelselmatig, vergelykende, induktiewe benadering om data in te samel en teorie te bou (Bryant & Charmaz 2007:1; cf. Allan 2003:1–10; Charmaz 2006:2).  Kortom, gebruik gegronde teorie ‘n sistematiese stel prosedures en gaan dit induktief te werk om teorie aangaande ‘n sekere verskynsel te ontwikkel (Strauss & Corbin, 1990:24).

In die konteks van die studie word die belewenisse van die tagtig plus ouer persoon se ervaring rondom hulle geestelike en emosionele versorging en die kompleksiteit daarvan bestudeer met die doel om teorieë te formuleer wat aan hulle toereikende empatiese pastorale ondersteuning sal bied.  In die proses word empiriese data ingewin deur ongestruktureerde onderhoude met deelnemers te voer.

Die populasie sal op grond van die doeleindes van hierdie studie beperk word tot individue in Mosselbaai wat bestaan uit die tagtig plus ouer persoon in versorgingsentrums, hul verpleegpersoneel, die wat nog selfversorgend is en geestelike leiers uit verskillende denominasies betrokke by die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon.  ‘n Besluit oor die totale aantal deelnemers word slegs aan die einde van die navorsing gemaak aangesien dit nie nodig is om in gegronde kwalitatiewe navorsing die aantal respondente vooraf te bepaal nie.  Die aantal deelnemers sal uiteindelik afhang van die kwaliteit en aard van inligting verkry.  Die navorser is geïnteresseerd in deelnemers met spesifieke ervarings of in wie beduidende konsepte voorkom en daarom sal die steekproefneming teoreties of doelgerig wees.

Hierdie navorsing sal ook die nodige etiese aspekte in ag neem waar potensiële deelnemers wat aan die steekproef insluitingskriteria voldoen gekontak sal word en deur middel van inligtingsbriewe (Bylae A) ingelig sal word oor die doel en aard van die navorsing.  Die insameling van data en data ontleding sal gesamentlik plaasgevind. Die rou kwalitatiewe data sal gekodeer word in temas, subtemas en kategorieë om die navorser te help om die data te interpreteer.

## 1.6. GEVOLGTREKKING

Hoofstuk een het die navorsingsprobleem, doel, relevansie sowel as die agtergrond van hierdie studie duidelik gemaak.  In hoofstuk twee word die navorsingsontwerp en enkele etiese kwessies beskryf.  Verder gaan daar ook ‘n literatuuroorsig gedoen word wat verskillende konsepte sal bekyk soos byvoorbeeld pastorale werke, pastoraat, bejaardheid, veroudering, ensovoorts.

Daarbenewens word die konteks van hierdie navorsing omlyn, wat ook die konteks is waarin pastorale sorg ontwikkel en beoefen word.

## 1.7. KORT OORSIG VAN DIE HOOFSTUKKE IN HIERDIE VERHANDELING

**Hoofstuk 2: Navorsingsmetode en –ontwerp**

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en enkele etiese kwessies beskryf. Die wyse waarop data ingesamel en ontleed word, word uiteengesit met verwysing na gegronde teorie en teoretiese steekproefneming.

**Hoofstuk 3: Literatuuroorsig**

Hierdie hoofstuk gee ‘n literatuuroorsig oor pastoraat, praktiese teologie en bejaardheid as die konteks van hierdie navorsing. Ander bronne wat inligting verskaf asook studies op die terrein van veroudering word hier ondersoek.

**Hoofstuk 4: Resultate: Voorlegging en bespreking**

In hierdie hoofstuk word die resultate van die onderhoude gedokumenteer, ontleed en bespreek.

**Hoofstuk 5: Gegronde teorie-ontwikkeling**

Hierdie hoofstuk fokus op gegronde teorie-ontwikkeling oor die bejaarde, hul behoefte aan geestelike en emosionele versorging en hoe hulle ondersteun,versorg en bedien kan word.

**Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings en aanbevelings**

Hierdie hoofstuk gee ‘n opsomming van die studie, maak bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings vir toekomstige studie wat op die bevindinge van die studie gegrond is.

# HOOFSTUK 2

# NAVORSINGSMETODOLOGIE EN ONTWERP

## 2.1. INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die navorsingsmetode wat in hierdie studie gevolg is, insluitend alle verwante metodologiese kwessies soos kwalitatiewe benadering, gegronde teorie, navorsingsontwerp, teoretiese steekproefneming en data-analise, te verduidelik. Die strategiese keuses wat gemaak word met betrekking tot die metode en ander verwante metodologiese keuses sal aandag geniet.

## 2.2. KWALITATIEWE NAVORSING

’n Navorsingsontwerp kan kwalitatief en/of kwantitatief wees. Hierdie navorsing is kwalitatief in oriëntasie want dit behels ’n ontdekkingstog tussen die navorser en respondente ten einde vas te stel hoe die emosionele en geestelike versorging van die tagtig plus ouer persoon in Mosselbaai deur die geloofsgemeenskap gerealiseer kan word.

Die doel van kwalitatiewe navorsing volgens Du Plooy-Cilliers, Davis & Bezuidenhout (2014: 231) “is to gain an understanding of the subjective experiences of participants”. Dit sluit aan by hierdie navorsing wat ‘n studie of ‘n saamreis met mense is, wat hulle emosionele en geestelike versorging prakties beleef en probeer sin maak uit hulle omstandighede en die gemeentes se betrokkenheid (al dan nie) in hulle nood. Hoewel elkeen wat aan die studie deelneem se situasie

en belewenisse uniek is, vorm elke belewenis deel van die groter geheelbeeld en help dit om insig te verwerf in die hantering van die emosionele en geestelike versorging van die tagtig plus ouer persoon in Mosselbaai.  Daarom is die kwalitatiewe metode geskik vir my tipe navorsing want die antwoorde op navorsingsvrae lê as't ware in dié data opgesluit (Schurink 1998:243).

Pogings word gemaak om die wêreld van die tagtig plus ouer persoon te betree en om bejaardheid vanuit hulle perspektief te verstaan.  Daarbenewens poog die navorsing ook om 'n greep te kry op die emosionele en geestelike behoeftes van die tagtig plus ouer persoon in die lig van, om maniere te vind waarop die pastor saam met die gemeente in die emosionele en geestelike behoeftes van die tagtig plus ouer persoon in Mosselbaai kan voorsien.

Van der Ven som die voordele van kwalitatiewe navorsing soos volg op:

> (it gives) the opportunity to take the subjects' uniqueness into account, the dynamics and the drama of their interactions and communications, the depth of their emotional engagement, specificity of the images, symbols and rituals which are implied in that (Van der Ven 1994:43).

Geen wonder dat kwalitatiewe metodologieë besonder geskik is om reg te laat geskied aan verskynsels soos rykheid, diepte, nuanse, konteks, veeldimensionaliteit en kompleksiteit (Dreyer 2010:20).

## 2.3. GEGRONDE TEORIE

Gegronde teorie is ‘n kwalitatiewe navorsingsmetode wat oorspronklik deur die twee sosioloë Barney Glaser en Anselm Strauss (1967) as ‘n metodologie ontwikkel is (Bryant & Charmaz 2007:01). Volgens Bryant & Charmaz (2007:01) is gegronde teorie die mees algemene en gewildste kwalitatiewe navorsingsmetode wat oor 'n wye verskeidenheid van dissiplines en vakgebiede gebruik word.

Dit bestaan uit 'n stelselmatig, vergelykende, induktiewe benadering om data in te samel en teorie te bou (Bryant & Charmaz 2007:1). Dit begin met die insameling van generatiewe vrae uit jou insigte om konsepte en voorstelle te ontwikkel en om hul verhoudings te verken (Grbich 2013:82). Teorie word dan daarna uit data ontwikkel wat ingesamel is. Holloway (2005: 292) verduidelik dat die teorie gegenereer word deur die data voortdurend te vergelyk. Strauss and Corbin verduidelik hierdie punt verder as hulle sê:

> Therefore, data collection, analysis, and theory stand in reciprocal relationship. One does not begin with a theory then prove it. Rather, one begins with an area of study and what is relevant to that area is allowed to emerge (Strauss and Corbin 1998:23).

Grbich vat dit goed saam as sy sê dat die benadering ontwikkel was:

> in order to generate theory from observations of real life as these were occurring (Grbich (2013:79).

Verder voeg sy by:

> This methodology allows you to look in depth…to see how people define and experience situations (Grbich 2013:89).

Met hierdie benadering kan die belewenisse van die deelnemers binne die konteks en met die kompleksiteit van die verskynsel, bestudeer word, begryp word, en so akkuraat moontlik beskryf word (Strauss and Corbin 1998:12). Dus, hieruit kan ons aflei dat die bron van hierdie teorie die praxis is. In die konteks van hierdie navorsing is die praxis van bejaardheid of meer spesifiek die tagtig plus ouer persoon die doel van hierdie huidige navorsing en beoog hierdie navorsing om teorieë te formuleer wat aan die tagtig plus ouer persoon toereikende empatiese pastorale ondersteuning sal bied.

Gegronde teorie metode is geskik vir hierdie studie oor die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon want in kwalitatiewe navorsing word die navorser die instrument. Die navorser is die “instrument” wat betrokke is by die situasie en sin daarvan maak (Patton 2002: 14). Verder, is dit die vermoë van die navorser om beduidende aspekte te sien en te interpreteer... wat unieke, persoonlike insig in die ervaring onder studie gee (Eisner 1991: 33).

Hierdie navorsing poog om die kwessie van veroudering in die konteks van die tagtig plus ouer persoon en pastorale sorg met 'n oop gemoed te benader. Die realiteit van veroudering soos wat dit ervaar word deur die tagtig plus ouer persoon is 'n bron van teorie formulering, op so 'n manier dat die teorie getrou sal wees aan die data of bewyse wat van die deelnemers versamel is.

Die gevolg was die identifisering van temas en kategorieë wat akkuraat die mening van die tagtig plus ouer persoon se gevoelens en verwagtinge rondom hulle geestelike en emosionele behoeftes weerspieël.

## 2.4. DATA-INSAMELINGSTEGNIEK – IN-DIEPTE ONDERHOUDE

Kwalitatiewe navorsers aanvaar dat dit moeilik is om ervarings en betekenisse te meet en te kwantifiseer (Du Plooy-Cilliers, Davis & Bezuidenhout 2014: 172). Vir die doeleindes van hierdie navorsing is die navorser geïnteresseerd in die subjektiewe ervaringe wat hom sal toelaat om dinge deur die oë van die respondente te sien. Neuman (2011:424) verwys na die "thick description" van die subjektiewe ervaringe en betekenisse gebaseer op kwalitatiewe data, wat die navorsers verskaf.

Onderhoudvoering word gesien as die oorheersende metode om data of inligting te versamel in kwalitatiewe navorsing (Mason 2002:63). Onderhoudvoering behels verbale kommunikasie tussen die onderhoudvoerder en die deelnemers en in die proses word die onderhoudvoerder van inligting voorsien met ander woorde die onderhoud is 'n sosiale verhouding wat ontwerp is om inligting uit te ruil tussen die deelnemer en die navorser (Seidman 1998:3-4). Soos Patton tereg sê:

> Interviewing begins with the assumption that the perspective of others is meaningful, knowledgeable, and able to be made explicit [and] to find out what is in and on someone else's mind, to gather their stories (Patton 2002: 341).

Op hierdie wyse kry die onderhoudvoerder die geleentheid om die betekenis van deelnemers se response in diepte te eksploreer. Beide partye, navorser en deelnemer, is dus noodsaaklikerwys en onvermydelik aktief en betrokke in die betekenisgewende proses (Neuman 2011:406).

In-diepte onderhoude is die mees geskikte data-insamelingstegniek vir hierdie tipe studie veral met die belangstelling in die diepte van die probleem van emosionele en geestelike versorging van die tagtig plus ouer persoon. Omvattende inligting rakende die belewenis van ‘n persoon kan op dié wyse verkry word (Brink, 2006:158). Charmaz (2006:25) stem hiermee saam as sy sê dat hierdie tipe onderhoudvoering “permits an in-depth exploration of a particular topic with a person who has had the relevant experiences”.

In-diepte onderhoude is ook volgens Charmaz (2006:28) 'n gepaste data-insamelingstegniek vir navorsing waar die gegronde teorie metode gebruik word. Soos reeds aangedui is data vanuit die perspektief van die deelnemers, naamlik die tagtig plus ouer persoon van belang vir hierdie navorsing. Patton sê in die verband dat die doel van onderhoude “is to allow us to enter into the other person’s perspective” (Patton 2002: 341). Deur gebruik te maak van in-diepte onderhoudvoering word respondente ‘n stem gegee om hulle gevoelens en ervaringe te verwoord. Du Plooy-Cilliers, Davis & Bezuidenhout sluit hierby aan as hulle sê:

> Interpretivist researchers aim to study reality subjectively and, as a result, they use methods that are sensitive to the context and that will help them to gain an in-depth understanding (Du Plooy-Cilliers, Davis & Bezuidenhout 2014: 31).

In-diepte onderhoude staan ook somtyds bekend as ongestruktureerde onderhoude of "die gesprek met 'n doel" waar die doel nie is om te evalueer nie (De Vos (ed.) 2010:348). Ongestruktureerde onderhoude stel belang om die ervaringe van ander mense te begryp, asook die betekenis wat hulle aan hulle ervaring koppel (De Vos (ed.) 2010:348). In die verband maak Marshall & Rossman (2006:101) 'n belangrike punt as hulle sê dat die belangrikste aspek van die onderhoudvoerder se benadering die gesindheid is wat die standpunt van die deelnemer as waardevol en nuttig kommunikeer. Alhoewel hierdie tegniek soms ongestruktureerd genoem word, is dit misleidend want ongestruktureerde onderhoude is gestruktureerd op verskeie maniere. In 'n poging om hierdie onderhoude te struktureer en die misleidende idee van 'n "ongestruktureerde" onderhoud te verdryf, het die navorser 'n onderhoud skedule gebruik (Bylae B).

Hierdie navorsing sal dus gebruik maak van in-diepte onderhoude om inligting van die tagtig plus ouer persoon te verkry in die lig daarvan om voordeel te trek uit hul eie ervaring van bejaardheid asook personeel en geestelike leiers betrokke by die pastorale versorging van die tagtig plus ouer persoon. Dus, teorie sal gegenereer word uit data verkry van die tagtig plus ouer person, personeel betrokke by die versorging van die tagtig plus ouer persoon sowel as die perspektiewe van die geestelike leiers self, binne die raamwerk van gegronde teorie. Die studie verwag dat dit makliker sal wees om inligting van die deelnemers te bekom in 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting as enige ander data-insameling tegniek.

Die voordele van 'n in-diepte onderhoud sluit onder andere in: buigsaamheid, deelnemer se perspektief, hoër terugvoer wat 'n ryke verskeidenheid van data tot gevolg het, insig word verkry

en inligting gegee, die gesprek is nie gestruktureerd nie en nie-verbale gedrag is waarneembaar. Nadele sluit onder andere in: vooroordeel teenoor die respondent, afdwaling van die onderwerp, uitputting van respondente en die invloed van die navorser.

## 2.5. POPULASIE

Alhoewel hierdie navorsing belangstel in hoe die emosionele en geestelike versorging van die tagtig plus ouer persoon gerealiseer kan word in die algemeen, is die populasie beperk tot individue in Mosselbaai wat bestaan uit die tagtig plus ouer persoon in versorgingsentrums, hul verpleegpersoneel, die wat nog selfversorgend is en geestelike leiers uit verskillende denominasies betrokke by die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon.  Oor die grootte van die steekproef gee Patton die volgende verduideliking:

> There are no rules for sample size in qualitative inquiry.  Sample size depends on what you want to know, the purpose of the inquiry, what's at stake, what will be useful, what will have credibility, and what can be done with available time and resources (Patton (1990: 184).

Omrede dit onmoontlik vir ‘n navorser sal wees om almal in Mosselbaai by die studie te betrek, is dit nodig om sekere grense vas te stel.  Mason verduidelik die doel van ‘n steekproef soos volg:

> Essentially, the work you are asking of your sample is to help provide you with the data which you will need to address your research questions (Mason 2002: 121).

Neuman voeg hierby:

> The primary purpose of sampling is to collect specific cases, events, or actions that can clarify and deepen understanding (Neuman 2011:219).

Dit moet dus bruikbare en betekenisvolle empiriese konteks voorsien.

‘n Besluit oor die totale aantal deelnemers word slegs aan die einde van die navorsing gemaak, anders as in die geval met kwantitatiewe navorsing is dit nie nodig om in gegronde kwalitatiewe navorsing die aantal respondente vooraf te bepaal nie. Die rede soos Bryant & Charmaz (2007:608) tereg opmerk is dat die navorser betrokke is by die data ontleding soos data versamel word en voeg hulle by: “we use this data analysis to inform and shape futher data collection”.

Terwyl die studie vir praktiese redes beperk word, asook om die beheer van die studie te vergemaklik, plaas hierdie beperking 'n onvermydelike swakheid op die studie. Hierdie beperking maak dit onmoontlik om bewerings oor hoe die emosionele en geestelike versorging van die tagtig plus ouer persoon in die algemeen gerealiseer kan word, te maak. Ten spyte hiervan kan lesse van onskatbare waarde oor die tagtig plus ouer persoon en hoe daar in hulle behoeftes aan emosionele en geestelike versorging voorsien kan word, nog steeds geleer word.

Dit is gewoonlik nie ‘n groot bron van kommer nie omrede die doel nie is om resultate te veralgemeen nie. Daar word eerder gekyk na die wyse waarop persone sekere belewenisse ervaar. Die ervarings van die deelnemers in die studie is belangrik en die doel is nie om hulle

ervarings op die res van die bevolking toe te pas nie, maar om tot ’n diepte-insig te kom in bepaalde individue se sienings en belewenisse van pastorale sorg.

## 2.6. TEORETIESE STEEKPROEF

Bertaux en Bertaux-Wiame (1981) in Emmel (2013:46) beskryf steekproefneming as teoreties of doelgerig. Mason (2002: 127-138) beskou dit as 'n organiese praktyk wat dwarsdeur die navorsing groei en ontwikkel. Volgens Glaser and Strauss word daar na teoretiese steekproef verwys as:

> The process of data collection for generating theory whereby the analyst jointly collects, codes and analyses his/her data and decides what data to collect next, and where to find them in order to develop his/her theory as it emerges (Glaser and Strauss 1967: 45).

Teoretiese steekproefneming is ‘n metode wat gebruik word in kwalitatiewe navorsing wat te werk gaan om ‘n teorie in kwalitatiewe navorsing te genereer deur die empiriese sosiale wêreld te ondersoek.

Teoretiese steekproefneming verskil van konvensionele metodes van steekproefneming in die sin dat dit op die data reageer eerder as om dit voor die tyd vas te stel (Corbin & Strauss 2008:144). Die responsiewe benadering maak steekproefneming oop en meer buigsaam, voeg Corbin & Strauss (2008:144) by. Dus, data-insameling en die gepaardgaande omvang van die deelnemers

word beheer en bepaal deur opkomende teorie waar deelnemers teoreties gekies word soos teorie na vore kom uit die ingesamelde data.

Die manier waarop die navorser inligting versamel en dit wat hy met die navorsing wil bereik, speel ‘n belangrike rol in die navorser se keuse van steekproefmetode (Du Plooy-Cilliers, Davis & Bezuidenhout 2014: 131). In gegronde teorie word data-insameling deur die ontwikkelende teorie beheer (Charmaz 2006:96). Kwantitatiewe navorsing aan die ander kant maak staat op statistiese steekproefmetodes soos ewekansige steekproefneming of die waarskynlikheid steekproefmetode. Kwalitatiewe navorsers trek selde ’n verteenwoordigende steekproef vanuit ’n groot aantal gevalle om hierdie steekproefgevalle intensief te bestudeer, wat juis die doelwit in kwantitatiewe navorsing is (Neuman 2007:141).

In terme van teoretiese steekproeftrekking word die opkomende teorie bepaal en beheer deur die proses van data-insameling en die geassosieerde omvang van die deelnemers. Charmaz (2006:101) beklemtoon dat dit nie hier gaan oor ‘n verteenwoordigende populasie of die statistiese veralgemeenbaarheid van jou resultate nie, maar eerder oor konsepte en die ontwikkeling van teorieë. Die navorser besluit self watter data nog benodig word en waar dit verkry kan word. Deelnemers met spesifieke ervarings of in wie beduidende konsepte voorkom word doelbewus deur die navorser gekies (Bryant & Charmaz 2007:240).

Hierdie steekproeftrekking word ook doelgerigte steekproeftrekking genoem. Die fokus in terme van doelgerigte steekproeftrekking is die rykheid of diepte van die data, soos Patton dit tereg sê:

> The logic and power of purposeful sampling lies in selecting information rich cases for study in depth (Patton 1990:169).

In ander woorde die navorser is geïnteresseerd in deelnemers wat sekere eienskappe en inligting toon. Hoe baie respondente aan die onderhoud deelneem hang op die ou einde nie soseer af van die respondente wat vooraf bepaal is nie, maar op die vraag of die inligting wat die kategorieë vereis versadig is. Die steekproefgrootte is dus onderhewig aan die bereiking van 'n versadigingspunt. Outeurs wat meestal oor metodologiese reëls skrywe se advies aan leerders is, dat die versadigingspunt bereik word wanneer hulle niks nuuts meer hoor nie (Bryant & Charmaz 2007:117). Sandelowski dryf hierdie selfde punt as sy sê:

> At this point, researchers are comfortable that the properties and dimensions of the concepts and conceptual relationships selected to render the target event are fully described and that they have captured its complexity and variation(Sandelowski 2008: 875).

In die konteks van die huidige studie is deelnemers gekies uit verskillende gemeentes in Mosselbaai wat tagtig plus ouer is, selfversorgend is asook hulle wat deur instansies versorg word, geestelike leiers betrokke by die geestelike en emosionele versorging van hierdie ouer persone en personeel van die instansies wat help met hulle versorging. Hoewel die deelnemers nie vooraf bepaal is nie word die volgende kategorieë in ag geneem, naamlik: ouderdom (80+), geslag (manlik en vroulik), afhanklikheid (selfversorgend of instansie), hoedanigheid (leier of personeel of ouer persoon 80+).

## 2.7. DATA-ONTLEDING

Hierdie navorsing gebruik gegronde teorie analise in die ontleding van data. Evans (2007: 194) beskrywe die drie basiese elemente waaruit gegronde teorie saamgestel is, as:

- konsepte - die primêre eenhede wat ontleed moet word,
- kategorieë - die "hoeksteen" vir die ontwikkeling van 'n teorie,
- proposisies - dui die algemene verhoudings tussen kategorieë en konsepte aan.

Strauss en Corbin beweer dat:

> Analysis is the interplay between the researcher and the data (Strauss en Corbin 1998:13).

Woorde, sinne en paragrawe word letterlik uitmekaar gehaal. Data word opgebreek en oopgebreek in 'n poging om sin daaruit te maak, dit te interpreteer en te teoretiseer. In gegronde teorie analise is dit belangrik dat data-insameling deur onmiddellike ontleding opgevolg word omdat dit verdere data-insameling rig. Dus, data insameling en data ontleding is interafhanklike prosesse, aangesien die navorser onmiddelik data ontleed sodra dit beskikbaar is.

Volgens Evans (2007: 175) behels kwalitatiewe navorsing die vorming van nuwe konsepte en die verfyning van konsepte wat gegrond is in die data en dat hierdie konsepvorming 'n integrale deel is van die data-analise fase en reg aan die begin van data-insameling begin. Neuman (2000:163) sê verder dat 'n kwalitatiewe navorser data ontleed deur die organisering daarvan in kategorieë op grond van temas, konsepte of soortgelyke funksies.

Dus, soos wat hierdie kategorieë, temas en konsepte na vore kom uit die data word hulle ontleed voordat daar met die volgende onderhoud voortgegaan word. By hierdie punt begin die teorie formuleringsproses reeds. In die proses soek die navorser vir patrone of verhoudinge terwyl data steeds versamel word.

Volgens Trochim (2006) sluit data-analise in gegronde teorie die volgende sleutel analitiese strategieë in:

- Kodering. In gegronde teorie word data-ontleding hoofsaaklik deur kodering gedoen. Dit verwys na die proses vir beide kategorisering van data en die beskrywing van die implikasies asook besonderhede van die geïdentifiseerde kategorieë.
- Memo's. Dit verwys na die proses waar die navorser sy/haar gedagtes en idees aanteken soos hulle ontwikkel dwarsdeur die studie.
- Geïntegreerde diagramme en sessies. Hierdie diagramme en sessies word gebruik om, met respek tot die opkomende teorie, al die besonderhede van die data saam te trek om te help sin maak.

Navorsingsdata word versamel deur onderhoude te voer. Nadat die navorser sy eerste drie onderhoude getranskribeer het en die leesproses voltooi is, is die data met behulp van Microsoft Excel deur die navorser geanaliseer. Met die navorsingsvraag voortdurend in gedagte is daar met die analiseringsproses begin. Dus, terwyl die versamelingsproses nog aan die gang was, is die data ontleed, alhoewel op 'n voorlopige wyse. Die navorser het gemeenskaplike temas, of kategorieë wat uitklaring gee oor hoe die emosionele en geestelike versorging van die groeiende

getal tagtig plus ouer persone deur die Mosselbaai geloofsgemeenskap gerealiseer kan word, geïdentifiseer. Daar is aan elke geïdentifiseerde tema ‘n kleurkode toegeken. In die oop koderingsfase is klein gedeeltes (sleutelwoorde) van die data (dit wat die deelnemers gedeel het) geselekteer om sodoende aanvanklike konsepte te identifiseer. Op hierdie manier kon patrone wat gevorm word beter geïdentifiseer word. Temas wat werklik 'n weerspieëling van die deelnemers se reaksies was kon deur hierdie proses na vore kom. Die oorspronklike kodes is hersien namate meer onderhoude gevoer was en ander kodes dus meer prominent geword het. Hierdie eerste fase in die kodering van die data het die navorser gehelp om daardie terreine te identifiseer waar daar nog ‘n gebrek aan inligting was. Dit het die navorser genoodsaak om meer data te versamel sodat hierdie gapings of gate met nuwe data gevul kon word.

Daarna het die navorser met aksiale kodering begin. Op soek na georganiseerde gekodeerde temas het die navorser ondersoek ingestel na kategorieë en konsepte wat saamgevoeg kan word. Tydens hierdie koderingsproses is die data vir ‘n tweede keer deurgegaan. Die fokus was egter nie meer op die data per se nie, maar op die aanvanklike gekodeerde temas. Die navorser het dus kategorieë byeengebring met die doel om sekere hooftemas te verteenwoordig.

Nadat die navorser die hooftemas geïdentifiseer het in die vorige stappe, is selektiewe kodering gedoen om die navorser te lei om die hooftemas rondom die kern of sentrale kategorie byeen te bring, wat die sentrale fenomeen van die huidige studie verteenwoordig het, naamlik die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persone.

Die resultate van die koderingsproses en die temas wat deur middel van die verwerking

en analisering van rou data, na vore gekom het word verder in hoofstuk vier en vyf bespreek. Die resultate sal aangebied word deur direkte aanhalings uit die rou data te gebruik ter stawing van die spesifieke tema wat ter sprake is.

## 2.8. ETIESE OORWEGINGS

Hierdie navorsing, soos alle navorsingsprojekte, gee die nodige aandag aan etiese oorwegings wat ernstig geneem moet word. In kwalitatiewe navorsing word veral gefokus op "getting in and getting close to" (Pugsley & Welland 2002:1). Interaksie met ander mense bring etiese kwessies na vore en daarom moet daar altyd aandag gegee word aan die moontlike gevolge weens die interaksie met die mense betrokke in die ondersoek.

Hierdie inbreuk maak op mense se lewens waar die deelnemer se menswees blootgestel word, het tot gevolg dat die navorser onderwerp word aan etiese verpligtinge. Babbie & Benaquisto (2010:63-74) lê veral klem op respek vir die respondente en vrywillige deelname deur die respondente. Die studie onderneem om sensitief te wees vir etiese kwessies wat, volgens Babbie, vereis word in alle navorsing (Babbie 1989: 472). Hierdie sensitiwiteit hou hoofsaaklik verband met die volgende: die welsyn van die deelnemers, vrywillige deelname en vertroulikheid.

### 2.8.1 DIE WELSYN VAN DIE DEELNEMERS

Die studie fokus op die tagtig plus ouer persoon van die Suid Afrikaanse populasie. Kenmerkend van sosiaal-wetenskaplike navorsing, is hierdie navorsing gedoen op so 'n manier

dat die regte en welsyn van die deelnemers nie geskend is nie. Die doel van die navorsing is om by te dra tot die ontwikkeling van sistematiese kennis. Hierdie studie is dus uitgevoer met die ingesteldheid dat beide fisiese en emosionele skade aan die deelnemers vermy moet word en die moontlikheid van sodanige skade uit te skakel. Die navorsing verloop dus met uiterste sorg en waaksaamheid om hoegenaamd nooit enige deelnemers aan skade bloot te stel nie.

Die duidelikste voorbeeld van hierdie norm in die praktyk gaan oor die openbaarmaking van inligting wat kan lei tot die skending van mense se privaatheid, hulle menswaardigheid, sosiale status, ensovoorts. Dit geld ook vir die tagtig plus ouer persoon, verpleegpersoneel en geestelike leiers wat aan hierdie navorsing deelneem. Dit is om dié rede dat die identiteit van die deelnemers nie in hierdie studie geopenbaar is nie. Instede daarvan word elke deelnemer deur letters van die alfabet geïdentifiseer beginnende met die eerste onderhoud gevoer, byvoorbeeld deelnemer 1 is dus na verwys as “A”, deelnemer 2 as “B”, deelnemer 3 as “C”, ensovoorts, afhangende van die punt waar teoretiese versadigingspunt bereik word. Respondente is verder die keuse gebied om slegs vrae waarmee hulle gemaklik was, te beantwoord en so is daar toegesien dat hulle nie emosioneel benadeel is nie. In alle dokumentasie is daar slegs na skuilname verwys, wat verteenwordig word deur die letters van die alfabet.

## 2.8.2. VRYWILLIGE DEELNAME

Bykomend tot die bogenoemde, het die studie probeer om sover dit moontlik is, te voldoen aan die norm van vrywillige deelname. Dit is die norm soos deur Babbie onderskryf (1989: 473). Hy voeg by dat dit 'n norm is wat baie makliker is om in teorie te aanvaar as in die praktyk. Hierdie studie verloop dus met daardie erkenning dat dit moeilik is om aan hierdie norm te

voldoen.  In die seleksie van die deelnemers, was briewe aan voornemende deelnemers gestuur om hul bereidwilligheid te bevestig om deel te neem (Bylae A).  Op hierdie wyse het respondente 'n keuse gehad om deel te neem aan die studie en kon op enige tyd gedurende die studie van die studie onttrek indien hulle sou wou.  Alle vrae en moontlike onduidelikhede wat ten opsigte van die studie bestaan het, is ook met respondente bespreek alvorens met die studie begin is.

### 2.8.3. VERTROULIKHEID

Die respondente was die versekering gegee in die toestemmingskrywe dat inligting as anoniem en vertroulik hanteer sal word en dit was ook sodanig aan die respondente verduidelik voor die aanvang van die onderhoud.  Die navorser het ook die respondente vooraf ingelig dat die gesprekke digitaal vasgelê sal word, maar dat hulle anoniem sal bly.  Die anonimiteit van die respondente is verseker deurdat geen name vermeld is in die dokument nie.  Die respondente se response is te alle tye gerespekteer.

## 3.9. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetode, navorsingsontwerp en ook kwessies wat verband hou met die navorsingsmetode geskets.  Die empiriese deel (veldwerk) van die navorsing word in die vierde hoofstuk gerapporteer.

# HOOFSTUK 3

# LITERATUUROORSIG

## 3.1. INLEIDING

'n Betreklik uitgebreide literatuurstudie van bestaande bronne wat pastoraat, praktiese teologie, veroudering en bejaardheid insluit word in hierdie hoofstuk onderneem. Volgens Du Plooy-Cilliers, Davis & Bezuidenhout (2014: 287) is die algemene doel van 'n literatuurstudie om die huidige stand van kennis oor 'n bepaalde probleem te verstaan. Kortom wil die navorser leer van ander en sodoende gestimuleer word om nuwe kennis op te doen. Verder sal die navorser dit wat reeds aan die studie bekend is integreer en opsom.

## 3.2. PASTORALE VERANTWOORDELIKHEID

Koenig (1994:xvii) begin sy boek "Aging and God" met hierdie volgende stelling:

> Successful aging is possible for every older person, even in the midst of circumstances that on the surface would appear dismal and hopeless.

Dit is tog sekerlik ons almal se droom om te midde van ons omstandighede op 'n hoë ouderdom nog steeds die lewe te geniet. 'n Besoek aan 'n tehuis van bejaardes en jy word omring deur mense wat in die laaste fase van hul lewe is. Jy kyk om jou rond en sien die weerlose gesigte, die afwesigheid van familie en vriende, die droom van 'n langer lewe wat nie altyd in 'n

gelukkige werklikheid omskep is nie, ensovoorts. Vervolgens word jy gekonfronteer met jou eie drome van suksesvol veroudering, wie gaan eendag as jy oud is vir jou sorg/omgee, hoe kan die gemeente hulle bejaardes bystaan om te midde van hulle omstandighede sinvol te leef, ensovoorts? Dit is in werklikheid ‘n vraag na die pastorale verantwoordelikheid van elke gelowige.

## 3.3. DIE STUDIE BINNE DIE VAKGEBIED VAN PRAKTIESE TEOLOGIE

### 3.3.1. DEFINISIE VAN PRAKTIESE TEOLOGIE

Dit is beslis ‘n vraag aan die praktiese teoloog soos gedemonstreer deur Steyn en Masango:

> This understanding and interpretation of human needs points to a theological and hermeneutical analysis of a practical-pastoral problem. In this context, we mean that pastoral problems cannot be separated from their urge to caregivers to find solutions in the praxis of the same. Furthermore, this understanding and interpretation should also provide the caregiver with the motivational means to offer this pastoral care from within his or her theological convictions (Steyn en Masango 2011:02).

Ter aansluiting hierby sê Swinton en Mowat:

> By beginning its theological reflection within the human experience of life with God, rather than in abstraction from such experience, Practical Theology take seriously the

> action of God in the present and as such offers a necessary contextual voice to the process of theology and theological development (Swinton en Mowat 2006:06).

Dit bevestig ook my benadering tot praktiese teologie, dat in die proses om mense te help om sin te probeer maak uit hulle belewenisse met God moet die pastor/teoloog haarself/ homself vergewis van die konteks van die hulpbehoewende asook verskuiwings wat plaasvind in die manier waarop hulle behoeftes en probleme van die lewe ervaar.  Dit maak dus erns met die ervarings van mense.  Die evangelie word tog immers nie net geglo nie maar ook geleef.  Dit beteken verder dat daar gekyk word na mense se verstaan en sinvolle ervaring van God binne kontekste en relasies. Dus, die pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon sal binne ‘n plattelandse konteks plaasvind wat beteken dat hulpverlening gedoen word met in agneming van die konteks van die tagtig plus ouer persoon.

In my soeke na ‘n definisie was ek oorweldig deur die hoeveelheid pogings om praktiese teologie te beskryf.  Die volgende drie definisies het ek vir die studie uitgesonder:

Hawkes beskrywe praktiese teologie as:

> A critical study of contemporary activities and experience of Christians and of the church in relation to God's will and purpose for them (Hawkes 1989:29).

Heyns and Pieterse voeg hierby:

> Practical theology is a study that seeks to help humans to encounter God and live in fellowship with God and other people (Heyns & Pieterse 1990:7).

Om die kern-identiteit van praktiese teologie verder te omlyn verwys ek na Swinton en Mowat se definisie vir praktiese teologie:

> Practical Theology is critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world, with a view to ensuring and enabling faithful participation in God's redemptive practices in, to and for the world (Swinton en Mowat 2006:06).

Uit bogenoemde definisies is dit duidelik dat ons hier te make het met meer as net 'n prosedure wat die praktiese uitwerking van 'n mens se teologie behels. Dit gaan oor die doen van teologie in die praktiese werklikheid van die evangelie en die leefwêreld van die gelowige. Kortom, worstel dit met die spanning tussen teorie en praktyk en hoe die werklikheid van die gelowige en die werklikheid van God bymekaar gebring kan word.

Die definisies beklemtoon vir my die volgende:

- Dit is 'n kritiese, reflektiewe aktiwiteit wie se taak dit is om te evalueer en wat aannames en modelle in die praktyk bevraagteken.

- Dit behels teologiese besinning wat beteken dat teologie die primêre bron van kennis is wat die hermeneutiese raamwerk waarbinne praktiese teologie sy taak uitvoer, stuur en voorsien.
- Die studie-objek van praktiese teologie is die huidige religieuse praxis.
- Dit neem dus menslike ervaring ernstig want dit is 'n “plek” waar die evangelie gegrond is, beliggaam, geïnterpreteer en uitgeleef word.
- In praktiese teologie word nagedink oor dit wat in die gemeente gebeur en oor die geloofshandelinge van mense in die gemeente en in die samelewing.
- Die praxis wat praktiese teologie studeer word binne die raamwerk van die komende Koninkryk van God geplaas.
- Praktiese teologie is teologie in konteks.

Die spilpunt waarom praktiese teologie vir my draai is die kwessie van “seek to understand” en “guiding and transforming of future practices which will inform and shape the life of faith” (Swinton & Mowat 2006:11-12). Die navorser kan eers waarlik verstaan as hy betrokke is want betrokkenheid lei tot ware verstaan.

Ter wille van die navorsing en die konteks van die studie het die navorser die volgende definisie saamgestel:

> Praktiese Teologie behels ‘n kritiese bestudering van gelowiges se handelinge as pogings tot kommunikasie van die evangelie waar eietydse aktiwiteite en ervaring van Christene in bepaalde ontmoetingsgestaltes na vore tree met die doel om teologies te besin of te

reflekteer oor die die kompleksiteit van die ontmoetingsgestaltes en die wyse waarop mense sin probeer maak uit hulle omstandighede om getroue deelname in die Drie-enige God se voortgesette missie en interaksie met die wêreld te verseker en in staat te stel.

Praktiese teologie is met ander woorde prakties en betrokke. Dit is betrokke by God, betrokke by Sy koninkryk, Sy mense en Sy wêreld. In wese gaan dit om die wisselwerking tussen waarneming, ervarings en kennis (Dreyer, Hestenes et. al. 1999:35). Menslike ervaring speel ’n belangrike rol en dit is ook die beginpunt van praktiese teologie wat hom dan onderskei van ander teologiese dissiplines (Swinton & Mowat 2006:05).

Menslike ervaring is 'n plek waar die evangelie gegrond is, beliggaam, geïnterpreteer en uitgeleef word (Swinton & Mowat 2006:05). Praktiese teologie se fokus is ‘n transformerende handeling of aktiwiteit wat ontdek en geïnspireer word deur die navorsingsproses, dit is dus fundamenteel die navorsing van handelinge of aksies en daarby word bedoel dat, nie net alleen word die wêreld ondersoek en waargeneem nie maar dit wil graag die wêreld verander (Swinton & Mowat 2006:255-256).

Die gemeente staan voor die wonderlike uitdaging om hoop en betekenis te realiseer in hierdie ouer persone se lewens en sodoende hulle lewenslas ligter te maak deur saam met hulle daaraan te dra. Dit is daarom belangrik dat gemeentes saam met die tagtig plus ouer persoon sal reis in ‘n verhoudingsgerigte omgee ten einde hulle emosionele en geestelike behoeftes te begryp en sodoende meer effektief te wees in hulle pastorale versorging.

### 3.3.2 PRAKTIESE TEOLOGIE AS KOMMUNIKATIEWE HANDELINGSTEORIE

Praktiese teologie het ‘n teologiese identiteit. Pattison en Woodward verwoord dit soos volg:

> Practical theology is theological in two ways. In the first place, it takes the insights and resources of the Christian religious tradition of belief and practice, such as the Bible, theology and liturgy, as primary resources for its understanding and activity. Second, it aims to make a contribution to Christian theology and understanding. Thus, practical theologians may be able to help alter, deepen, or even correct theological understandings (Pattison en Woodward 2000:8).

Toegepas op die navorsing beteken dit dat Bybelse beginsels in ag geneem sal word wanneer dit op die pastorale situasie van toepassing gemaak word. Dit sal ook gebruik word as riglyn waar gedrag reggestel moet word en oplossings vir probleme gevind moet word. Veroudering word vanuit ‘n prakties teologiese hoek bekyk: dit is een wat gewortel is in en betrokke raak by mense se geleefde werklikheid.

Dit is dus steeds besig met die evangelie van Jesus Christus. Vir Pieterse (1993:02) gaan dit spesifiek om die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge soos prediking, viering van die heil in die erediens, pastorale sorg, kerklike onderrig, diens (diakonia), gemeentebou, ensovoorts. Prediking, onderrig, viering, diens en sorg is dus almal geloofshandelinge in die kerk.

Dié navorsing is veral gemoeid met die handelingsvelde "sorg" en "diens". Dit wil die barmhartigheid wat God aan ons bewys het prakties gestalte gee deur na die huidige praxis ten opsigte van barmhartigheidsdiens, in die konteks van die tagtig plus ouer persoon, te kyk asook maniere te ondersoek waarop die evangelie van liefde en omgee aan hulle gekommunikeer kan word.

In pastoraat of pastorale werk, wat deel uitmaak van praktiese teologie, gryp die berader in mense se lewens in sodat die koninkryk van God in hulle lewens kan realiseer. "Pastoraat is derhalwe deel van die Christelike geloofshandelinge wat die wese en die effek van die evangelie van Jesus Christus oordra" skrywe De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:135).

Hierdie geloofshandelinge kan as kommunikatiewe handelinge gesien word. "Its perspective can be described as an operational and communicative approach in the light of Scripture" (Pieterse 1998: 160). Firet in Pieterse (1993:02) omskryf dit as "kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie" wat in diens staan van die kommunikasie tussen God en mens, en mens en mens binne die geloofspraktyk. Dit geskied in die geloof en het te doen met die omgang van gelowiges met mekaar. Verder verseker "handelinge in diens van die evangelie" die teologiese gehalte van die praktiese teologie. Kortom, dit sluit die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad in van gelowiges en moet dus ook binne 'n konteks verstaan word (Dreyer 1995:795). Dus, die bron van die handelinge het te doen met die ontmoetingsgebeure binne die ontmoetingsgestaltes van mense en God (Pieterse 1993:02).

Die dienswerk van die gemeente, en in hierdie konteks die pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon, behoort dus vanuit die perspektief van die kommunikasie van die evangelie bestudeer te word. Dit vra dus na 'n teologiese vertolking om die situasie te verander in die rigting van die ideaal. Dit is dus nodig om in die bestudering van die pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon te fokus op die kommunikatiewe inhoud daarvan.

Dit gaan dus nie net om enige handeling nie, maar om kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Dit is "kommunikatief" wat impliseer dat dit verbaal en/of nie-verbaal kan wees, dus sluit dit nie slegs die gebruik van taal in nie, maar 'n verskeidenheid van uitinge deur mense - hoe dit ook al in verhouding, reaksie, of doelbewuste woorde of dade geskied (Pieterse 1993:06). Die navorser hoop dat met hierdie benadering onderlinge begrip vir mekaar sal ontstaan deur die deel, die meedeel en vertolking van krisiservarings in die lig van God se openbarings.

Firet stel dit so:

> Practical theology does not deal with human action in general, neither with the action of the believer nor the person who acts in the service of God, but specially with action that has to do with the actualisation and the maintenance of the relationship between God and humanity, and humanity and God (Swinton & Mowat 2006:257-258)

Praktiese teologie ondersoek dus daardie ontmoeting tussen God en mens, en is veral geïnteresseerd in die rol van die mens tydens hierdie ontmoeting (Heyns & Pieterse 1994:07,42). God wil ook die ouer persoon ontmoet, en die ouer persoon, God. Binne die veld praktiese teologie vervul die ouer persoon 'n belangrike rol, juis omdat die ouer persoon vir God belangrik is.

Om meer duidelikheid te gee oor die praxis wat die praktiese teologie bestudeer, maak Pieterse (1993:42) 'n belangrike punt as hy verduidelik dat nie slegs die handelinge van die pastor nie, maar die handelinge van die gemeente, naamlik kerugma, leitourgia, koinonia en diakonia bestudeer word. Kommunikatiewe geloofshandelinge open die veld vir die funksionering van die kerk as geloofsgemeenskap omdat alle gemeentelede (die pastor inkluis) in diens van die evangelie optree met die gevolg dat die interaksie tussen die kerk, samelewing en Christendom in breë sin as kommunikatief gestempel word (Pieterse 1993:43).

Nel onderskryf dit as hy sê:

> This communicative praxis takes place in the light of God's communicative actions in the Bible. He sent his Son and He is still continuing to speak to us through his Spirit. People in the church community communicate with one another and with people outside the church community to serve the cause of the gospel (Nel 1996:16).

Hieruit is dit duidelik dat praktiese teoloë die gemeente nie soos die sistematiese teologie of dogmatiek benader nie, want praktiese teoloë is meer geïnteresseerd in die verstaan en verklaar

van kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie. Die “in diens van die evangelie” kwalifiseer die feit dat praktiese teologie deel is van die teologie omdat dit die bestudering van mense se geloof en geloofsuitsprake oor God is. Wanneer dit verstaan word as ‘n teologie wat saam met mense in ‘n samelewing soek na sin, bied dit ook potensiaal vir betekenisvolle transformasie. Nie net alleen moet dit teoreties nadink oor die geleefde geloof nie maar ook oor die praktiese gestaltegewing daarvan.

Die navorsing is ‘n poging om hoop en verandering te bring in ‘n situasie waar die tagtig plus ouer persoon se behoefte aan geestelike en emosionele versorging meer veeleisend geword het en kontak tussen die gemeente en die ouer persoon bo tagtig al minder word weens verskeie redes, na een van bewuswording en beter verstaan en omgee van mekaar, juis omdat liefde die kern van die evangelieboodskap is.

Louw (1993:viii) verduidelik dat praktiese teologie oor drie wesenlike komponente handel, naamlik: (a) kommunikasie en verstaan waar dit betrokke is by die interaksie van die verbondsmatige ontmoeting en dialoog tussen God en mens, (b) konkretisering en handeling waar dit gaan om die konkrete effek van die heil met die oog op die ontwerp van geloofsgedrag wat sin genereer, asook (c) bevryding en sin waar praktiese teologie betrokke is by die gebeure van transformering met die oog op die diens van die gemeente aan die wêreld.

Hierdie navorsing is betrokke by die interaksie van die gemeente en die tagtig plus ouer persoon se geestelike en emosionele versorging waar God die mens en die mens God ontmoet met die oog op die ontwerp van geloofsgedrag wat sin genereer en in die proses betrokke is by die

pastorale handelinge van transformering met die oog op diens van die gemeente aan die tagtig plus ouer persoon en visa versa.

### 3.3.3. BENADERINGE TOT PRAKTIESE TEOLOGIE IN SUID AFRIKA

Daar bestaan in die praktiese teologie as vakgebied wêreldwyd ’n verskeidenheid van strominge. Dit kan toegeskryf word aan die duidelike aksentverskille of soos Ganzevoort (2009:13) dit noem: “...the forks in the road that define our movements”. Die drie verskillende benaderings wat volgens Pieterse (1998: 159-161) in sy artikel “Practical Theology in South Africa” beskryf word na gelang van Coenie Burger se navorsing op die terrein van praktiese teologie, is die konfessionele (diakoniologiese), die korrelatiewe of handelingswetenskaplike (kommunikatiewe) en die kontekstuele benadering. Al drie benaderinge beklemtoon die evangelie en koninkryk van God. Dit gaan dus om ‘n geloofsverbintenis waar die kerk sentraal staan.

Hierdie navorsing is volgens die handelingswetenskaplike metode aangepak. Die Skrif word as kenbron gebruik maar in korrelasie tussen teorie en praxis (Louw 1993:75). ‘n Korrelatiewe interafhanklikheid tussen teologie en ander wetenskappe ontstaan dus, byvoorbeeld deurdat eksistensiële vrae binne ‘n bepaalde situasie gevra word en geloofsantwoorde gesoek word.

Louw verduidelik dit soos volg:

> Die dialoog met ander geesteswetenskappe dwing die praktiese teologie om al meer van die fenomenologiese metode gebruik te maak en te fokus op menslike gedrag (Louw 1993:78).

Pieterse (1993:107) is van mening dat hierdie benadering die wetenskaplike karakter van die vak gevestig het, ’n verbreding van die objek vir die vak teweeggebring het en dat dit die perspektief van die kerk verruim het. Algemene kenmerke volgens J Wolfaardt aangehaal deur Pieterse (1998:159) is:

- Die praktiese teologie bestudeer nie in die eerste plek ’n boek nie, maar ’n handeling of handelinge.
- Hierdie handelinge is kerklike of gelowiges se pogings tot kommunikasie van die evangelie.
- Die Skrif word ook hier beklemtoon as die kenbron en norm wat eerder op ’n indirekte as direkte wyse funksioneer.
- In hierdie benadering word ruimte gelaat dat geloofservaringe en ander sekulêre menswetenskappe die teologiese insigte kan verruim.
- Die praktiese teologie word op meer induktiewe as deduktiewe metode bedryf.
- Hoewel die kerk en haar werk wel in fokus bly, is die gerigtheid wyer as die van die konfessionele groep.
- Die benadering kom meer voor by akademici en universiteite met ‘n interdenominasionele inslag.
- Die aanbieding van die vak is minder gerig op die opleiding van kerkleiers.
- Ekumene is hier sterker ter sprake.
- Teologiese teorie word hier belangriker geag as by die diakoniologiese benadering se bestudering van die Bybel per se.

Die geloofshandeling van die Kerk wat op hierdie studie betrekking het, is die geloofshandeling van sorg wat vanuit ‘n koninkryksperspektief die samelewing in sy breedste sin bedien. Op hierdie wyse word die kerk in ekumeniese sin as deel van die samelewing gesien (Pieterse 1993:107). Vanweë ‘n dialoog tussen die praktyk en die Woord, of die praxis en die teorie word die afstand tussen teologie en praktyk oorbrug wat beteken dat die handelingswetenskaplike benadering meer werklikheidsgetrou is want die teologiese teorie word in noue wisselwerking met die praktyk ontwikkel.

Die geloofshandeling van sorg is gerig tot mense in verskillende omstandighede en die tagtig plus ouer persone is deel van die kerk se gerigtheid waar sy sorg aan mense wil verleen. Dikwels word hulle vergeet daar waar hulle in die tehuis vir bejaardes bly en word meer aandag gegee aan die versorging van die aktiewe lidmate. Dalk word hulle nie vergeet nie maar uit onkunde nie ondersteun nie want soos Malan en Dreyer (2009:01) opmerk is predikante nie altyd ten volle op hoogte van ouer persone se behoeftes nie en is hulle dikwels onseker oor die rol wat hulle werklik behoort te vervul. Knight voeg ook hierby:

> Continued work with older adults and the writing of Older Adults in Psychotherapy (Sage, 1992) have made it clear to me that working with emotionally distressed older adults very often means working with older adults who are chronically ill or physically disabled and who are struggling to adjust to these problems (Knight 2004:23).

Uit die aard van die saak gaan dit oor wat God in en deur die gemeente doen en dit wat God in die samelewing doen.  Ons glo dat God ‘n besondere plek vir die ouer persone het en ons betrokkenheid is maar net ‘n konkrete toepassing van God se liefde.  Die navorser vertrou dat vanuit die navorsing ‘n pastorale ontmoeting en gesprek, dit wil sê die interaksie en dialoog tussen God en mens (ouer persoon), sal voortvloei.

## 3.3.4. PRAKTIESE TEOLOGIE AS ‘N TEOLOGIESE WETENSKAP

Heitink definieer praktiese teologie as ‘n aksie-wetenskap.  Hy verduidelik dit as:

> De empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne samelewing (Heitink 1993:18).

Volgens Hermans (2002: ix) tref Heitink onderskei tussen praxis een wat die bemiddeling van die Christelike geloof is en praxis twee wat die konteks van die moderne samelewing is.  Hierdie wisselwerking tussen praxis een en praxis twee breek met die idee van praktiese teologie as ‘n toegepaste teologiese model, verduidelik Hermans (2002: ix).  Die lewende geloof van mense binne die konteks van die samelewing vorm die kern van praktiese teologie (Hermans (2002: ix).

Die feit dat mense in hulle historiese konteks gesien is en dat die metodes en bevindinge van ander operasionele wetenskappe erken is, was van die ontwikkelinge wat bygedra het tot praktiese teologie se wetenskaplike status.  Heyns (1990:89) sonder onder andere vir Seward Hiltner, ’n Amerikaner, vir sy besondere bydrae op hierdie gebied, uit.  Die “logic-centred” en die “operation-centred” velde is die twee areas wat Hiltner onderskei in sy beskrywing van

teologie.  “Logic-centred” bestaan uit eksegese, sistematiese teologie, kerkgeskiedenis en dies meer.  “Operation-centred” bestaan hoofsaaklik uit praktiese teologie, wat hy in drie afdelings verdeel nl. “sheperding”, “communicating”, en “organising” (Heyns 1990: 89).  Dit was dan ook die eerste handelingswetenskaplike benadering, voeg Heyns (1990:89) by.

Volgens Pieterse (1993:03) het hierdie nuwe benadering tot gevolg gehad dat daar ’n lewendige interaksie tussen die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe ontstaan het.  Een van die take verduidelik  Pieterse (1993:08) is juis om die gemeente te dien met die nodige kennis van die werklikheid van die eie tyd en in Van der Ven se woorde “to reflect on the people's praxis from the viewpoint of God's revelatory praxis in a way that is as scientific as possible” (Van der Ven 1994:29).  Heyns en Pieterse (1990:11) maak dan die geldige afleiding dat praktiese teologie ‘n wetenskap is omdat dit ‘n eie studieveld het, eie prakties-teologiese teorieë vorm en wetenskaplike metodes gebruik.

### 3.3.5. METODOLOGIE IN PRAKTIESE TEOLOGIE

In praktiese teologie word veral nagedink oor dit wat in die gemeente gebeur en oor die geloofshandelinge van mense in die gemeente.  Aangesien praktiese teologie geloofshandelinge van mense tot tema het, is die navorser se gerigtheid op die waarnemingsterrein nie bloot sosiologiese of psigologiese gedragspatrone nie, maar word gefokus op die mate waarin die geloofshandelinge van gelowiges in die wêreld groei of nie.   De Wet verduidelik dit soos volg:

> In ’n pneu-matologies-bepaalde intradissiplinêre benadering hou navorsingsmetodologie integraal rekening met die perspektief dat God as Subjek optree en mense se persepsies

deurbreek en hulle handelinge vernuwe met die verrassende dimensies van sy genade (De Wet 2009:248).

Hoe gemeentes kommunikeer en hoe geloofshandelinge uitgevoer word is belangrik vir die praktiese teoloog en daarom is dit belangrik om die relevante konteks te leer ken en te beskryf. Grobbelaar (2008:46) maak die stelling dat geen gemeente binne ʼn lugleegte bestaan nie, maar binne ʼn bepaalde historiese moment en omstandighede funksioneer. In hierdie navorsing sal dit dus nodig wees dat die probleem wat ondersoek word gekontekstualiseer word. Die emosionele en geestelike versorging van tagtig plus ouer persoon moet met betrekking tot die geografiese gebied en kultuur verstaan en hanteer word, wat noodwendig beteken dat die probleem gekontekstualiseer word. Daarmee word bedoel dat die probleem binne die bepaalde gebied en heersende kultuur verstaan en benader moet word.

Daar bestaan baie wyses oftewel ontsyferingsmetodes waarop die praktiese teoloog teoreties kan nadink oor die geleefde geloof asook die praktiese gestaltegewing daarvan. Hawkes (1989) onderskei tussen drie modelle nl. “The deductive model”; “the inductive model” en die “dialogical model”. Wat die dialogiese model vir my so aantreklik maak is die feit dat “it regards theological statements as always having a theoretical character, in the sense that they are not absolute and need testing” (Hawkes 1989:31). Ons ken nie God volledig of volkome nie en daarom is teologiese verklarings niks anders as geloofsverklarings nie. Daar kan met ander woorde nie ’n eenvoudige logiese verhouding bestaan tussen teologie en praktyk nie.

Praxis behels 'n gesprek tussen die teorie en praktyk. Hierdie verhouding tussen teologie en praktyk is daarom ook 'n deurlopende dialogiese proses aangesien ons verstaan (geloof) ontwikkel in die loop van ons deurlopende ervaring en soos wat ons reflekteer op hierdie ervaring en onsself oopmaak tot die groter prentjie, die groter geheel (God - wat betekenis aan ons ervaring gee), word dit 'n deurlopende dialogiese proses (Hawkes 1989:31).

Hawkes stel dit ook baie pertinent as hy sê:

> No formulations of theology and no programmes for practice can ever be final – each is continually being reviewed and revised by the other in the ongoing transformations of life (Hawkes 1989:31).

Die gevolg is dat daar voortdurend 'n interaksie of wisselwerking tussen die teorie en die praxis is. Deur hierdie interaksie tussen teorie en praxis op 'n hermeneutiese wyse te doen kan die teorie verander en beter (sterker) gemaak word (Dreyer, Hestenes et al.1999:35). Dit is tog vanselfprekend, want vertolking en verstaan het te doen met kommunikasie en relasie.

Menslike interpretasies en ervaring speel 'n belangrike rol, daarom is dit dan ook nodig om 'n wetenskaplike greep op die praxis te verkry deur gebruik te maak van empiries-wetenskaplike ondersoeke. Van der Ven aangehaal deur Pieterse (1994:79) sluit hierby aan as hy sê dat dit praktiese teologie met metodes en gereedskap voorsien om dit wat in die werklike lewens van werklike mense aangaan te beskryf en te verduidelik, die tekste wat hierdie mense gebruik as riglyn in hul godsdienstige ervaring te ontleed en te evalueer, die geldigheid van die

interpretasies van hierdie ervarings te ondersoek en uiteindelik ondersoek in te stel na die hipoteses wat geformuleer is met betrekking tot hierdie ervarings en die tekste en kontekste waarmee hulle verbind word.

Die voorwerp van die praktiese teologie is nie Bybels of histories nie, maar die huidige religieuse praxis, daarom is empiriese metodes en tegnieke op die spel want die godsdienstige praktyk kan waargeneem en getoets word (Van der Ven 1988:15). Heitink (1999:265) sluit hierby aan as hy skrywe dat praktiese teologie ’n empiries-georiënteerde teorie is oor die bemiddeling van die Christelike tradisie in die praktyk van die moderne samelewing.

Uit bogenoemde kan ons dus aflei dat empiriese navorsing en hermeneutiek hand aan hand loop want hoe anders kan die huidige religieuse ervaring verstaan word sonder hermeneutiek wat die huidige situasie verstaanbaar maak. Swinton & Mowat bevestig hierdie siening as hulle sê:

> ...it (this hermeneutical task) will mean a careful theological exegesis of particular situations within which the practices and experiences that emerge from these situations are explored, understood, evaluated , critiqued and reconsidered (Swinton & Mowat 2006:12).

Dus, die verhouding tussen teks en konteks is hermeneuties van aard, maar die ontwerp is empiries.

Hierdie navorsing sal uit die aard van die saak hermeneuties van aard wees omdat my navorsing op verstaan gerig is. Dit sal egter ’n empiriese ondersoek vereis omdat prakties teologiese navorsing altyd sy vertrekpunt neem in die werklike situasie van die kerk en die samelewing. Die waarde daarvan is dat dit sal bydra tot ’n beter verstaan van en insig in die konteks waarin die tagtig plus ouer persoon tans lewe en hoe hulpverlening in die vorm van emosionele en geestelike versorging gerealiseer kan word. Ten einde ‘n meer wetenskaplike en sosiaal betekenisvolle navorsingsresultate te lewer, sal dit dus nodig wees om ‘n empiriese ondersoek te doen.

### 3.3.6. PASTORALE SORG AS DEEL VAN PRAKTIESE TEOLOGIE

Pastorale sorg is een van die handelinge binne die dissipline praktiese teologie. Praktiese teologie as ‘n akademiese, wetenskaplike dissipline bestaan uit sub-dissiplines. Voorheen was hierdie sub-dissiplines omskryf in terme van die werk van die leraars. Sedertdien word hulle egter omskryf in terme van die kerk (Van der Ven 1993: 36). Tussen Van der Ven, Hiltner, Heyns en Pieterse is daar duidelik aksentverskille by die verdeling van die sub-dissiplines.

Van der Ven (1993:37) noem die volgende afdelings: pastorale begeleiding, kategese, liturgie, diakonale diens en gemeentebou. Hiltner aangehaal deur Heyns (1990: 89) identifiseer drie afdelings nl. “sheperding”, “communicating”, en “organising”. Die huidige studie sluit egter aan by Heyns en Pieterse se voorgestelde verdeling, naamlik: prediking, onderrig, viering, diens en sorg (Pieterse 1990:12). Pastorale sorg as een van die vyf hoof sub-dissiplines van praktiese teologie is dan ook waaronder hierdie studie resorteer.

## 3.4. PASTORALE AKTIWITEITE VAN DIE KERK

Twee van die belangrikste pastorale aktiwiteite van die kerk is pastorale sorg en berading. Die ander een is pastorale psigoterapie . Baie keer word pastorale sorg en berading verkeerdelik in dieselfde sin gebruik so asof daar geen onderskeid tussen hulle is nie. Dit is daarom belangrik om te weet wat die verhouding tussen pastorale sorg, pastorale beraad en pastorale psigoterapie is. Clinebell (1984:26) tref die volgende onderskeid tussen pastorale sorg, pastorale berading en pastorale psigoterapie. Pastorale sorg beskou hy as:

> the broad, inclusive ministry of mutual healing and growth within a congregation and its community…. (Clinebell 1984: 26).

en pastorale beraad (een van die dimensies van pastorale sorg)

> is the utilisation of a variety of healing (therapeutic) methods to help people handle their problems and crises more growth fully and thus experience healing of their brokenness. People need counselling at times of severe crisis, usually short term (Clinebell 1984:26).

Pastorale psigoterapie beskryf hy as die toepassing van langtermyn-rekonstruktiewe terapeutiese metodes waar groei diepgaande of chronies ingekort is as gevolg van verskeie krisisse in die volwasse se lewe (Clinebell 1984:26).

Om te sê dat mense in nood versorg moet word en daar is nog nie geworstel met die vraag waarom ons vir mense moet sorg nie, is ietwat voorbarig sê Steyn en Masango (2011:02). Dus,

die vraag wat praktiese teologie moet handhaaf in hulle woorde is: “what is the motivation for this conviction to care?” (Steyn & Masango 2011:02). In antwoord op hierdie vraag maak Streets die volgende voorstel:

> I wish to propose that …. love be the primary motivation for pastoral counsellors to care and provide counselling to those in need (Streets 2014:01).

In aansluiting by die konteks van hierdie studie sê Barbara Stancil:

> The necessary beginning of making a good gerontologist is simply love for older people (Stephen Sapp 2003:09).

Ek voel dat die pastor hierin ‘n belangrike bydra kan maak om mense te motiveer en so hulle opinie en houding te verander waar dit dalk negatief is teenoor hierdie groep. “We need a theology of aging that promotes positive images of aging and a spiritually healthy understanding of the aging process”, verduidelik Rogler (2009:19).

Ons sorgende handelinge moet vanuit die liefde gemotiveer word want soos Paulus tereg in 1Kor.13:2 sê: “Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks”.

Hierdie tema van die liefde kom ook voor in die volgende Skrifgedeeltes:

| | |
|---|---|
| **Johannes 15:12** | "Dit is my opdrag, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het". |
| **Galasiërs 6:2** | "Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus". |
| **Efesiërs 4:32** | "Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het". |
| **1 Petrus 4:9** | "Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla". |

De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:119) sluit hierby aan as hy sê dat ons deur Christus se liefde aangedryf word en wat ons in ons harte ontvang het met ander wil deel.

## 3.5. DEFINISIE VAN PASTORALE SORG

Voor ons verder beweeg op hierdie reis en betrokke raak in enige bespreking of diskoers, is dit noodsaaklik om verder duidelikheid te kry oor wat pastorale sorg is. Vir die taak verwys ek graag na Lartey (2003) se 2de uitgawe van In Living Color waar hy spesifiek aandag gee aan hierdie belangrike saak.

Hy begin onder andere met Clebsch en Jaeckle se baanbreker definisie wat ook min of meer die standaard definisie van pastorale sorg geword het. Volgens Clebsch en Jaeckle bestaan pastorale sorg uit:

> Helping acts done by representative Christian persons, directed towards the healing, sustaining, guiding and reconciling of troubled persons whose troubles arise in the context of ultimate meanings and concerns (Clebsch en Jaeckle 1994:04).

Die vier aspekte wat hierdie definisie volgens Lartey (2003:21-22) na vore bring is onder meer: hulpverlenende dade, verteenwoordigende Christen persone (mense wat die Christelike geloof verteenwoordig met hulle insigte en denke van die Christelike tradisie), dit het te doen met ontstelde of onrustige persone, en die konteks van die probleme is "ultimate meanings and concerns" (konteks is dus belangrik).

Sorg is nie net 'n Christelike handeling nie. Sorg is 'n handeling wat ook deur mense buite die kerk uitgevoer word. Die sorg wat deel van die kerk se geloofshandelinge is, het egter 'n unieke karakter wat hom onderskei van die sorg wat mense buite die kerklike sfeer aan mekaar verleen (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:119). Die unieke karakter van sorg in die pastoraat word deur De Jongh van Arkel beskryf as:

> 'n Vorm van hulpverlening wat inherent aan 'n Christelike lewenswyse is, en die roeping van alle gelowiges is (De Jongh van Arkel 1991:107).

Alastair Campbell ondersteun dit as hy pastorale sorg verklaar as:

> That aspect of ministry, which is concerned with the wellbeing of individuals and communities (Campbell 1987:188).

Hierdie navorsing fokus op daardie aspek van die bediening wat gemoeid is met die welsyn van die tagtig plus ouer persoon.  In die breedste sin, kan pastorale sorg gemeentelike aktiwiteite soos aanbidding, verkondiging, onderrig, administrasie, en programme insluit.  In die konteks van hierdie navorsing verwys pastorale sorg spesifiek na dade van sorg wat genesing, voeding, begeleiding, herstel, ondersteuning en versoening tydens die realiteite van die alledaagse lewe asook tydens krisisse aan die tagtig plus ouer persoon bied.

Volgens Lartey (2003:26-31) is daar vyf kriteria waaraan ‘n definisie van pastorale sorg moet voldoen as dit poog om interkultureel in sy aard en omvang wil wees.

- Pastorale sorg is ‘n uitdrukking van die mens se besorgdheid deur aktiwiteite.  Die kern hiervan is die “ … heartfelt desire for humanity to be truly and fully human...the total well-being of the whole person.”
- Pastorale versorgers erken transendensie.  Hulle erken dat daar ‘n geheimsinnigheid omtrent die lewe is en voeg hy by: “There is a sense in which this recognition of transcendent dimension to life characterizes and distinguishes the pastoral caregiver from other carers”.
- Pastorale sorg behels multivariante vorme van kommunikasie.  Verbale kommunikasie is baie belangrik wanneer inligting oorgedra en ontvang word.  Alhoewel die belangrikheid van nie-verbale kommunikasie nou ook beskou word as ‘n kragtige manier om te kommunikeer.
- Die motief is Liefde.  ‘n Liefde wat saamgevat word in die woord “agape” en die hart van die evangelie is wat ook die stuwende dryfveer agter die Christelike handelinge is.

- Pastorale sorg poog vir voorkoming en bevordering. Baie “westerse” literatuur oor pastorale sorg fokus op verligting (relief) en het sodoende vir ‘n “ambulansdiens” of “cliff-hanging” beeld van pastorale sorg gesorg.

Lartey gee die volgende definisie:

> Pastoral care consists of helping activities, participated in by people who recognise a transcendent dimension to human life, which, by the use of verbal or non-verbal, direct or indirect, literal or symbolic modes of communication, aim at preventing, relieving or facilitaiting persons coping with anxieties. Pastoral care seeks to foster people’s growth as full human beings together with the development of ecologically and sosio-politically holistic communities in which all persons may live human lives (Lartey 2003:30-31).

Kortom, die primêre fokus van pastorale sorg en berading in die bediening in die algemeen, is om mense te help om hulle probleme en krisisse sinvol te hanteer (Clinebell 1984:35). Bogenoemde definisies en fokus is belangrik vir die konteks van die huidige studie, naamlik bejaardesorg.

## 3.6. PASTORALE WERK OF PASTORAAT

Aangesien nie alle pastorale handelinge dieselfde is nie (sommige is spontaan terwyl ander weer meer georganiseerd is) en ter wille van die navorsing is dit meer toepaslik om tussen vorme van pastorale werk te onderskei (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:123-124). Die benaming “pastorale werk” word in hierdie studie as ‘n inklusiewe konsep gebruik en verwys na vier

vorme of velde van hulpverlening, naamlik onderlinge sorg, pastorale sorg, pastorale beraad en pastorale terapie (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:132-133). Wanneer daar nie spesifieke onderskeid gemaak word tussen verskillende vorme of vlakke van pastorale werk nie word die omvattender term pastorale sorg gebruik. In sommige kringe word gepraat van sielsorg en herderlike sorg. Pastorale sorg is een van die subdissiplines van praktiese teologie. Kortom handel dit oor Christene se versorging van mekaar.

Pastoraat is volgens De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:132) die Afrikaans en Hollandse term vir Pastorale werk. Pastoraat kan ook geestelike sorg genoem word want daardeur word aangedui dat hierdie tipe sorg gemoeid is met mense se hoop en hopeloosheid, moed en angs, vertroue en twyfel, skuld en eensaamheid in die konteks van God se koninkryk en in verband met hul fisiese, sielkundige en maatskaplike situasie (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:135).

’n Studie deur ’n Hollandse teoloog met die naam van Bolkestein aangehaal deur Dreyer, Hestenes & Theron (1999:133) gee ’n lang lys konsepte wat hy afgelei het van sy studie van die pastorale werk van Jesus se getuienis. Hieronder resorteer behalwe vir die bekende “herder wees” en “laat wei” is daar nog “opsigter wees”, “vertroos”, “vermaan”, “versterk”, “toerus”, “volkome maak”, “teregwys”, “weerlê”, “bou”of “opbou”, “geduld hê” en “verdraagsaam” wees. Jacob Firet gebruik ook woorde soos “aanmoedig”, opbeur”, “stut”, “steun” en “geskik maak vir die doel”, in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:133). Dit is alles woorde wat ons help om die groot verskeidenheid aksies te verstaan waaruit pastorale werk opgebou is, verduidelik De Jongh van Arkel (Dreyer, Hestenes & Theron (1999:133).

## 3.7. PASTORAAT AS VERTOLKING

Gewoonlik sê Louw (1993:03) word die term pastoraat gebruik in aansluiting by die Bybelse herdermotief en voeg Louw (1999:344) by “die poging om die pastorale gebeure van ontmoeting in terme van metafore te beskryf, word gedoen om die pastor bewus te maak van die feit dat pastorale handelinge 'n verwysende betekenis het en God se troos en barmhartigheid representeer”. De Jongh van Arkel sluit by hom aan as hy verduidelik dat die sorg-aksie “pastoraal” genoem word omdat die herderlike funksie van gelowiges beklemtoon word (Dreyer, Hestenes & Theron (1999:133). “Vir die pastoraat is die betekenis en boodskap van die herder-kuddemetafoor van kardinale belang”, beklemtoon Smuts (1988:23).

Hiltner bring die term herderlike sorg in verband met die meer algemene term van genesing en die hele bedoeling van die herderlike sorg is om die persoon en gemeente te bring tot ’n optimale genesing (Louw 1993:04). Dit gaan dus vir Hiltner oor die herstel van die mens maar dan nie net in terme van die heil nie maar ook in terme van alle menslike funksies. Die betekenis van die herdermetafoor vir die pastorale bediening is volgens Louw (1999:346) dat dit die unieke betekenis van pastorale sorg, as deernisvolle en liefdevolle barmhartigheid, verbind met Jesus Christus se opofferende en verlossende liefde. In die herdermetafoor sien Louw (1999:346) die ontferming van ‘n Verbondsgod en daarom is die pastorale handelinge meer as menslike simpatie. Rossouw in Smuts (1988:23) gaan selfs so ver om te sê dat die wese van die pastoraat nie ontsluit kan word sonder ’n greep op die boodskap van hierdie metafoor nie.

Vir Rossouw in Smuts (1988:25) beklemtoon die metafoor die volgende sake:

- Dit laat die aksent val op diakonia. “Om herder te wees vir die kudde veronderstel ’n sorgende en dienende verhouding”, sê hy.
- In die lig van die herder-kudde-metafoor vind die pastoraat sy wese in die begrip sorg.
- Derdens verwys dit na die sfeer waarin die pastoraat voltrek word. Herderlike sorg vind plaas of geskied op die terrein van die verbondsgenade van die groot Herder met ander woorde dit vind nie in ’n ongekwalifiseerde ruimte plaas nie.
- Vierdens gaan dit om die versorging en heil van die hele kudde.

Rossouw se stelling in Smuts (1988:26), dat die herder-kudde-metafoor in die lig van pastoraat sy bestemming vind in die begrip sorg en hierdie sorg ten diepste ’n gemeente-opbouende handeling is, sluit ook aan by die oogmerke van my navorsing dat die gemeente ’n sorgsame hulpverlenende houding teenoor die tagtig plus ouer persoon sal inneem en sodoende gemeentebou bevorder. Louw (1993:25) onderstreep dit as hy sê dat pastorale sorg ten diepste gemeente-opbou is sodat elkeen opgebou kan word “as lewende stene tot ‘n geestelike huis om ’n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring”.

In sy boek “A pastor in every pew” gaan Howe (2000:) van die standpunt uit dat elke Christen ’n herder is. Die betekenis hiervan vir die kerk se bediening van pastorale sorg is:

- dat ons elkeen deur God geroep word, hetsy as prediker of lekeprediker, om God se beloftes en dade in Jesus Christus te vertrou en om deel te wees van ’n

geloofsgemeenskap wat vir mekaar omgee en daartoe verbind is om hulle reaksie op daardie beloftes en dade met ander te deel.

- Tweedens, dat God van ons almal, in ons onderskeie geloofsgemeenskappe van aanbidding en diens, verwag om mekaar te help groei in die kennis van Christus se liefde soos ervaar deur die Heilige Gees, en saam meer ernstig God se wil vir ons en vir almal uit te leef.
- Derdens, dat God ons in elke opsig toerus om Sy vergifnis en transformerende liefde, waar en wanneer God geleenthede bied om dit te doen, te deel
- En ten slotte, dat God saam met ons bly is wanneer ons dit waag om in Sy naam ’n “teenwoordigheid van omgee” vir ander te wees.

De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:121) maak ’n belangrike punt in die verband as hy sê dat ons versigtig moet wees om pastorale werk nie in so ’n mate te professionaliseer dat die gewone lidmate van die kerk daarvan uitgesluit word nie.  Daar moet dus weg beweeg word van ‘n eensydige professionele benadering na ‘n onderlinge versorging van gelowiges.  Pastoraat vind plaas wanneer een gelowige sorg aan ’n ander voorsien, waar  die sorghandeling ’n soort vriendskap is, verduidelik hy (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:119;121).

Maar gee hierdie metafoor voldoende uitdrukking aan die rykgeskakeerde dimensies van die pastorale praktyk, vra Louw (1993:5)?   Wel, verduidelik Rossouw in Smuts (1988:26) dat mens altyd rekening moet hou met die eenkantigheid van elke metafoor en so beantwoord die herder-kudde- metafoor nie alle vrae rondom pastoraat nie.  De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes &

Theron (1999:134) stem hiermee saam as hy sê dat pastorale werk baie meer as herderskap (shepherding) is en dat die metafoor die soort aksie beskryf wat in pastoraat plaasvind.

Volgens Louw (1993:05) is dit ook onmoontlik om die saak waarom dit in die pastorale bediening gaan met ’n enkele begrip of metafoor te beskryf. As ons sou kies vir een metafoor is dit eensydig en word die pastorale bediening daardeur begrens, verduidelik Louw (1999:344). Die voorveronderstelling waarmee Louw (1993:05) werk is dat dit in die pastorale bediening in die eerste plek nie om ’n tegniek, metode of aangeleerde vaardigheid gaan nie, maar om die bemiddeling van ’n saak. “Die bemiddelde funksie van die pastorale optrede vind sy spesifieke teologiese betekenis daarin dat God sy woord aan mense toevertrou”, verduidelik Louw (1993:05).

Die twee belangrike aspekte wat Louw (1993:06) in pastorale teologie beklemtoon is dat dit;

- ’n diensfunksie besit deurdat dit bemiddelend optree in belang van ’n besondere saak, naamlik die teenwoordigheid van ’n lewende God en die getuienis aangaande die heilsgebeure; en
- gaan dit in die pastorale teologie om die bemiddelingsproses en kommunikasiegebeure van ’n dinamiese moment: die woord van God.

Louw (1993:07) beklemtoon die feit dat pastoraat in die “lig van die evangelie” geskied. Verder koppel Louw (1993:20) pastoraat aan diakonaat anders sê hy word dit maklik abstrak en verloor dit sy relevansie vir die mens se bestaan in die wêreld. Die diensknegmetafoor is vir Louw

(1993:26) belangrik want in die terapeutiese diens van die pastorale bediening gaan dit om die dimensie van genesing en herstel waar dit in verband gebring word met die heerskappy van die koninkryk van God.  Dit beteken dat die diensknegmetafoor die gedagte van offervaardigheid en identifikasie met die lydende mens in nood deurgee (Louw 1999:347).  Louw (1999:348) vat dit goed saam as hy sê dat die diensknegmetafoor in 'n besondere sin verbind is aan die helende, herstellende of versoenende funksie van die pastorale bediening.

Louw (1999:348-350) bring ook die wysheidsmetafoor in die verband.  Die belangrikheid koppel hy aan die gerigtheid op besluitneming en handeling asook dat dit menslike ervaring binne konkrete verhoudings ernstig opneem.  Ek ondersteun Louw(1999:350) as hy sê dat die insig wat die wysheidsmetafoor bring, nie is om lyding  te probeer systap nie maar dat lyding geleef en dikwels volledig deurleef moet word.  Om hierdie perspektief verder te verduidelik sê Louw (1999:350) dat die pastor dikwels in weerloosheid saam met mense sal sê: “Ek weet nie; ek weet nie hoekom en waarom nie, maar ek glo God is hier,” al dui die feite ook op die teendeel.

Wanneer ons die wysheid van die kruis wil verduidelik sê Louw (1999:350) kan ons nie anders as om dit in terme van ‘n paradoks te verduidelik nie: die Aanwesige van die Afwesige. Wanneer dit lyk asof ons in ‘n doodloopstraat beland, dan is dit die wysheid van geloof wat die periskoop rondom die hoek van die oënskynlike doodloopstraat is: dit open vergesigte van hoop! (Louw 1999:350).  Geloofshulp en lewenshulp is beide oogmerke van die pastoraat, maar sê Louw (1993:20-21) ons kan nie hierby volstaan nie en daarom moet die “en” aangevul word met “as” dus geloofshulp as lewenshulp met die fokus op oorwinningshulp.

Die begrip “paraklese” is nog ‘n metafoor wat die ryk geskakeerde omvang van die sorgkonsep in die Skrif weergee. Jacob Firet (1974:118) in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:134) beskou paraklesis as die sentrale manier waarvolgens pastorale werk geskied. De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:134) druk dit so uit: “Paraklesis is God se kom na mense in hul konkrete situasie van angs, hartseer, sonde, moedeloosheid, dwaling en ontoereikendheid”.

Ter aansluiting hierby gee dit uitdrukking aan die indikatiewe komponent van sorg en troos (die heil in Christus op grond van sy versoeningswerk en opstandingsoorwinning) asook die imperatiewe komponent van sorg en troos (vermaning, teregwysing, bemoediging) met die oog op verandering van lewensrigting indien die paraklesemetafoor as kernmetafoor in die pastorale bediening funksioneer (Louw 1999:352).

Die Heilige Gees maak die kommunikasiegebeure ’n lewende gebeure, verduidelik Louw verder (1993:201) as hy sê dat die Heilige Gees ’n gespreksontmoeting tussen gelowiges skep, wat in die lig van die belofte van God se teenwoordigheid ’n eksponent word van die communio sanctorum. Vir Louw (1993:205) is die pastorale gesprek meer as ’n dialoog in die sin dat die gesprek wesenlik ’n trialoog is met ander woorde ’n dialoog of gesprek saam met die Heilige Gees wat as derde party teenwoordig is.

By die bogenoemde vier metafore (herder-, dienskneg-, wysheids- en paraklesemetafore) wat 'n raamwerk bied vir 'n pastorale hermeneutiek, voeg Louw (1999:354) “God as Vriend” by. Met hierdie metafoor word beoog om troos, sorg en hulp 'n teologiese betekenis te gee. Binne hierdie metafoor vind ons God se intieme troue liefde soos dit geopenbaar word in die heilsgeskiedenis.

## 3.8. VORME VAN PASTORALE WERK

Pastorale situasies verskil in die sin dat sommige moeiliker is om te hanteer as andere. Iemand wat ’n geliefde deur selfmoord verloor het sal byvoorbeeld ’n meer intensiewe en gestruktureerde vorm van sorg ontvang as iemand wat sukkel om ’n ongemaklike familie situasie te hanteer. Dit is dus nodig om tussen verskillende vlakke of vorme van pastorale werk te onderskei. Die verskillende vlakke of terreine van sorg binne die pastoraat word deur De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:124) onderskei in onderlinge sorg, pastorale sorg, pastorale beraad en pastorale terapie.

Die noodsaaklikheid om tussen verskillende vorme van pastoraat te onderskei is volgens De Jongh van Arkel, (1999:124) omdat elke vlak of vorm van pastoraat sy eie nuanses, doelwitte en metodes of tegnieke het. Verder verduidelik De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:129) dat hierdie vier vorme interafhanklik is en dat daar ’n noue interaksie tussen hulle is. Die een is dus nie belangriker as die ander een nie. Hierdie vier vlakke word van mekaar onderskei om op ‘n unieke wyse vir mense te sorg. In hierdie studie val die klem meer op onderlinge sorg en pastorale sorg as op die vlak van pastorale beraad en terapie. Die sorg wat binne die eerste vlak verleen word, naamlik onderlinge sorg, is minder georganiseerd en daar is dus minder gespesialiseerde toerusting en opleiding nodig vir die mense wat die sorg verleen as byvoorbeeld in die ander drie vlakke.

In die bespreking van die verskillende vorme van pastoraat maak die navorser gebruik van hierdie indeling aangesien die klem nie net eensydig op die pastor of ampte geplaas word nie.

### 3.8.1. ONDERLINGE SORG

Onderlinge sorg word gesien as die oorspronklikste en mees essensiële vorm van pastoraat wat ook die basis vorm van alle ander vorms van pastoraat (Smuts 1988:04). "Dit is die spontane sorgende handeling van gelowiges aan gelowiges", verduidelik De Jongh van Arkel in Smuts (1988:04). Mense sorg dikwels spontaan vir mekaar wanneer daar 'n krisis ontstaan. Spontane sorg dra in hierdie sin 'n nie amptelike karakter. De Jongh van Arkel (2000:06) stem hiermee saam as hy sê:

> Pastoral work is the task of the entire Christian community (De Jongh van Arkel 2000:06).

Dus die verantwoordelikheid om vir mekaar te sorg, is nie net die verantwoordelikheid van sekere, geordende persone in die gemeente nie. De Jongh van Arkel (1999:124) beskou ondersteuning of bystand as die mees besondere funksie van onderlinge sorg. Onderlinge sorg in die vorm van ondersteuning of bystand is die vorm van pastoraat wat die meeste deur gewone lidmate aan mekaar verleen word in krisis tye. Wanneer ons mekaar se laste en swakhede help dra, gee ons uitvoering aan die opdragte in Galasiërs 6 en Romeine 15. Frank Wright (1982:142) beskrywe onderlinge sorg as "sometimes haphazard, often unnoticed, always diffuse".

Onderlinge sorg het beslis 'n bedieningskarakter met ander woorde ons kan nie praat van onderlinge sorg sonder om na diakonia te verwys nie (De Jongh van Arkel 2000:18). Maar hoe kan ons weet van 'n spesifieke nood sonder die gemeenskap met ander gelowiges. Die rol van vriende en lidmate binne 'n gemeente-konteks waar vir mekaar gesorg en omgegee word, is hier

belangrik. Dus, deur koinonia word ons bewus van mense se nood en kan ons hulle ondersteun of bystaan (diakonia). Louw (1993:259-260) skryf in die verband dat binne die liefdeskoinonia van die gemeente (die liggaam van Christus), moet gelowiges aangemoedig word om mekaar te ondersteun en by krisisse aktief betrokke te raak.

Hierdie ondersteuning kan volgens De Jongh van Arkel (2000:20) wat hy baseer op Pearson se werk in drie kategorieë ingedeel word.

- Eerstens is daar emosioneelgerigte ondersteuning. Hierdie tipe ondersteuning vereis emosionele betrokkenheid en word gekenmerk deur liefde, intimiteit, kameraadskap, aanvaarding, voorbeeld en fisiese hulp. Dit kan ook gedefinieer word as die verskaffing van empatie, omgee, liefde en vertroue (Krause & Hayward 2013:260).

- Die tweede kategorie van ondersteuning kan beskryf word as kognitiefgerigte ondersteuning. Die impak van die aksie is meer gerig op ‘n kognitiewe vlak en geskied meer van ‘n afstand af. Elemente wat kognitiewe ondersteuning kenmerk is aanmoediging, vertroosting, leiding gee, kennis uitruil en eerlikheid.

- Die derde kategorie is geïdealiseerde ondersteuning. Hier gaan dit om die wisselwerking tussen die een wat gee en die een wat ontvang en dit sluit die volgende kenmerke in naamlik bewondering en bevrediging wat beleef word om iets vir iemand anders te kan doen.

Die moontlikhede waarin onderlinge sorg verleen kan word, is na aanleiding van wat hierbo genoem word, in 'n sekere sin onbeperk.  Dus daar waar daar mense is, daar is die geleentheid tot onderlinge sorg.  Die ouer persone bo tagtig plus is hierby ingesluit.  Sommige woon nog in hulle eie huise en bestuur selfs nog hulle eie motors terwyl die meerderheid baie meer afhanklik is.  Hierdie groep word dan ook onsigbaar omdat hulle nie meer aktief meelewe in die kerk se aktiwiteite nie.

Baie van hulle het nie meer 'n rybewys nie, kan nie meer so goed hoor of sien nie, is selfs bedlêend, ensovoorts.  Waar die samelewing hierdie mense se waarde onderskat kry die kerk 'n geleentheid om haar roeping uit te leef en hulle geestelik en emosioneel te ondersteun.  Om iemand te ondersteun beteken om troos, bemoediging en aanmoediging aan mense in nood te bied (De Jongh van Arkel 2000:19).  In die proses ontstaan daar 'n verhouding as gevolg van die ondersteuning.  'n Verhouding waar hierdie ondersteuning opreg is en die liefde van Christus in die bedroefde of ontstelde persoon se lewe indra, het tot gevolg dat 'n meer positiewe houding teenoor die situasie en ook hulle wat die ondersteuning bied, ontwikkel.

Dit hoef nie 'n opgeleide persoon in pastorale versorging te wees nie, maar net iemand wat bereid is om na hulle storie te luister, saam met hulle te bid, te vertroos ensovoorts met ander woorde wat hulle kan ondersteun op die wyse soos hierbo bespreek.  As daar nou een ding is wat ons almal in gemeen het, dan is dit dat ons almal saam oud word.  Ons is almal broos, "soos kleipotte wat maklik breek", skrywe Paulus in 2 Korintiërs 4:7.

Nou is ons dalk nog aktief deel van die gemeente en sigbaar en kry baie ondersteuning van ons medegelowiges maar wat gebeur eendag as ons nie meer sigbaar is nie en soos my skoonpa in ‘n kamer lê met ‘n brandende begeerte om vir iemand te vertel, miskien vir ‘n laaste keer te getuig van hoe wonderlik God se liefde en genade is. Dit is vir my hartseer dat bejaardes wat hulle lewe lank deel was van ‘n gemeente op hulle oudag moet voel hulle is nie meer belangrik nie en nou maar net ‘n las vir die samelewing is.

Die eensame en onsekere mens van die dag soek na iemand wat kan luister, veral die tagtig plus ouer persoon. Hulle soek na iemand wat hulle las kan help dra. Hulle soek na 'n luisteraar sodat hulle en hulle nood verstaan kan word. Sodra begrip onstaan vir hulle probleme, vorder hulle tot 'n gemeenskap met hulle luisteraar en gespreksterapeut. Hoe wonderlik sal dit wees as hulle iemand kan vind wat hulle verstaan en na hulle luister! Wanneer ons iemand pastoraal ontmoet word dit gedoen met die oog op die handhawing van die mens se unieke identiteit, waardigheid en humaniteit. “Ook in de pastorale ontmoeting gaat het in de eerste plaats om menselijkheid en niet om techniek en functionaliteit”, verduidelik Donga in Louw (1999:338).

Dan slaag die pastorale gesprek. Dan kan God op ‘n kommunikatief handelende wyse ook in hulle lewens ingebring word en sodoende ontmoet hulle nie net hulle gespreksgenoot nie maar ook vir God, want deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees word God se verhaal uiteindelik in die mens se verhaal ontdek (Müller, 1996:25). Vir Louw (1993:260) is die doel van ‘n ondersteunende respons in gespreksvoering om die persoon te troos, te kalmeer, gerus te stel en sekuriteite te verskaf wat die persoon sal laat besef: my lewe word gerugsteun deur die sinhorison van ‘n lewende God wat as Vader intens bekommerd is oor die nood van sy kinders.

Die houding wat die gespreksgenoot hier inneem moet dus die liefde van God in hierdie ondersteunende respons vertolk . Die teologiese raamwerk vir ondersteunende beraad is veral die identifikasie van God met die nood van 'n lydende mensdom (Louw 1993:260). Die geestelike en emosionele versorging en bystand aan die tagtig plus ouer persoon het juis ten doel om hulle by te staan in die geloofsvolwasse hantering van hulle omstandighede terwyl die proses van geloofsgroei voortgesit word.

Ek stem saam met De Jongh van Arkel (2000:02) as hy sê dat hierdie deel van die sorgaksie die meeste verwaarloos word. Die twee gevare wat die pastoraat in ons tyd bedreig, is dat daar aan die een kant 'n gebrek aan professionaliteit geopenbaar word en aan die ander kant 'n oorklerikalisering wat die rol van die gewone lidmaat in die pastoraat minimaliseer (Smuts 1988:05). Dit het tyd geword dat die kerk weer die potensiaal van gewone lidmate om vir mekaar te sorg, ontdek. Ek ondersteun Detwiler-Zapp en Dixon (1982:06) as hulle sê dat: "Lay people are the greatest untapped potential of the church".

### 3.8.2. PASTORALE SORG

Pastorale sorg is vir De Jongh van Arkel meer georganiseerd want hierdie sorgende aksie vorm deel van die amptelike opbou en versorging van die gemeente (Smuts 1988:06). Pastorale sorg verskil dus van onderlinge sorg in die sin dat by pastorale sorg daar meer opleiding en toerusting ter sprake is. Verder sê hy dat hierdie vlak van pastoraat 'n mate van keuring vereis wat saamhang met die kundigheid wat vereis word vir die uitvoering daarvan (Smuts 1988:06). Dus hierdie vorm van pastoraat verg in vergelyking met onderlinge sorg baie meer vaardighede van die geestelike werker.

Die klem wat hier geplaas word op meer vaardighede impliseer dat nie alle mense hierby betrokke sal wees nie, maar dat daar sprake is van seleksie of keuring van geestelike werkers. Dit is ook meer georganiseerd as onderlinge sorg (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:125). Waar onderlinge sorg hoofsaaklik ‘n spontane ondersteunende sorgaksie is en pastorale beraad ‘n meer gespesialiseerde probleem - oriënterende sorgaksie is, neem pastorale sorg die middel posisie tussen die twee in as deel van die die amptelike opbouing en versorging van die volk van God wat 'n gemeente vorm (De Jongh van Arkel 2000:33). Pastorale sorg in hierdie konteks beteken dat dit uitgevoer word deur die besondere ampte (priesters, predikante, pastore, diakens ouderlinge) sowel as deur pastorale medewerkers en vrywilligers (indiwidue en groepe).

## 3.8.3. PASTORALE BERAAD

Pastorale beraad is ’n vorm van sorg met die verskil dat dit meer intensief en gestruktureerd as die bogenoemde twee vorme is. Dit gebruik metodes of tegnieke van genesing om mense te help om hul probleme meer konstruktief te hanteer. Dit funksioneer dus op gelyke vlak met ander professionele helpende professies met die verskil dat dit insigte vanuit die gedragswetenskappe integreer met sorg en hulp wat te doen het met teologie/godsdiens/geloof. Om die onderskeid tussen pastorale beraad en pastorale sorg verder duidelik te maak stel Gerkin dit so:

> Not all Gods people will need pastoral counsel; all people, however, need the nurture and support of a caring environment (Gerkin 1997:88-95).

Die klem val dus op die werk van die pastor wat as versorger en teoloog oor ‘n eie deskundigheid beskik (Smuts 1988:07). Nog ‘n belangrike kenmerk is die kontrak tussen die

gespreksgenoot en die hulpverlener waarin daar ‘n beroep om hulp uitgespreek word en ook op ‘n vaste tyd en plek vir ‘n ontmoeting ooreengekom word (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:126).

### 3.8.4. PASTORALE TERAPIE

Pastorale psigoterapie het Clinebell (1984:26) beskryf as die toepassing van langtermyn-rekonstruktiewe terapeutiese metodes waar groei diepgaande of chronies ingekort is as gevolg van verskeie krisisse in die volwasse se lewe. Dit stem ook ooreen met De Jongh van Arkel in Dreyer, Hestenes & Theron (1999:127) se beskrywing waar hy hierdie vorm van pastorale werk op die vierde vlak plaas. Aangesien die onderskeid tussen pastorale beraad en pastorale terapie meer akademies as prakties is (Dreyer, Hestenes & Theron 1999:127), kan die klassieke onderskeid van diepte en lengte/duur as norm gebruik word om tussen hierdie twee vlakke van sorg te onderskei. Dit is belangrik om pastorale terapie te sien as deel van die bediening en daarom moet daar nog steeds ‘n verhouding tussen die terapeut en die geloofsgemeenskap bestaan alhoewel die terapeut nie noodwendig georden hoef te wees nie (De Jongh van Arkel 2000:191).

## 3.9. TEOLOGIE EN VEROUDERING

Die ontwikkeling van ‘n teologie van veroudering mag dalk ouderdom verkeerdelik etiketeer as ’n probleem aangesien teologieë dikwels in verband gebring word met die isolasie van ’n probleem (Jewell 2004: 181). Ouderdom is ’n natuurlike proses wat in die konteks van die lewe gebeur. Onvoorspelbaarheid en verandering is nog altyd deel van die lewe. Natuurlik is daar

probleme wat verband hou met veroudering maar is hierdie spesifieke probleme nie dalk probleme van die gemeenskap nie, vra Jewell (2004:181). ’n Mens sou self kon vra of ouer mense nie dalk deel van die probleem is nie? Hoeveel tagtig plus ouer persone, veral in die versorgingsoorde, voel hulle het geen waarde meer nie omrede hulle dink hulle kan geen verdere bydrae lewer nie. Ek ondersteun Jewell as hy sê:

> Aging in itself is not to be seen as a problem demanding theology (Jewell 2004:180).

McNamara stem hiermee saam as hy sê:

> At its core, ageing is fundamentally a *mystery* rather than a *problem* (McNamara 2003: 03).

Dus, ouderdom is nie ’n fout wat reggestgel behoort te word nie of ’n siekte wat vra na genesing nie of ’n ompad wat liefs vermy moet word nie. Ons moet die lewe sien as ’n proses van verandering midde in die siklus van geboorte-lewe-dood. David (2001:131) stem hiermee saam as hy sê dat ons verkeerdelik geleer word dat ouderdom slegs 'n toestand van verlies is, 'n tyd om op te hou, 'n mandaat om te onttrek. Ons moet ons persepsies rondom ouderdom verander na een van oorwinning en voorreg (David 2001:131). As die teologie en die lewe bewaar moet word vir dialoog kan veroudering en teologie ook nie mekaar vermy nie want om te lewe is om te verouder (Jewell 2004:182).

### 3.9.1. WAAR DAAR LIEFDE IS

My teologie van veroudering, hoewel dit ‘n verklaring is van hierdie oomblik en ‘n werk in proses sal bly, neem as vertrekpunt Paulus se wysheid oor die liefde in 1 Korintiërs 13 want soos Paulus tereg sê in vers 8:

> Die liefde vergaan nooit nie…

Die liefde bly dus vir ewig staan…dit kom nooit tot ‘n einde nie… sal nooit nié daar wees nie.

Dit is ook die diepste bedoeling van die Wet en sentrale onderdeel van die Christelike etiek om in kombinasie met die liefde van God jou naaste lief te hê soos jouself. Soos Jesus verduidelik in Matteus 22:40:

> Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

In die konteks van hierdie navorsing behels naasteliefde om die tagtig plus ouer persoon met liefde, eerbied, menswaardigheid, geduld, vriendelikheid, bedaagsaamheid en respek te hanteer. God se liefde word sigbaar deur gelowiges se weldade aan die tagtig plus ouer persoon. Die tagtig plus ouer persoon het dieselfde waarde en status as enige ander persoon ten spyte van al die verskille tussen ons.

Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep (Genesis 1:26–27). Dit bring mee dat die mens en God in ‘n besondere verhouding bestaan. Menslike waarde en waardigheid lê in wat

ons is.  Ons optrede teenoor mense behoort dus uitdrukking te gee aan God se heerlikheid en eer. Om beeld van God te wees beteken om God se gesindheid te reflekteer.  Paulus skrywe hieroor in Filippense 2:5: “Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was”.

Die waardigheid van die mens word verder bevestig deur die realiteit dat die Seun van God mens geword het (Johannes. 1:14).  Verder sê Johannes: “Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê (1 Johannes 4:9).  Hierdie verstaan van God verskaf aan ons die basis vir ‘n teologie van veroudering.  Dit berei ons voor vir die ewige leeftyd saam met God en dit hang saam met die gedagte om beeld van God te word (Yancey 1990:94-95).  Vir die tagtig plus ouer persoon word die vraag na om 'n gevoel van betekenis en doel in die lewe te behou ten einde ’n gevoel van heelheid te beleef al groter soos kragte begin afneem en hulle meer afhanklik word van versorging.

Die besondere waarde van hierdie teologie is dat die mens in sy totale bestaan waarde het.  Die gelowige bejaarde het die voordeel om God se betroubaarheid oor ’n baie lang tyd te kon ervaar. Hy kan dus troos hieruit put dat hy waardevol vir God is en dat God hom nie sal verwerp nou dat hy oud geword het nie.  Die pyn van die verswakte bejaarde word dan vanuit ’n ander hoek benader.  Hy/sy beskou pyn as deel van die normale lewe in ‘n klimaat van die opstandingsoorwinning.  Sodoende word pyn nie ontvlug nie maar eerder benut in diens van die evangelie.  Die lewe kan met ander woorde nog steeds sinvol gelewe word.

### 3.9.2. BEJAARDHEID

Volgens Van der Walt (2004:39) het die term bejaardheid nie meer ’n vaste betekenis nie en word die term bejaard gerelativeer deur heersende sosiaal-maatskaplike toestande. Die rede waarom die bejaardheidsfase deesdae moeilik definieerbaar is hou verband met langlewendheid (Van der Walt 2004:39). Bejaardheid kan dus beskou word as ’n eiesoortige belewing of ervaring van die ouderdom binne bepaalde omstandighede. Dit bring mee dat ons anders sal moet begin dink en praat oor bejaardheid soos Elledge-Volker tereg sê:

> Our understanding of aging needs to be reconsidered, reconstructed and re-viewed (Elledge-Volker 2011:61).

Ook David stem hiermee saam:

> Because long life has become the rule rather than the exception and the collective meaning systems have failed to infuse aging with widely shared significance, we have become unsure about what it means to grow old (David 2001:130).

Vir my beteken bejaardheid ’n tyd van geleenthede en genade waar ons ’n dieper betekenis aan ons lewens kan gee omrede ons ’n geleentheid kry om daardie dinge te doen vir ons medemens waarvoor ons nooit tyd gehad het nie, waar ons al ons jare se ondervinding kan terugploeg in die gemeenskap. Bejaardheid is 'n belangrike tyd om te ontwikkel, te verkry en 'n doelgerigtheid te handhaaf. Die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon kan nuwe

avonture van genade meebring.  Dit is met ander woorde ’n stadium wat die bejaarde se lewe moet verryk.

Kollar beskryf veroudering as:

> The process of moving from the beginning to the end of human life through a succession of discernible stages. Aging is the human awareness of self-change (Kollar 1985:51-53).

In baie gevalle word veroudering stereotiep gebruik om te verwys na die tydperk van die lewe waarin daar beduidende fisiese en geestelike agteruitgang is (Kollar 1985:51).  Hierdeur word bejaardheid verkeerdelik verbind met die ekwavalent van ‘n siekte of ‘n gebrek.  Dit ontken dus dat die bejaardheidsleeftyd oop is vir geestelike groei in geloof, hoop en liefde; dat dit ’n tyd is van vervulling, van dankbaarheid en van nuwe take om te verrig.  Die bejaarde is ‘n individu en sy of hy kan nie aan veralgemening of stereotipering onderwerp word nie (Van der Walt 2004:48).

Ek hou van die metafoor wat Jewell (2004:182) gebruik as hy praat oor die gemengde gevoel wat mense beleef in die verouderingsproses.  Veroudering vergelyk hy met die veskil in hoe kaas en wyn verouder.  Die verouderingsproses het ook ’n wyn kant en ’n kaas kant, sê Jewell (2004:182).  Net soos wat kaas afgaan oor ’n relatiewe kort tyd, verouder sekere wyne oor ’n relatiewe lang tyd.  Net so sê hy voel mense ’n verbetering en agteruitgang in hulle ouerwording Jewell (2004:182).  Dink maar aan die prys van ’n goed verouderde whisky of wyn.  Met die jare verminder die ongewenste kwaliteite en word die gewenste kwaliteite meer.

Veroudering behoort egter die waarde van die mens te verhoog. Alhoewel kaas afgaan na ‘n relatiewe kort tyd speel veroudering of rypwording ook ‘n belangrike rol in die maak van kaas. Neem nou maar onder andere jou Franse kase, hulle het reuke en geure wat mense aantrek. Net so is daar in die konteks van hierdie studie tagtig plus ouer persone wat mense aantrek.

### 3.9.2.1. BEJAARDHEID IN DIE BYBEL

Dit is opvallend hoeveel aandag die Bybel aan die werklikheid van ouderdom gee. Die Hebreeuse Bybel verwys ten minste 250 keer na bejaardheid (Klapp 2003:69). Veroudering word beskou as ‘n onvermydelike en aanvaarbare deel van God se plan vir die lewe met die goeie nuus van Christus se verlossing wat hoop en beslistheid gee. Veranderinge wat bejaardheid tipeer word in Prediker 12 in digterlike taal weergegee deur byvoorbeeld te verwys na die hande wat bewe, die tande wat stomp word, die oë wat dof word, die ore wat nie meer so goed kan hoor nie, ensovoorts. Hy vertel hoe uitdagend dit kan raak wanneer die ouderdom aanbreek en hoe ouderdom beperkings plaas op verskillende aspekte van menswees tot dit eindig in die dood. Dit alles dui daarop hoe weerloos die mens word wanneer die ouderdom toeneem.

Dat die bejaarde vir God belangrik is word weerspieël in spesifieke skrifgedeeltes wat handel oor die versorging en hulpverlening aan die bejaarde asook beloftes van Sy trou aan hulle. In die volgende skrifgedeeltes hoor ons God se hartklop vir die bejaarde:

> Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra (Jesaja 46:4).

> Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd (Psalm 73:26).

Paulus se beskrywing van God se krag in 2 Korintiërs 12:10 wat tot sy volle werking kom wanneer ons swak is, is ook ‘n bemoediging vir die bejaarde wat op een of ander stadium in sy lewe ontberinge ly in die navolging van Jesus.  Die Bybel beskou ouderdom oor die algemeen as 'n seën, of guns van God en beslis nie iets om oor aanstoot te neem, te ontken of te vrees nie (Klapp 2003:70).

Die bejaarde is vir God belangrik en hulle verdien ons vriendelikheid en respek.  Hulle leef immers al baie jare en het baie kennis en ervaring waaruit hulle kan put.  Die volgende verse benadruk hierdie gedagte:

> Uit eerbied vir jou God moet jy eerbied bewys aan oumense en hulle met respek behandel. Ek is die Here (Lev 19:32).

> Ouer mans moet jy nie skerp teregwys nie … (1Tim 5:1).

Die bejaarde het ook ‘n verantwoordelikheid om goddelike karakter te demonstreer en geestelik verantwoordelik te wees soos gedemonstreer in Titus verse 2 en 3 in hoofstuk 2 waar ons die volgende opdrag kry:

> Sê vir die ouer mans hulle moet nugter wees, eerbaar, verstandig, gesond en vas in geloof, liefde en volharding. Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat 'n heilige lewe lei. Hulle moenie kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie. Hulle moet goeie raad kan gee (Titus2:2-3).

Die geheim van oud word lê juis hierin dat ek as bejaarde mens 'n bron van seën kan wees vir ander om my want ek beskik oor geestelike ervaring, geestelike krag, geestelike uithouvermoë, geestelike wysheid, ensovoorts.

Die waardigheid en deurslaggewende rol van ouer mense word veral in verhale soos die van Sagaria en Elisabet uitgebeeld (Klapp 2003:73-74). Dink ook maar aan Moses Kaleb, Josua, Eli wat God gedien het op ’n hoë ouderdom. Selfs Jesus is gesien as ’n ervare persoon; hy het wat landelike kleinboere betref, die grootste deel van sy lewe agter die rug gehad (Botha 2000:1). Wat ons egter goed moet begryp, sê Botha (2000:1), is dat nie veel mense ouer as dertig geword het in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld nie. Dit suggereer dat die latere jare van veel hoër waarde beskou was as die middel jeugjare. God kan dus enige voertuig gebruik om Sy doel te verwesenlik selfs al voel dit of die voertuig sy nuttigheidsvlak verbygesteek het.

## 3.9.3.TEOLOGIESE MODELLE

Rogler (2009:12-13) het twee kontrasterende metaforiese, teologiese modelle ontwikkel om ons te help om tussen negatiewe stereotipes van ouderdom en positiewe beelde van veroudering, te onderskei.

Die teologiese model wat negatiewe beelde van die ouderdom bevorder is ouderdomisme: “ons kroon van dorings". Ouderdomisme (ageism) is wanneer daar teen mense gediskrimineer word omdat hulle ouer is. In die verband sê Bergen:

> Even within the church one’s worth is often diminished simply because he or she grows old (Bergen 2003:128).

Orbach voeg hier by:

> Many specialists now believe ageism is so entrenched that it will take more than a blueprint, however radical, and a set of targets, however ambitious to transform the culture of a lack of respect for the elderly (Orbach 2003:04).

Sapp gee die volgende praktiese voorbeeld as hy vir Barbara aanhaal:

> Don’t feed me and pray with me on Thursday unless you’re going to include me all the other days (Sapp 2003:11).

Ons moet versigtig waarneem hoe ouer persone in die kerk en gemeenskap behandel word. Om iemand te ignoreer is ook ‘n vorm van diskriminasie en mishandeling. Ons kroon van dorings groei uit doringagtige onkruid wat uit diepliggende vrese, emosies en oortuigings ontkiem, verduidelik Rogler (2009:17). Ons ontwikkel ‘n vrees om oud te word en kan dit selfs ervaar as God wat my straf. Onbewustelik kan die kerk deelneem aan ouderdomisme en sodoende word

God se bedoeling vir die kerk ondermyn. Ouer persone moet nie vermy word nie maar ingesluit word om ‘n inklusiewe, liefdevolle gemeenskap van gelowiges te bevorder. ‘n Groot persentasie van hierdie bejaardes het die kerk passievol met toewyding bedien in hulle jonger jare.

In die verband sê Stephen Sapp

> The elderly are not a needy subgroup within the Church – they are the Church and will only become increasingly more so, as many of you know from first-hand experience (Stephen Sapp 2003:11).

Die tweede teologiese model wat Rogler (2009:13) geskep het, noem hy “(B)old: our crown of glory”, wat 'n positiewe beeld van ouderdom bevorder en die nadelige gevolge van ouderdomisme teenwerk. "(B)old" is 'n woord met positiewe metaforiese beelde wat 'n nuwe visie van ouer mense verteenwoordig. Rogler (2009:14) beskou oudword as ‘n geleentheid om verder geestelik te groei en ons liefdevolle verhouding met God en mense van alle ouderdomme te bevorder. Dit laat ons toe om ‘n oorsig van ons lewe te doen, ons sake in order te kry en herinner ons geliefdes dat ons (en hulle) nie op hierdie aarde vir ewig sal wees nie.

Die baie verliese wat bejaardes ervaar kan lei tot gevoelens van minderwaardigheid, eensaamheid, waardeloosheid en aggressie (Adams 2008:134). Dit het beslis tyd geword dat ons maniere moet vind om mense daar waar hulle verouder te ontmoet as die gemeente, of anders gestel hoe kan ons as gemeente die liefde van Christus in hierdie mense se lewens indra? Dit laat my dink aan Matteus 25:31-46 wat sê:

> Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek . . . wat ook al julle vir die geringstes van hierdie gedoen het, het julle vir my gedoen.

Die woorde, "as ek maar net verstaan het...geweet het wat ek nou weet sou ek my ma baie beter kon ondersteun het", van een van my vriende eggo voort in hierdie navorsing waar ek gemeentes tot aktiewe pastorale deelname wil aanmoedig om die tagtig plus ouer persone in te sluit in hulle geestelike en emosionele versorging, sodat hulle gestimuleer kan word tot vertroue en hoop en 'n positiewe selfbeeld ten einde dood en pynlike verliese te kan hanteer.

Ons grootste uitdaging in hierdie tyd is om meer te doen as net 'n bietjie liefdadigheid, m.a.w waar ons so nou en dan uitreik na mense in nood. Ons moet leer om saam kerk te wees, saam om te gee. Hierdie skuif sal egter net gemaak kan word as gelowiges besef dat ouer persone ook iets het om te bied. Die kerk het ouer persone net so nodig as wat die ouer persone die kerk nodig het. Wanneer dit kom by geloof en geloofsontwikkeling is ouer persone juis daar om ons jongmense te help verstaan, want hulle het ervaring en 'n geskiedenis daarin.

Dit gaan vir my oor 'n gesindheid van altyd leer en onderrig, oop te wees vir nuwe ervarings, bereid te wees om te deel wat jy leer soos jy ouer word en veral om, om te gee. Dus, ons moet die manier hoe ons ouderdom waarneem verander. Daardie beeld van die bejaarde as een wat strompel na die graf, geteister deur siekte en nie in staat is om vir haar- of homself te sorg nie

moet drasties verander en ouer persone moet ophou om aan hulself te dink as ondoeltreffend en oneffektiewe persone wat net wag om te sterf.

## 3.10. VERWANTSKAP TUSSEN GODSDIENS, SPIRITUALITEIT EN VEROUDERING

### 3.10.1. GODSDIENS

In 1995 het Susan McFadden die verwantskappe tussen godsdiens en die welstand van ouer persone bestudeer.  In haar artikel"Religion and Well-Being in Aging Persons in an Aging Society" maak sy die volgende stelling:

> The emotional calm produced by prayer and meditation, the pleasure of attending worship, the concerned responses of clergy, the social support offered by a caring community, the opportunities for intergenerational contact, and the encouragement of health-related behaviors may all be factors contributing to the well-being of older persons (McFadden 1995:171).

Kollar demonstreer dit in sy artikel "Towards a Spirituality of Aging and Old Age" waar hy sê dat:

> The process of aging is itself a religious activity (Kollar 1985:50).

Gereelde besoeke aan ouer persone kan hulle welstand beïnvloed omdat dit goeie verhoudings bevorder, eensaamheid verminder en 'n ouer persoon se toestand monitor (McFadden 1995:164).

In haar studie verwys sy onder andere na Hadaway and Roof (1978) wat bevind het dat volwassenes met hoë vlakke van godsdienstige verbintenisse aansienlik meer tevrede met hul lewens gevoel het as persone met laer vlakke van toewyding.

Blazer and Palmore het die gevolge van godsdienstige aktiwiteite en gesindhede op ouer persone se welstand oor ‘n tydperk van 18 jaar nagevors (McFadden 1995:167). Hulle het die volgende bevindings gemaak:

> There were significant positive correlations between both religion measures and happiness, feelings of usefulness.... Because the correlations increased over time, the authors concluded that religion becomes increasingly important for personal adjustment in the later years (McFadden 1995:167).

Dus, die neiging in die navorsing dui op 'n positiewe verhouding tussen die fasette van godsdienstigheid en welstand. Ook ander navorsing soos die van Ramsey & Blieszner (1999) aangehaal deur Nelson-Becker, Nakashima & Canda (2006:332) in hulle artikel “Spiritual Assessment in Aging” beklemtoon dat spiritualiteit en godsdiens 'n belangrike rol speel in die lewens van ouer persone en hul vermoë om met verskeie ontberinge wat saam met die verouderingsproses kom, om te gaan.

McFadden maak ‘n belangrike punt as sy sê dat:

> Congregations need to examine their programs and policies to determine how elder-friendly they are (McFadden 1995:171).

Achenbaum het in 1992 die volgende observasie gemaak:

> Many congregations fail to honor their elder members, do not modify pastoral care strategies to adapt to elder needs, ignore the vital roles older women can play in congregational life, and devalue private religious activities in favor of public worship life (McFadden 1995:170).

Die emosionele kalmte wat deur gebed en meditasie bereik word, die vreugde om saam te sing tot eer van die Here, die geestelike en emosionele ondersteuning wat deur 'n omgeegroep gegee word, die geleenthede vir intergenerasie kontak, kan almal faktore wees wat bydra tot die welstand van ouer persone. Die verwantskap tussen religie en die welstand van die ouer persoon word goed saamgevat deur die volgende stelling:

> Religion offers individuals a patterned way of comprehending the world as meaningful (McFadden 1995:171).

### 3.10.2. SPIRITUALITEIT

Ook in die gesondheidsorg word spiritualiteit beskou as 'n belangrike dimensie van menslike welstand wat nodig is vir holistiese versorging van die liggaam, verstand en gees (Annasamy, Clissett, Narayanasamy, Parumal &Thompson 2004:07). Mense verskil in hulle interpretasie van wat spiritualiteit is. Vir my navorsing verkies ek om met die volgende twee definisies te werk:

> That which lies at the core of each person's being, an essential dimension which brings meaning to life. Constituted not only by religious practices, but understood more broadly, as relationship with God, however God or ultimate meaning is perceived by the person, and in relationship with other people (MacKinlay 2006:64).

> Spirituality is the intrinsic human capacity for self-transcendence in which the individual participates in the sacred – something greater than the self. It propels the search for connectedness, meaning, purpose, and ethical responsibility. It is experienced, formed, shaped, and expressed through a wide range of religious narratives, beliefs, and practices, and is shaped by many influences in family, community, society, culture, and nature (Yust, Johnson, Sasso &Roehlkepartain, 2006: 8).

Hierdie geestelike dimensie lok gevoelens uit wat die bestaan van liefde, geloof, hoop, vertroue, ontsag en inspirasie demonstreer; daarin word singewing en 'n rede vir ons bestaan verskaf. Dit kom veral in fokus wanneer 'n individu emosionele stres, fisiese siekte of dood in die gesig staar (Annasamy, Clissett, Narayanasamy, Parumal &Thompson 2004:07). In sy artikel "Disabilities,

Spirituality, and Well-Being in Later Life: Research Foundations for Study and Practice" verwys David Moberg (2008:320) na Koenig, McCullough, & Larson (2001) se navorsing waar bevind is dat persone met hoë vlakke van spiritualiteit aansienlik meer geneig is om lewenstevredenheid, welstand, goeie gesondheid, en vinniger genesing te ervaar wanneer hulle siek is.

Veroudering en spiritualiteit is van toepassing op elke individu, benadruk Mowat (2006:03). Sy verbind ons geestelike reis met die soektog na betekenis en beskou die primêre taak van veroudering as geestelike ontwikkeling (Mowat 2006:04). Volgens hierdie perspektief, voeg sy by, is suksesvolle veroudering "therefore one that embraces and selfconsciously embarks upon a spiritual journey" (Mowat 2006:04). Vir Atchley (2006:23) is die spirituele reis "about becoming rooted in being, about nurturing and living in a connection with the sacred, however labeled". In 'n studie wat hy onderneem het in 1995, het nege en sewentig persent van die respondente wat bo sewentig was gesê dat hulle innerlike lewe meer belangrik is, in vergelyking met toe hulle 50 was (Atchley 2006:25).

As veroudering self 'n religieuse aktiwiteit is wat agteruitgang en verliese behels en die primêre taak van veroudering geestelike ontwikkeling is, (waar ons geestelike reis met die soektog na betekenis verbind word), het ons as gelowiges dan nie 'n unieke en absoluut noodsaaklike rol om te vervul in die geestelike en emosionele versorging van ouerwordende persoon nie? In antwoord hierop skrywe Hudson & Richmond:

> While chaplains have a unique role, spiritual care is enacted by all who care, through touch, gesture, even hesitant and clumsy words which convey the healing gift of one person's presence to another (Hudson & Richmond 2000:138).

Die drie plae van ons ouer gemeenskap volgens navorsing is eensaamheid, isolasie, en verveling (Hudson 2006:53). As gelowiges het ons 'n taak om saam te reis en mekaar te help om die sin in elke stadium van ons lewe te ontdek. Wie van ons kan sê dat sy lewe heel is en dat hy nie 'n behoefte aan genesing het nie of wie van ons is in staat om sy eie lewe te versorg sonder die hulp van ander, of sonder 'n transendente Ander (Hudson 2006:56).

Topper (2003:13) maak melding van vier kern spirituele behoeftes, naamlik:

- die behoefte aan betekenis en doel in die lewe;
- die behoefte om liefde te gee;
- die behoefte om liefde te ontvang;
- die behoefte aan vergifnis, hoop en kreatiwiteit.

Ek ondersteun MacKinlay as hy sê:

> The spiritual dimension can no longer be an optional extra to care; it is too important and too central to the well being of human beings (MacKinlay 2006:63).

Spirituele sorg word deesdae beskou as ’n onontbeerlike faset van holistiese sorg.  Die spirituele dimensie van menswees kan dus nie langer geïgnoreer word nie.  Daar is bevind dat depressie, verlies en ervarings van angs te doen het met die gebrek aan lewensrigting, sin en hoop. Soos Frankl, (1964)  tereg sê:

> Man is not destroyed by suffering but by suffering without meaning (Koepke 2011:27).

David neem ook hierdie stanpunt in as hy sê:

> Older persons need a sense of meaning in order to continue to struggle and cope with the eroding and debilitating diminishments that aging and growing older eventually usher in (David 2001:132).

Verder sê MacKinlay (2006:63) dat persone wat sorg verskaf in voeling moet wees met hulle eie spiritualiteit.  Koepke (2011:27) beskou veroudering as 'n proses van geestelike verkenning, selfs groei, soos die persoon na betekenis soek wat sin maak uit siekte /verlies /gestremdheid.  Dit leer ons wat belangrik is in die lewe (Koepke 2011:27).  Hy vertel dat van sy mees diepgaande ervarings van geestelike versorging in klein, intieme, kontemplatiewe gebed groepe gebeur.  ‘n Opname van pastorale sorg vir ouer persone het bevind dat om met ander te bid, die mees waardevolle diens vir die deelnemers was (Collins, Moroka, Furman & Bruce 2005: 236).  Dit was ook my ervaring met my skoonpa.  Ek onthou nog hoe hy gebed nodig gehad het as hy swak gevoel het.  Dit het vir hom baie beteken dat hy die vrymoedigheid kon neem om my enige tyd te bel as hy swak gevoel het.

Sy behoefte om sy lewenstorie met ander te deel en om deel te voel van ‘n gemeente, het my diep geraak. Ouer persone moet aangemoedig word om hulle lewenstories te deel. As ons aan hulle geleenthede kan verskaf om hulle stories te vertel kry hulle weer geleentheid om ander te inspireer oor hoe mens kan aanpas by veranderinge oor ‘n leeftyd. Diegene met probleme, wat nie in staat is om aan te pas of hulle lewens te herdefinieer nie, dus nie in staat is om hulle identiteit te herwin nie, kan met gepaste geleenthede temas van hulle lewe en kwessies verwoord en op hierdie manier gehelp word om sinvol te lewe (Langer 2000:48). Dit is noodsaaklik dat ons, ons wysheid met mekaar deel en ouer persone in hulle krisisse ondersteun sodat hulle die lig deur die krake van verlies en teleurstelling sien (Langer 2000:48). Vir my vat Kollar dit goed saam as hy sê:

> Spirituality of aging and old age must show that there is more to life than the here and now (Kollar 1985:57).

Uit bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat die spirituele dimensie in die ouer persoon meer fokus op singewing, hoe om verliese te hanteer wat ook die liggaam insluit, om te vergewe en te versoen. Die tagtig plus ouer persoon kan geestelik en emosioneel versorg word deur in ‘n verhoudingsgerigte omgee saam met hulle te bid, saam Bybel of ander riligieuse materiaal te lees, saam te ontdek dat ons in die lig van God en sy vervulde beloftes beweeg, die nagmaal vir hulle te bedien, deur na hulle te luister en hulle te bemoedig en of te troos, te ondersteun waar hulle hopeloos, hartseer, bang of selfs kwaad voel, hulle te help om met skuldgevoelens te deel of versoening met familielede te bewerkstellig, hulle menswaardig te behandel, gebeure in die

kerk met hulle te deel, help om hulle identiteit te herwin deur saam daardie dinge te identifiseer wat uiteindelike singewing bring en deur ‘n vriendin/ vriend vir hulle te wees.

## 3.11. SAAMREIS

Alles wat tot dusver bespreek is vind plaas binne ‘n verhouding. Ons is spirituele wesens wat verhoudings tot gevolg het. Vanuit die pastoraat benader ons die mens vanuit ‘n eskatologiese perspektief met die transedente dimensie van sinvelde (Louw 1993:208). Ons werk dus binne die pastoraat met ‘n geloofsfaktor en probeer om mense by te staan in hulle geloofsontwikkeling. Dit gaan nie om myself nie maar om die belang van die ander met die oog op die Woord van God. Dit gaan oor ‘n gesindheid om te dien en die ander persoon se belange te bevorder. Dit gaan ook oor ‘n proses van saamreis.

Die pastorale verantwoordelikheid van elke gelowige skep so ‘n geleentheid om saam met die tagtig plus ouer persoon te reis. Louw maak ‘n geldige punt as hy sê dat:

> Wanneer hierdie werk egter nie begelei word vanuit ‘n persoonlike geloofservaring of ontmoeting met God wat in geloofsgedrag neerslag vind nie, besit hierdie werk streng gesproke nie ‘n ware pastorale inslag nie (Louw 1993:217).

Dit is dan ook vanuit hierdie geloofservaring wat die hulpverlener saamreis om herstel/heelmaak te bewerkstellig en in die proses sin, hoop en liefde te bring. Tot ‘n seker mate is hierdie studie ook ‘n saamreis met die tagtigplus ouer persoon om hulle leefwêreld beter te verstaan en sodoende noodsaaklike inligting in te samel sodat die geestelike en emosionele versorging van

hierdie ouer persone nie agterweë raak nie maar nuwe horisonne tot gevolg kan hê wat hoop vir ‘n toenemende ouer gemeenskap kan bring.

Party tagtig plus ouer persone ervaar vreugde en vrede ten spyte van hulle omstandighede terwyl ander weer wanhopig is. Vreugde en vrede is tekens van spirituele welstand. Paulus skrywe 2 korintiërs 4:16 in die verband:

> Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.

My navorsing wil poog om die pastor te help deur geleenthede van saamreis aan te gryp waar jonk en oud betrokke kan raak by die geestelike en emosionele versorging van veral die tagtig plus ouer persoon. Is dit dan nie ‘n tyd van geleenthede en genade nie….? Vandag hoor ek die Here weer vra: “Wie sal Ek stuur en wie sal gaan?” na aanleiding van Jesaja 6:8.

Wat moet plaasvind is ‘n paradigmaskuif waar pastorale sorg 'n bediening word van die gemeente, deur die gemeente, vir die gemeente (Rost 2005:125). Daar moet dus ’n klemverskuiwing van hoe die gemeente betrek kan word, plaasvind. Dit is 'n fundamentele uitdrukking van die priesterskap van alle gelowiges, verduidelik Rost (2005:125). Rost maak ‘n geldige punt as hy sê dat:

> Until this fundamental shift takes place in the pastoral leadership, the communal dimension of this spirituality will not be recognized or nurtured (Rost 2005:125).

Wie van ons verstaan wat eensaamheid is as jy nog self nie eensaam was nie.  Wanneer jy ‘n reisiger in die tagtig plus ouer persone se lewe word, word jy bewus van hulle verlange aan koinonia.  Louw (1993:276) maak in die verband ‘n belangrike stelling as hy sê dat die basiese behoefte aan verhoudinge beteken dat groei en herstel slegs plaasvind binne ‘n sorgende verhouding van liefde.  Mense sê hulle wil graag deel wees van .... met ander woorde  hulle wil êrens behoort aan.  Dus, ons almal is opsoek na ‘n ervaring van vertroue en geborgenheid binne die heelal.

Deur die tagtig plus ouer persone in te sluit in ons geestelike en emosionele versorging word hulle gestimuleer tot vertroue, hoop en ‘n positiewe selfbeeld, ten einde dood en pynlike verliese te kan hanteer.  Hulle word weer betrokke gemaak by die lewe en sodoende kan daar weer by hulle ‘n ervaring van vreugde ontspruit om die lewe as ‘n goeie gawe te geniet en word hulle in staat gestel om sinvol vorentoe te beweeg.  Hulle het nie net ondersteuning en sorg nodig nie maar het ook baie om te gee.  Deur hulle aan te moedig om hulle spesifieke vermoëns te gebruik word respek teenoor hulle getoon.  In die proses hoop die navorser dat 'n meer positiewe houding teenoor die tagtig plus ouer persoon sal ontwikkel  in 'n huidige ouderdom-onvriendelike wêreld...“for research always aims to generate knowledge that will enable one to change the current into a more desirable situation...” (Heitink 1999:223-224).

## 3.12. TEORIEË OOR VEROUDERING

Vanuit die sosiologie en gerontologie is verskeie teorieë en konsepte ontwikkel in verband met die betekenis en proses van veroudering.  Volgens Malan en Dreyer (2009:02) is hierdie afdeling

ook vir die pastoraat van belang omrede die kerk en samelewing deel uitmaak van die sosiale gebied van menswees, en godsdiens ‘n kernfaset van die samelewing is.

## 3.12.1. TEORIEË OOR VEROUDERING UIT DIE SOSIOLOGIE

Wanneer die verouderingsproses nagevors word vanuit ‘n sosiologiese perspektief, word daar veral gefokus op die negatiewe sosiale omstandighede waarin ouer persone hulle bevind en wat gedoen kan word om die situasie te verander. Die aktiwiteitsteorie is ‘n sosiologiese teorie wat tot ‘n beter begrip van outentieke veroudering kan bydra en word vervolgens bespreek (Malan en Dreyer 2009:02).

### 3.12.1.1. AKTIWITEITSTEORIE

Die aktiwiteitsteorie se uitgangspunt is kortom dat ouer persone wat aktief bly suksesvoller verouder (Malan en Dreyer 2009:02). Die teorie bepaal dat hoe aktiewer 'n bejaarde liggaamlik, psigies en sosiaal is, hoe suksesvoller sal hy by bejaardheid aanpas. Dit is dus belangrik om daardie leefwyse van hulle middeljare so ver moontlik te behou en daardie aktiwiteite wat hulle weens aftrede of verswakte gesondheid gestaak het te vervang met ander wat by hulle vermoëns pas. ’n Kern aangeleentheid in die aktiwiteitsteorie is dat 'n beter rolidentiteit en selfkonsep die gevolg is van 'n hoë aktiwiteitsvlak omrede dit lei tot meer rolondersteuning wat op sy beurt weer 'n positiewe selfbeeld bevorder en sodoende lewenstevredenheid bewerkstellig.

Vervolgens verduidelik Malan en Dreyer (2009:02) dat “aktiwiteite” ook na informele aktiwiteite op persoonlike vlak met vriende of bure, formele aktiwiteite ter ondersteuning van

vrywillige organisasies, sowel as ontspanningsaktiwiteite,verwys. Ek ondersteun Malan en Dreyer (2009:02) as hulle sê dat aktiewe betrokkenheid alleen nie suksesvolle aanpassing waarborg nie en daarom is die waarde van die aktiwiteitsteorie beperk.

Die waarde van die aktiwiteitsteorie lê daarin dat dit hulpverening moontlik maak deur byvoorbeeld nuwe aktiwiteite vir oud en jonk te ontgin wat aktiewe betrokkenheid aanmoedig (moontlik kan dit die negatiewe stereotipering van die bejaarde uit die weg ruim) asook ander moontlike sinvolle aktiwiteite wat deel kan word van die taak van die pastor en die geloofsgemeenskap ten opsigte van die versorging van ouer persone (Malan en Dreyer 2009:03).

### 3.12.2. TEORIEË OOR VEROUDERING UIT DIE PSIGOLOGIE EN GERONTOLOGIE

#### 3.12.2.1. KONTINUÏTEITSTEORIE

Die kontinuïteitsteorie kan gesien word as aansluitend by die aktiwiteitsteorie. Die kontinuïteitsteorie reken dat verlore rolle deur nuwe rolle vervang behoort te word of indien moontlik die effektiewe kontinuering van bestaande rolle waaraan die individu gewoond was (Malan en Dreyer 2009:03). Atchley beskryf die kern van dié teorie soos volg:

> Continuity theory describes the role that consistency, or a lack thereof, plays in defining one's sense of the self as an older person (Atchley 1989:37).

In die kontinuïteitsteorie word daar verwys na interne kontinuïteit wat geleë is in stabiele interpersoonlike kenmerke wat tot aanpasbaarheid by die omgewing bydra en wat versteur kan

word wanneer ouer persone byvoorbeeld hulle werk verloor en eksterne kontinuïteit wat weer met die stabiliteit van die eksterne omgewing te doen het bevoorbeeld waar ‘n ouer persoon nie meer motor mag bestuur nie, kan dié verlies aan beheer oor die eksterne omgewing ‘n traumatiese ervaring wees (Malan en Dreyer 2009:03).

Diskontinuïteit kan die individu onverwags beïnvloed en kan positief of negatief wees. Waar positiewe diskontinuïteit veranderings behels wat aangenaam of wenslik is, byvoorbeeld die wen van ‘n lotery, is negatiewe diskontinuïteit veranderings wat ongunstig beleef word en angs en depressie kan veroorsaak, byvoorbeeld die trauma en spanning verbonde aan verhuising na ‘n ouetehuis (Malan en Dreyer 2009:04).

As deel van die geestelike en emosionele versorging van die lidmate aan die tagtig plus ouer persoon, kan hulle help om kontinuïteit vir die ouer persoon te skep. Alhoewel hierdie teorie sy beperkinge het kan dit wel goed benut word deur byvoorbeeld te konsentreer op die individu se voorkeure en hoe dit met sy/haar sorgbehoeftes verband hou (Malan en Dreyer 2009:04). Malan en Dreyer (2009:04) maak in die verband ‘n belangrike opmerking as hulle sê dat dit belangrik is om te besef dat ouer persone ondersteuning nodig het om hierdie aanpassings suksesvol te maak.

### 3.12.2.2. ONTTREKKINGSTEORIE

Die kern van die ontkoppelingsteorie is dat dit normaal vir ouer persone is om hulle aan die samelewing te onttrek (Malan en Dreyer 2009:03). Malan en Dreyer (2009:03) bevraagteken egter die veronderstelling van die teorie, naamlik dat ouer persone mettertyd aan die samelewing móét onttrek weens ‘n afname in energie en die feit dat jonger persone bejaardes se rolle moet

oorneem.  Hulle voer aan dat dit nie vir alle ouer persone nodig is om te onttrek ten einde sinvol te verouder nie want talle ouer persone vervul nog op tagtig en ouer ‘n aktiewe rol in die samelewing (Malan en Dreyer 2009:03).   Ons kan met ander woorde nie veralgemeen nie omdat mense uniek is.  Sommige ouer persone sal byvoorbeeld op 'n vroeër ouderdom as ander ontkoppel en ook meer verbintenisse met ander individue verbreek.  Dit is ‘n voortdurende proses soos wat pligte en verantwoordelikhede verminder.  Daar is verskeie redes waarom ouer persone onttrek.  Omstandighede soos die dood van ‘n vriend of ‘n eggenoot en die daaropvolgende verlies van verblyf is van die aanpassings wat die ouer persoon se verhoudingspatroon kan beïnvloed en moontlik 'n gevoel van nutteloosheid kan veroorsaak.

Om by veroudering aan te pas vereis 'n mate van buigsaamheid en die teorie kan die pastor en geloofsgemeenskap help om ouer persone wat deur hierdie proses gaan beter te ondersteun en met die skep van alternatiewe rolle by te staan (Malan en Dreyer 2009:03).

### 3.12.2.3. PERSOONLIKHEIDSTEORIEË

Vanuit ‘n psigologiese perspektief berus persoonlikheidsteorieë daarop dat mense se persoonlikheid bepaal hoe suksesvol hulle by die samelewing aanpas (Malan en Dreyer 2009:03).  Vir die ouerwordende persoon om suksesvol of outentiek by hulle verskillende lewensituasies aan te pas en hulle lewenspatroon voort te sit hang volgens die persoonlikheidsteorieë af van ouer persone se persoonlikheid of inherente vermoë af (Malan en Dreyer 2009:03).

Malan en Dreyer (2009:03) verwys ondere andere na Neugarten, Moore en Lowe (1965) wat ten opsigte van bejaardheid onderskei tussen die geïntegreerde persoonlikheid, die verdedigende persoonlikheid, en die ongeïntegreerde persoonlikheid. Die geïntegreerde persoonlikheid se sterk punte is dat hulle oor ‘n hoë vlak van tevredenheid met hulle lewensituasie en bestaande rolle beskik en hulle funksioneer steeds goed op kognitiewe vlak. Hoewel mense met ‘n verdedigende persoonlikheid ambisieus is, op uitdagings floreer en ‘n hoë weerstand teen angs openbaar, is hulle egter daartoe geneig om aan rolsituasies uit die verlede vas te klou. Mense wat sukkel om hulle emosies te beheer, wie se denkproses agteruitgaan en ‘n betreklik lae vlak van rolaktiwiteit handhaaf, passief en afhanklik is, val binne die ongeïntegreerde persoonlikheidskategorie.

Ek stem saam met Malan en Dreyer (2009:03) as hulle sê dat nie alles net van die ouer persoon se persoonlikheid afhang nie, byvoorbeeld die samelewing se sosiale invloed op die individu speel ook ‘n rol en daarom kan hierdie persoonlikheidsteorie vir bejaardheid nie sonder meer, sonder inagneming van ander faktore, toegepas word nie. Derhalwe beklemtoon die teorie die ontwikkelingsproses van individuele persoonseienskappe (Malan en Dreyer 2009:03).

## 3.13. SAMEVATTING

Nadat die plek van pastorale sorg binne 'n prakties-teologiese raamwerk geskets is, ‘n definisie van pastorale sorg en praktiese teologie onderneem is, verskillende metafore wat die ryk geskakeerde omvang van die sorgkonsep en vorme van pastorale werk bespreek is en daar ook geargumenteer is oor die waarde en nut van spiritualiteit en godsdiens in veroudering, teorieë en

‘n teologie van veroudering bekyk is, sal die vierde hoofstuk die resultate van die empiriese ondersoek bespreek.

# HOOFSTUK 4

# RESULTATE: VOORLEGGING EN BESPREKING

## 4.1. INLEIDING

Die inligting vervat in die vorige hoofstuk is hoofsaaklik afkomstig uit 'n literatuurstudie wat deur die navorser onderneem is. In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek bespreek. Die fokus van hierdie studie is die emosionele en geestelike versorging van die tagtig plus ouer persoon en die realisering daarvan deur die geloofsgemeenskap van Mosselbaai. Vir die doel van die studie is empiriese data ingewin deur ongestruktureerde onderhoude met die tagtig plus ouer persoon, hulle verpleegpersoneel asook geestelike leiers, te voer.

Sestien deelnemers is geïdentifiseer en ondervra. Hulle het gereageer op vrae wat in die onderhoudskedule gelys is (Bylae B). Die vrae op die onderhoudskedule sou aangevul word deur verdere addisionele of opvolg vrae wat in lyn is met die aard van kwalitatiewe navorsing en die data-insameling tegniek van in-diepte onderhoude. Die data uit die empiriese studie word weergegee in die vorm van aanhalings uit die transkripsies, wat volgens verskeie temas gegroepeer en met die literatuur gekontroleer is.

## 4.2. KEUSE VAN DEELNEMERS

Volgens Miles, Huberman & Saldaña (2014:31) werk kwalitatiewe navorsers gewoonlik met "... small samples of people, nested in their context and studied in-depth". Aan die hand van my navorsingsvraag en doelwitte van hierdie studie moes deelnemers aan sekere kriteria voldoen om geselekteer te word. Die kriteria vir selektering is beperk tot individue in Mosselbaai wat bestaan uit die tagtig plus ouer persoon in versorgingsentrums, hul verpleegpersoneel, die wat nog selfversorgend is en geestelike leiers uit verskillende denominasies betrokke by die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon.

Deelnemers was gewerf deur kontak te maak met geestelike leiers en persone wat in beheer van die versorgingsentrums in Mosselbaai is. Die aard en doel van die studie was aan hulle verduidelik tydens ons onmoeting asook 'n versoek om die tagtig plus ouer persone wat vrywillig aan die navorsing wil deelneem, te identifiseer. Elkeen van die geïdentifiseerde deelnemers was 'n brief gegee wat hulle versoek het om vrywillig deel te neem aan die navorsing. Die brief verseker potensiële deelnemers van vertroulikheid en anonimiteit in die finale verslag.

## 4.3. UITNODIGINGS AAN DEELNEMERS

Deelnemers moet 'n ingeligte besluit oor hul deelname kan neem. Uitnodigingsbriewe waarin hulle vrywillige deelname versoek word was aan geselekteerde deelnemers geskryf (Bylae A). Navorserpraktisyns moet data oor deelnemers vertroulik hanteer. Die brief het hulle die versekering gegee dat vertroulikheid en anonimiteit in die finale verslag gehandhaaf sou word.

Die briewe was opgevolg met ‘n telefoonoproep vir die skedulering van afsprake. Afsprake is gemaak vir die onderhoude op ‘n plek wat gerieflik was vir die deelnemers.

Die uitnodigingsbrief het die volgende fasette gedek:

- Doelwitte van die studie.
- Versoek om deel te neem.
- Versekering dat vertroulikheid gehandhaaf sal word en die nakoming van etiese verpligtinge en oorwegings.
- Vryheid om te onttrek van deelname op enige stadium van die navorsing.
- Beraamde duur van elke onderhoud (45 min tot 60 min).

## 4.4. INLIGTING AANGAANDE DIE DEELNEMERS AAN DIE NAVORSING

In ooreenstemming met die versekering van vertroulikheid en anonimiteit in die finale aanbieding van die verslag, is elke deelnemer 'n letter van die alfabet toegeken ten einde die gebruik van die name van die deelnemers te verhoed. Dit was ook gedoen om identifikasie te verberg.

Die volgende tabel weerspieël die profile van die deelnemers

Tabel 1

| **Deelnemer** | **Geslag** | **Ouderdom** | **Huwelikstatus** | **Beroep** | **Self-versorgend** |
|---|---|---|---|---|---|
| A | vrou | nvt | nvt | Verpleegster | nvt |
| B | vrou | 85 | ongetroud | pensionaris | nee |
| C | man | 87 | ongetroud | pensionaris | nee |
| D | man | 97 | ongetroud | pensionaris | nee |
| E | vrou | 85 | ongetroud | pensionaris | ja |
| F | vrou | nvt | nvt | Verpleegster | nvt |
| G | vrou | 98 | ongetroud | pensionaris | nee |
| H | vrou | 91 | ongetroud | pensionaris | nee |
| I | vrou | 81 | ongetroud | pensionaris | ja |
| J | vrou | 82 | ongetroud | pensionaris | ja |
| K | vrou | 95 | ongetroud | pensionaris | nee |
| L | man | 90 | ongetroud | pensionaris | ja |
| M | man | nvt | nvt | predikant | nvt |
| N | man | nvt | nvt | pastoor | nvt |
| O | man | 82 | getroud | pensionaris | ja |
| P | vrou | 80 | getroud | pensionaris | ja |

## 4.5. ROL VAN GODSDIENS GELOOF, GEBED EN SPIRITUALITEIT

Al die deelnemers het omomwonde bevestig dat godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit ‘n baie belangrike rol in hulle lewens speel. Hierdie vraag oor die rol van geloof in hulle lewe het by al my deelnemers bo tagtig ‘n verhaal ontketen van God se betrokkenheid in hulle lewens. Hulle het behoorlik gestraal in hulle vertel van hulle stories en ek het elke keer weggestap met ‘n verwondering oor die diepte en rykdom van ons Heer se genade.

Die fondament van hulle lewe is die krag van hulle geloof wat hulle deur veelbewoë tye staande hou.  Te midde van hulle traumatiese ondervindings het hulle geloofsverdieping en geloofsgroei beleef.  In die lewe met sy storms vind hulle vaste grond in toegewyde gebeds- en geloofsuitlewing.  Hulle stories getuig van hulle geloof, hoop, dankbaarheid, liefde en blydskap waarmee hulle elke dag leef.  Ek bespeur by hulle ‘n diep afhanklikheid en verbintenis aan God se trou.  Al die deelnemers bo tagtig gebruik godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit om dikwels negatiwiteit, swaarkry, verliese en ook eensaamheid te hanteer.  Deelnemers wy baie van hul tyd aan Christelike aktiwiteite ter versterking van hul geloof.

Hierdie verankering in die geloof kom sterk na vore uit die volgende gesprekke met die deelnemers:

Tabel 2

| **D** | **Rol van godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit** | |
|---|---|---|
| | **Belangrikheid** | **Getuienisse** |
| A | "Dit is vir hulle baie belangrik." | |
| B | "Dit is vir my belangrik." | "Ek lees graag religieuse boeke vir bemoediging en troos…en jy leer jouself eintlik ken.”  Lewelank al lidmaat maar veral nou het dit nog meer belangrik geword in haar lewe. |
| C | "Belangrik vir my." | "Leef nou nader aan ons God."  "Ek troos mense gewoonlik met toemaar maats die Here sal voorsien." |
| D | "Baie, baie belangrik vir my." | "Ons het groot geword met godsdiens in die huis". Nou meer belangrik as toe hy jonger was. Hy vertel van twee groot siekbeddens wat hy gehad het en "die Here het my hierdeur gedra" getuig hy. |

| D | Rol van godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit | |
|---|---|---|
| | **Belangrikheid** | **Getuienisse** |
| E | "Meer belangrik nou." | "Ek het my man verloor en 4 kinders groot gemaak... dan beroep jy jou op die geloof en genade." "My lewe lank lidmaat." "Sou nie my kinders kon grootmaak nie." "Gebed gee krag." |
| F | "Baie groter bewuswording van hulle geestelikheid en spiritualiteit." | "Baie erken daar was tye toe ek afgedwaal het toe ek jonk was." "Hulle ervaar die Here se teenwoordigheid nou meer... of hulle nader aan die Here is…jy kom dit agter as jy met hulle in gesprek is". |
| G | "Deel van my lewe. Ek lewe vir die Here" | "Jy vergeet die wêreldse goed." "ek het dit alles deurgemaak maar die Here was altyd by my." "Ek het niks te worry nie... ek weet die Here is by my…dit is die belangrikste." |
| H | "alles …alles…alles!" | Sy deel met my dat die Here een oggend op 'n besondere wyse haar gebed beantwoord het met: "my kind my genade is vir jou genoeg". "Die Here het my gehoor en die Here het my geantwoord." "In my hele lewe kom die Here eerste." |
| I | "Ja dit is vir my belangrik." | "Ek geniet die Here se goedheid." |
| J | "Is kardinaal eintlik." | "My ma se voorbeeld en betrokkenheid." (Haar ma het 97 jaar oud geword). Sy het dit nodig gevoel om betrokke te raak na haar aftrede en om dit te doen wat sy nooit kon doen toe sy nog gewerk het nie. |
| K | "Deel van my lewe." | "Ek kan vir jou sê soos ek die lewe ondervind het en nou nog…'n mens kan net op jou knieë bly soos ek vanmore in die biduur gebid het ons kan nie genoeg sê dankie vir hom nie want elke asemteug is 'n geskenk uit God se hand." "Die Here het al baie wonderwerke vir my gedoen." |
| L | "Geweldig" | "My vrou is onlangs oorlede en die Here gee my krag, dra my elke dag." |
| M | "Geestelike versorging is vir hulle geweldig belangrik daarom moet ons hulle ook so bedien dat hulle geestelik en na waarde versorg word." | "Hulle is baie passievol oor hulle geestelike lewe." |
| N | "Dit is vir hulle geweldig belangrik." | |

| D | Rol van godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit | |
|---|---|---|
| | **Belangrikheid** | **Getuienisse** |
| O | Om te lewe is vir hom Christus. | Daar is by hom 'n spontane dankbaarheid oor ’n lang pad wat agter die rug lê. Sy getuienis van die Here se voorsienigheid het my diep geraak. |
| P | "Ek is meer bewus van die Here se genade." | "Die Here gebruik ons as Sy verteenwoordigers want ons is Jesus se hande en voete." |

Die belangrike rol wat godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit in hulle lewe speel stem ooreen met my literatuurstudie. Wang (2002:01) in haar navorsing oor veroudering en religieuse deelname in die latere jare, maak die volgende afleiding in haar studie: “Supporting an older adult’s religious participation recognizes him as a whole person”. Dit beaam maar net weer eens die noodsaaklikheid van hulle geestelike en emosionele versorging.

## 4.6. VERHOUDINGS

Uit bogenoemde gesprekke het ons gesien hoe belangrik dit vir hulle is om hulle geestelike verhouding met God te verdiep en om in intimiteit met God te groei, prioriteit geniet. Verhoudings vir die tagtig plus ouer persoon is baie belangrik, kosbaar en ook noodsaaklik. Ons is spirituele wesens by wie die drang en behoefte aanwesig is om in verhouding met ander persone te leef. Ons het mense nodig om mee te sosialiseer en idees mee uit te ruil. Wanneer die tagtig plus ouer persoon nie meer erken word binne die dinamika van verhoudings nie, verhoog dit die risiko van sosiale isolasie wat eensaamheid in die hand kan werk.

Dit gebeur veral wanneer die ouer persoon gesondheidsprobleme ondervind soos gehoorverlies, gesigverlies, geheueverlies, verwarring, depressie, verlies van mobiliteit, ensovoorts. Selfs ‘n

gebrekkige gevoel van finansiële sekuriteit kan veroorsaak dat hulle teruggetrokke of uitgesluit voel. Al die deelnemers in die groep tagtig plus het kosbare vriende deur die jare heen verloor en hierdie verlies van betekenisvolle vriendskapsverhoudings dra verder by tot die ervaring van eensaamheid.

### 4.6.1. SOSIALE VERHOUDINGS

Volgens Wagner et al. (2015:138) is sosiale verhoudings en positiewe sosiale interaksie primêre bronne van selfbeeld vir oud en jonk. Hulle studie onthul onder andere, dat om nie eensaam te voel in bejaardheid nie, ‘n gevoel van eiewaarde verhoog en voeg hulle by:

> ….social relationships not only play an important role in late life, but also become increasingly important for positive self-evaluations (Wagner et al. 2015:145).

In ‘n studie oor watter sosiale verhoudings ‘n positiewe effek het op die bejaarde se gesondheid bevind Sabin (1993:55) onder andere dat die risiko van sterftes onder ouer persone verlaag kan word deur meer sosiaal aktief te verkeer. In die algemeen bevestig Sabin (1993:56) dat sekere verhoudings gevolglike sterftes onder persone sewentig jaar en ouer kan verlaag na inagneming van moontlike gevolge van ouderdom, geslag, gesondheid en gestremdheid. Die belangrikste verhoudings volgens Sabin wat die risiko van mortaliteit kan verminder sluit in:

> Relationships that are an end in themselves (as opposed to instrumental relationships) and voluntary (as opposed to family relationship) (Sabin 1993:56).

Hierdie punt word ook gedryf deur Fiksenbaum et al. (2006:20) as hulle sê dat emosioneel betekenisvolle sosiale verhoudings help met aanpasbaarheid of volharding wat nodig mag wees om probleme wat geassosieer word met veroudering suksesvol aan te pak. Op grond hiervan is dit dus belangrik dat aandag gegee sal word aan verhoudings want gevoelens van sosiale insluiting en positiewe interaksies speel 'n belangrike rol in die tagtig plus ouer persoon se eiewaarde en gevoel van geborgenheid.

## 4.6.2. BELANGRIKHEID VAN GESONDE VERHOUDINGS

Die belangrikheid van gesonde verhoudings kom na vore in terme van wie beskikbaar is met die bystaan in die hantering van hulle probleme. Die onderhoude het die volgende geopenbaar:

Tabel 3

| D | Hantering van probleme/ krisisse | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Familie** | **Vriende** | **Verpleegpersoneel** | **Kerkleier** |
| A | | | Daar is nie genoeg tyd om saam met die ouer persone te kuier nie. "alles werk met tyd hier binne." | |
| B | | Skryf brief aan vriendin in Nama-kwaland wat vir haar terapeuties is. "Ek het 'n getroue vriendin (buurvrou toe sy nog in haar huis gewoon het) wat gereeld kom inloer." | Het baie lof vir die verpleegpersoneel | Sou graag met dominee wil praat maar "die gemeente is te groot". Die predikant wat haar bygestaan het met haar man se dood is nie meer in haar wyk nie met die gevolg dat sy kontak verloor het met hom en sy voel: "asof ek hom nie meer vertrou nie." Daardie vrymoedigheid wat sy altyd gehad het om hom te kontak is nou weg. |

| D | Hantering van probleme/ krisisse | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Familie** | **Vriende** | **Verpleegpersoneel** | **Kerkleier** |
| C | "Die suster bel my oudste seun." | "Ek verlang op my ouderdom nog na vroue geselskap." | Het baie lof vir die verpleegsters en hulle is belangrik vir hom vir sy emosionele versorging. | As dit 'n groot krisis is sal die predikant ook genader word. Is te vrede met pastorale versorging van die predikante. |
| D | Dogter (Seun het baie gehelp maar is onlangs oorlede). Pa en Seun het saam in versorgings-sentrum gewoon.Pa in siekeboeg en seun in huis in die sorgsentrum. Hy het hom altyd gestoot in die rolstoel.Dit was 'n groot skok vir hom en hy is nog besig om dit te verwerk. | "Ek bly al vyftien jaar in sentrum en het vriende wat kom inloer. Elke Maandag more kom een van die inwoners 'n gebed doen. Was vyf gewees maar die ander is al oorlede." | Het 'n baie goeie verhouding met die verpleegpersoneel en hulle ondersteun hom emosioneel as hulle tydjie kry. | Het groot waardering as die predikant hom besoek |
| E | Het vier kinders (hulle woon nie in Mosselbaai nie). Sy beskryf haar verhouding met haar kinders as goed en hulle is gereeld in kontak met mekaar. | Haar dierbare buurvrou is oorlede en dit laat 'n groot leemte in haar lewe:<br><br>"ons het altyd saam gebid ." | | Teleurgesteld in die pastorale versorging van die predikant. Het depressie gehad en moes self daardeur werk. |
| F | "Baie van hierdie mense se kinders is oorsee." | | | |
| G | Haar 4 kinders woon nie in Mosselbaai nie maar bel daagliks. Wat haar dra is die wete dat haar kinders lief is vir haar. | Dame oorkant haar kamer is haar kosbare vriendin. Het baie vriende deur die jare heen verloor. Vandat sy in die siekeboeg beland het, het haar sosiale netwerk nog kleiner geword. Sy het 7 jaar in 'n huisie in die oord gebly - nou is sy in 'n kamer."Jy weet die vriende is almal dood" sê sy vir my in 'n sagte stem. | "Verpleegsters is baie hulpvaardig". | Het nie veel kontak met predikant vandat sy in die siekeboeg beland het en nie meer kerklike aktiwiteite kan bywoon nie nie |

| D | Hantering van probleme/ krisisse | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Familie** | **Vriende** | **Verpleegpersoneel** | **Kerkleier** |
| H | Kan haar dogter kontak wat naby haar woon. | Het ‘n spesiale vriendin met wie sy alles kan deel. | Haar verhouding met die verpleegsters is besonders. | Die feit dat sy so betrokke is by die kerk veral in haar hoedanigheid as diaken help dat sy enige probleem met hom kan bespreek |
| I | Bly by haar dogter | Het nog heelwat vriendinne in die kerk. | | Sy het ‘n goeie verhouding met die predikant wat sy deels toeskryf aan haar deelname in die gemeente se aktiwiteite. |
| J | Het geen kinders | Haar vriende in die kerk is die sorgnetwerk op wie sy steun. | | Sy kan enige tyd met Predikant gesels oor haar probleme |
| K | Dogter bly naby en is gereeld in kontak met haar. Haar seun bel gereeld en haar kleindogter is ‘n predikant. | Het ‘n spesiale vriendin wat saam bid en Bybelstudie doen. | Hulle is deurslaggewend in haar elke dag se sorg. "Man hulle is wonderlik hier as jy hulp nodig het dan kom hulle dadelik." | Die feit dat haar kleindogter ‘n predikant is maak haar bewus van die uitdagings wat predikante het en dit versterk haar bande met die predikante in haar gemeente. |
| L | Dogter bly nie ver van hom af nie. | Hy het baie vriende a.g.v. sy betrokkenheid as handyman in die sentrum. Na die dood van sy vrou is hy minder sosiaal. | | Teleurgesteld in die pastorale versorging van die pastor na die afsterwe van sy vrou. |
| M | "Dan gebeur dit ook in die praktyk dat kinders hulle ouers letterlik by die sentrum aflaai. Nou is hulle baie dankbaar ma of pa of albei is nou versorg. " | | | |
| N | "Omgee van familie wat ontbreek het ‘n negatiewe uitwerking op die bejaarde. " | | | |
| O | "Ons het ‘n redelike uitgebreide familie wat ons help." | kuier gereeld by hulle vriende | | Is aktief betrokke in die gemeente en ken die predikant al baie jare. |
| P | "Ons het ook nog mekaar." | Is deel van ‘n omgeegroep. Sy voel dit | | Stap al ‘n lang pad met die predikant wat bydra tot ‘n |

| D | Hantering van probleme/ krisisse | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Familie** | **Vriende** | **Verpleegpersoneel** | **Kerkleier** |
| | | is baie belangrik dat ouerwordende persone sal deel word van ‘n omgeegroep. | | wedersydse omgee vir mekaar. |

Na wie toe gaan ‘n mens as jy ‘n krises, trauma, praktiese probleem, hartseer, twyfel, tragedie, ensovoorts beleef. Wel die meeste van ons sal seker sê dat ons familie die eerste kontak is. Uit my onderhoude was dit oorweegend hulle kinders wat geraadpleeg word. Al die deelnemers in die groep tagtig plus was dit eens dat hulle ondersteuningsnetwerke met die jare heen verswak. Daar is veral ‘n behoefte aan nuwe vriendskappe, om geliefd te voel en te voel hulle beteken nog iets. Pastorale sorg vind binne gesonde en opbouende verhoudinge plaas. Die klem wat hierdie studie op verhoudings plaas gaan uit van die belangrike beginsel dat ons mekaar nodig het. Genesis 2:18 benadruk ook hierdie gedagte van gesonde sosiale netwerke as dit sê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie”.

Malan en Dreyer (2009:06) bevestig die belangrikheid van die formele sowel as informele steun aan die ouer persoon en dui ook die rolspelers aan wat netwerke vir gemeenskapsgebaseerde bejaardesorg moet vestig.

Van die belangrike rolspelers sluit in:

- Gesin- en familielede.
- Vriende, bure en kollegas.
- Bybelstudie-, omgee-, selfhelp- en diensgroepe.
- Kerkraadlede en leraars.

- Klubs en verenigings waar hulle byvoorbeeld stokperdjies kan beoefen.
- Informele hulpverleners byvoorbeeld vrywilligers wat gereeld kontak het.

Deur belangstellende gesprekke en deur betrokkenheid word geleidelik ‘n vertrouensverhouding opgebou.  Onderlinge sorg kry gestalte binne verhoudings waarin ons mekaar beter leer ken, mekaar respekteer en na mekaar uitreik.  Wanneer ons, ons stories vertel leer ons mekaar beter ken en help dit ons om ons eie identiteit te ontdek.

Ek het waargeneem dat die meeste deelnemers gesonde verhoudings in plek het en dat dit ook positief inwerk in hulle daaglikse lewe, gemoed en welstand.  Dit kan alles toegeskryf word aan hulle aktiewe en vrywillige deelname, positiewe uitkyk op die lewe, ‘n positiewe belewenis van spiritualiteit, gesonde sosiale lewe en betekenisvolle vriendskappe.  Ek het die indruk gekry dat hulle betrokkenheid by mense en deelname aan aktiwiteite hetsy godsdienstig of vir ontspanning, terselfdertyd dien as ‘n uitlaatklep en ‘n wyse van kommunikasie wat help dat hulle minder eensaam/geïsoleerd voel.

Ter ondersteuning hiervan sê deelnemer J:

> “Wat vir my belangrik is, is om besig te bly, te kyk wat ek vir ander kan doen… nie in 'n hopie te gaan sit nie.  Ek sê nog altyd as 'n mens betrokke wil wees sal jy nooit eensaam wees nie...daar is altyd iets wat jy kan doen.”

Deelnemer H voeg hierby:

> "Ons moet konsentreer op wat ons kan doen. Ek reël bybelstudie en al daai dinge. Ek neem deel soveel ek kan."

Deelnemer I beklemtoon dit:

> "As jy so in 'n huis is moet jy nie stil sit nie…doen iets."

Deelnemer J beskrywe hoe dit haar lewe sinvol maak:

> "Dit gee my satisfaksie om te sien ek beteken iets vir my medemens…ek kon vir daai persoon iets doen."

Deelnemer P vind haar dieper betekenis in die lewe hierin:

> "Jy is nooit te oud om 'n rots te wees nie….jy voel jy lewe nie verniet nie, jy is nog diensbaar."

Deelnemer K is 'n voorbeeld van hoe om sinvol te lewe en om jou ervaring te gebruik om ander te verryk. In haar woorde :

> “As jy in 'n ouetehuis is moet jy nie gaan sit en jou hande vou nie en dink alles gaan in jou skoot gegooi word nie. Jy moet bietjie iets doen ook, gebruik jou brein ook, maak hom wakker. Ek het al baie goed gedoen hier ek het al twee konserte gehou hier. Die eerste een was verlede jaar die geboorte van Jesus. Om met groot mense wat nie kan onthou 'n konsert op te voer het ek gewonder wat gaan ek maak. Nou sit ek en bid vir die Here, Here gee vir my 'n uitweg, sê vir my hoe moet ek maak, ek wil iets vir die ou mensies doen. Maar hoe? Hulle kan niks onthou nie en met eens kom dit sommer by my op, vat die Bybel en lees daardie tekste wat jy wil hê hulle moet doen daar. Ek het dit afgeskryf en die dominee het dit gelees. Die opvoering was in die kerksaal en die gemeente kon dit sien. Die ander opvoering was iets wat die mense laat lag het. ‘n Mens kan as jy net wil.”

Deelnemer O sê in die verband:

> “Jy het twee groepe ou mense, die groep wat versorg wil word en die tweede groep is die wat die versorgingswerk doen.”

## 4.7. UITDAGINGS

Uit my onderhoude met die tagtig plus ouer persoon het ek waargeneem dat elke dag, veral vir die verswakte tagtig plus ouer persoon, ‘n uitdaging is. Hulle lewensverhale verwoord ‘n verlies aan 'n hele lewe vol herinneringe en om daaroor te praat is ook nie maklik nie, soos deelnemer G verduidelik:

> "Dit is vir my moeilik as ek my hart moet oopmaak om oor my lewe te praat."

Die onderstaande uitdagings het my gesprekke met hulle oorheers.

### 4.7.1. AFSKALING

Om jou selfstandigheid prys te gee is gewoon nie maklik nie. Uit my gesprekke met die tagtig plus ouer persoon was die aanpassing van hulle huise na die dienssentrum of aftree-oord vir die meeste 'n traumatise ervaring wat met angs en spanning gepaard gegaan het. Opvallend is die beperkte leefruimte en aanpassings wat hulle moes maak in hulle sosiale lewe. Hier word jou lewe gedeel met mense uit verskillende agtergronde in 'n ruimte wat beknop is. Die ergste was hulle diere wat moes agterbly. Dit was hartseer oomblikke vir die wat hulle diere moes agterlaat en ek hoor daardie verlange in hulle stem. Selfs sekere items wat baie sentimenteel was moes prys gegee word en nou moet hulle leer om sonder hulle diere en dinge wat betekenis vir hulle gehad het klaar te kom.

Vir deelnemer B was dit geweldig en sy beskryf dit so in haar woorde:

> "Daar is 'n paar oomblikke wat vir my heeltemal vaag is. Ek het geen emosionele bystand ontvang nie. Alles het so vinnig gebeur. Mis my hondjie baie en treur nou nog oor hom. Ek weet ek kan nie my goed saam neem nie maar ek wonder net wat van my ma se blompotjie geword het wat sestig jaar oud is."

Dit was vir deelnemer B moeilik om afskeid te neem van dinge wat lank deel was van haar lewe en veral die onsimpatieke houding van mense as hulle heeltyd vir haar sê dat dit net wêreldsgoed is. Sy weet dit is wêreldsgoed maar sy mis haar stoel waarop sy gesit het en haar bed. Om nie meer in haar kar te kan ry nie… "almal het my altyd geken in die kar" sê sy."

Sy was in 'n geweldige toestand en het haar vriendinne baie ontstel. Sy het ook opgemerk dat haar verhouding van vroeër verander het, want sê sy:

> "hulle praat nie meer oor wat met my gebeur het nie."

Vir deelnemer K was dit weer hartseer toe hulle haar diere verkoop het, veral haar perde. In haar woorde:

> "Hulle veil die plaas op en die vee en goete en as dit te veel raak dan vra ek die Here om my vas te hou…dit is al wat my daardeur gebring het."

Deelnemer E voeg hierby:

> "Dit was baie moeilik om my kat te laat gaan."

In sulke tye het hulle begrip, emosionele en geestelike ondersteuning brood nodig en kan gebrek hieraan selfs lei tot kerkvervreemding.

Vir deelnemer J was hierdie ervaring minder traumaties.  In haar woorde:

> "My betrokkenheid by die plek het gemaak dat die oorgang van 'n huis hierheen heeltemal normaal was.  Ek is betrokke, ek weet wat hier aangaan.  Ek dink dit is wat 'n mens moet doen...jy moet betrokke raak by 'n plek waar jy dink jy sal kan aanpas of gaan bly.  Raak betrokke en maak vriende."

Deelnemer I se ervaring is dat die ouerwordende persoon wat homself nie voorberei het vir so 'n gebeurtenis nie en dalk gedink het hy/sy gaan nooit in 'n sorgsentrum op eindig nie, kan sukkel om by sy/haar nuwe omstandighede aan te pas en voeg sy by:

> "dan is hy/sy 'n verbitterde ou mens."

## 4.7.2. LIGGAAMLIKE EN KOGNITIEWE VERLIES

Daar moet ook vrede gemaak word met die afname aan liggaamlike en kognitiewe funksies. Namate 'n persoon se gesondheid afneem en sy mobiliteit as gevolg daarvan ingekort word, gee dit gewoonlik aanleiding tot beperkte kontak met ander individue wat op sy beurt daartoe kan lei dat die persoon by tye baie eensaam kan voel.

Deelnemers D en G is albei kamergebonde en weens gesondheidsprobleme kan hulle nie meer voortgaan om hulle geliefkoosde aktiwiteite te beoefen nie.  Albei smag na geselskap om hulle isolasie te oorkom.

Die isolasie wat siekte meebring word in die volgende situasies uitgelig:

Deelnemer D wil baie graag die dienste wat op Sondae uitgesaai word in die saal bywoon, maar sê hy:

> "Ek kan nie meer kerk toe gaan nie… ek kan nie meer loop nie en ook nie meer goed sien nie." As hulle my nie kom haal nie dan kan ek nie gaan nie. Dink nou maar jy staan in die more op en die liggaam is nie meer wat hy moet wees nie en jy is alleen hierso. Hulle bring jou kos en so nou en dan loer iemand in …dis 'n eensame lewe. Ek was eergister so eensaam dan verlang ek na hom (sy seun) want as hy hier was sou hy kon kom. Ek het iemand nodig om vir my te lees, my oë is ook al swak. Ek mis kinders maar jy raak maar gewoond daaraan."

Deelnemer G

> "Dit is 'n bitterlange lang dag. Ek het tyd vir alles. Weet jy hoe bly is ek as mense my kom groet. Hulle het my laat val in die hospitaal en toe het my rug baie seergekry … my rug is eintlik my grootste probleem wat ek het. Toe ek negintig jaar word het ek vir my kinders gesê daar's die motor ek is nou klaar met hom. Dit is soos die ouderdom na 80 is...jy het te laat ontdek...jy leer baie as jy eers oud is."

Deelnemer F beskrywe ook haar ervaring in die verband:

> “Die ou mense raak eensaam.  Hulle is eensaam sodra hulle in die siekeboeg inkom. Hulle kry baie minder besoeke.  Hulle oë is nie meer so goed nie, so hulle kan nie self meer hulle Bybel lees nie.  Party is net so stoksiel alleen hier.  Met tye voel hulle, hulle is in die pad.  Wil nie inbraak maak op die verpleegsters nie want hulle weet ons is ook maar besig.”

Die tragiek van oud-word, blyk verder uit die my gesprekke met die deelnemers:

Deelnemer B

> “ ‘n Bejaarde mens het baie tyd om te top.  Hier word alles vir jou gedoen.  Al wat ek het om te doen is om te lees ….dan begin die goed my pla, dan grawe jy goed uit van vyftig, sestig jaar gelede maar wat gister gebeur het kan jy nie onthou nie.  Sal graag met 'n psigiater wou praat.”

Deelnemer C:

> “Ek voel party dae eensaam.  Die eensaamheid is maar 'n nare ding.”

Deelnemer E

> “Ek sukkel om te slaap.  Ek het ‘n jaar terug of so depressie gehad.  Party dae voel ek nie lekker nie.”

Deelnemer H

> “Verskoon maar my gesig maar die ding is ek het velkanker.”

Deelnemer I

> “Ek is een en een en tagtig en ek gaan vir my dertiende operasie.”

Deelnemer N:

> “ ‘n Mens wil nie voel hy is nou niks meer werd nie.  Hulle trots maak dat hulle nie wil kla nie.”

Deelnemer P:

> “Ek hoor nie meer so goed nie”

Die vraag ontstaan dan: Hoe kan gemeentes die tagtig plus ouer persone geestelik en emosioneel ondersteun wie se gesondheid beperkend inwerk op hulle deelname aan aktiwiteite, sodat hulle nogsteeds hulle betrokkenheid kan voortsit op maniere wat hulle menswaardigheid nie aftakel nie?

### 4.7.3. BEHOEFTE AAN MENSWAARDIGHEID

Namate my skoonpa se liggaamlike funksies afgeneem het, hoe meer afhanklik het hy geword. Ek het bewus geword van hoe broos die mens is en dat afhanklikheid jou menswaardigheid kan aftakel. Moody skryf in die verband:

> Dignity in old age matters because every one of us carries this sense of vulnerability and because we fear becoming less than ourselves in the last stage of life (Moody 1998:14).

Dat menswaardigheid saak maak in bejaardheid word ook deur die volgende deelnemers bevestig:

Deelnemer B:

> "Moet nie vir my sê mensie nie of het sy haar haartjies vandag laat sny. Soms voel jy as derde persoon, asof jy nie meer kan dink nie of kan saampraat nie."

Deelnemer G:

“Kyk, dit is 'n groot ding jy moet nie verstoot voel as jy in 'n kamer kom bly het nie... voel nou is jy af van alles afgesonder… dit laat jou party dae nie goed voel nie. Al lyk ek anders behandel my menswaardig.”

Deelnemer J:

“Wat hulle nie van 'n ou mens moet vergeet nie, ek het dit ook nou al opgetel dat die persoon kom net om omdat die kerk dit van hom verwag, ons is nie onnosel nie. Hulle weet as jy nie opreg is in jou optrede nie, hulle het al deur die jare ondervinding in hierdie ding. Die predikant kan nie op die program 'n tyd skeduleer vir ontmoeting sê byvoorbeeld Woensdag vir biduur by die ouetehuis en hier sit almal Woensdag “opgedress” en dan bel die predikant hy kan dit nie meer maak nie. Dit is vir my uit … moet dan liewers nie dit bekend maak nie.”

Deelnemer M:

“Ten alle koste moet hulle menswaardigheid beskerm word.”

Deelnemer N:

> "Hulle menswaardigheid word baie keer deur mense aangetas deur die bejaarde soos kinders te behandel.  Hulle wil graag erkenning kry by mense vir dit wat hulle is of wat hulle was."

Hierdie uitdaging lê op die skouers van die gemeenskap en gemeentes om die tagtig plus ouer persoon as gelyke en met respek te behandel, om hulle in liefde onvoorwaardelik te aanvaar en sensitief te wees vir hulle behoeftes en opinies.  Dalk is die lied: "Ons aanvaar jou met die liefde van ons Heer", nie net gepas om vir hulle te sing nie maar ook 'n lied wat gedemonstreer moet word in ons woorde en dade.  Dit beteken dat die tagtig plus ouer persoon erkenning kry vir wat hy of sy in die gemeente beteken en kan beteken.  Dus, deur hulle geestelike en emosionele behoeftes raak te sien, te erken, hulle as mense te respekteer en as gemeente barmhartigheid aan hulle te bewys, kan hulle menswaardigheid gehandhaaf word.

God gee aan alle mense waarde.  Psalm 8:6 verwoord  die besondere waardigheid van die mens soos volg:

> "U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met
> aansien en eer gekroon."

## 4.7.4. LEWENSVERLIES

Die tagtig plus ouer persoon leef ook met ‘n groter bewuswording van die eindigheid van die lewe. Twee van die deelnemers het onlangse ervarings gehad. Deelnemer D se seun is twee weke voor my onderhoud oorlede en deelnemer B het ‘n persoon in haar gang verloor. Deelnemer B het in haar reaksie so gereageer:

> “Jy raak bang.” “Jy raak ontsteld. As jy jonk is dan dink jy nie jy gaan oud word nie.”

Deelnemer D

> “Ongelukkig is hy twee weke gelede oorlede…hy het kanker gehad… ‘n jong man, hy was nog nie eers sestig nie..dit was ‘n groot slag.”

Die ander deelnemers het in hulle reaksie oor die eindigheid van die lewe so gereageer:

Deelnemer C se reaksie

> “Jy dink al die tyd aan die dood”

Deelnemer G:

> “Agt en negentig is nie speletjies nie…het my man verloor 47 jaar gelede. Ek verlang na die dae toe ek jonk was en toe my man nog geleef het.”

Deelnemer H:

> “As 'n mens hierdie ouderdom is dan is jy bewus van jou wenstreep…jy weet nie wat vir jou more wag nie.”

Deelnemer I

> “My man is in my arms dood.  Hier vat die Here my hand…ek is verseker hy sal my deur daai tonnel trek.”

Deelnemer L

> “My vrou is Februarie maand oorlede… dit is vir my ‘n baie emosionele tyd”

Deelnemer O se reaksie:

> “Vir die tagtig plus ouer persoon wat hulle wederhelfte verloor het, het dit nie maklik nie”

Deelnemer A oor die verswakte bejaarde:

> “Voel hulle het genoeg tyd op aarde deurgebring en wil nou doodgaan...gewoonlik gebeur dit dan ook.”

Dat die lewe vir ons enige tyd kan eindig is ‘n werklikheid. Stap jy in ‘n versorgingseenheid of ouetehuis in, raak hierdie werklikheid soveel meer ‘n realiteit. Namate my skoonpa se toestand verswak het, het onderwerpe soos dood, genade, geloofsekerheid, ‘n sinvolle lewe, en hoe sy lewenseinde betekenisvol kan wees al meer die voorgrond betree. Wanneer hy mooi herinneringe met my gedeel het, het dit hom baie emosioneel gemaak. Die lewe het vir hom ‘n paar keer amper geëindig en hy kon in die fynste besonderhede vertel van hoe die Here hom daardeur gedra het.

## 4.7.5. VERLANGE EN BEKOMMERNISSE

Uit gesprekke met die tagtig plus ouer persoon blyk dit dat verlange en bekommernisse onvermydelik oor die pad van die tagtig plus ouer persoon kom. Uit my onderhoude was kinders en finansies hoog op die lys van verlange en bekommernisse.

### 4.7.5.1. KINDERS

Terwyl ek so saam met hulle na van hulle kinders se foto’s gekyk het, het hierdie behoefte om nog deel van hulle kinders en kleinkinders se lewens te wees in hulle woorde so na vore getree:

Deelnemer E

> “ ‘n Moeder bekommer haar altyd oor haar kinders. My dogter is nog nie getroud nie en dis vir my 'n groot bekommernis.”

Deelnemer F

> “Hulle verlang na hulle kinders.  Baie van hierdie mense se kinders is oorsee.”

Deelnemer G

> “Ek is baie bekommerd oor my kinders veral teen invloede van die wêreld… dat jou kinders 'n ander pad loop as wat jy en jou man geloop het.  My kleinkind is gestrem… dit is iets wat my so vas het… sy is nou tien.”

Deelnemer J

> “Hulle is bekommerd oor hulle kinders…hoor nie van hulle kinders nie…weet nie wat gaan aan nie.”

Wat my veral bekommerd maak is gevalle waar ouers letterlik net by die dienssentrums afgelaai word met ‘n houding dat pa en/of ma nou versorg is.  Deelnemer I en J se ervaring in die verband bevestig die dringendheid en erns van pastorale sorg aan veral die verswakte tagtig plus ouer persoon.

Deelnemer I se narratief begin waar sy besoek gebring het aan ‘n verswakte bejaarde dame en terwyl sy die dame se hand neem het sy die volgende gesê:

> "Dit is deelnemer I wat by jou staan, ek wil net vir die Here vra om by jou te wees en jou hand te vat en toe ek omdraai toe sê sy vir my ek moet nie loop nie... weet jy dit het vir my aan my hart geruk...hierdie mense lê in vereensaming daar. Baie se kinders kom miskien elke dag vir hulle sien, maar daar is mense wat nooit hulle kinders sien nie…hulle los hulle net daar. Van die kinders bly vêr en hulle kan nie altyd hier wees nie. En dit is vir my so… dit raak aan my hart."

Deelnemer J sê sy kry gewoonlik die volgende reaksie as hulle na hulle kinders verlang:

> "Ek het agt kinders groot gemaak nie een wil vir my sorg nie, hulle kom prop my in 'n ouetehuis. Die kinders is afwesig. Baie kom dump die ouer en dis die einde van die storie."

Dit maak seer as dit voel asof jy jou hele lewe spandeer het om ondankbare kinders op te voed. In sulke tye is formele en informele steun van al die belangrike rolspelers deurslaggewend en behoort pastoraal aandag te geniet. Aan die anderkant is die wete dat iemand vir jou omgee en dat sy/hy daar sal wees as jy haar/hom nodig kry, gerustellend en jy voel veilig want iemand gee om … "jy is nog iets werd".

### 4.7.5.2. FINANSIES

Die feit dat mense vandag hoër ouderdomme bereik, die moeilike ekonomiese klimaat en die stygende koste vir die versorging van ouer persone in versorgingseenhede bring mee dat ouer

persone en veral die tagtig plus ouer persoon al meer onder finansiële druk verkeer. Die situasie word deur die deelnemers soos volg verwoord:

Deelnemer J

> "Baie van hierdie mense bekommer hulle oor hulle finansies…nie almal nie. Die fooie wat elke jaar styg is 'n groot bekommernis of hulle nog die mas gaan opkom. Hoewel hulle kinders het moet ons onthou daardie kinders is ook afgetree en kry self ook net 'n pensioen. Dit kan nogal stres veroorsaak."

Deelnemer M

> "Baie van hulle het hulle geld oorleef. Dit het weer menswaardige en emosionele implikasie."

Deelnemer N

> "Die wat staatspensioen kry voel heeltemal vernederd en minderwaardig"

Hoewel my onderhoude geen finansiële uitbuiting aan die lig gebring het nie, bestaan die gevaar wel omrede hulle maklik gemanipuleer kan word. Dikwels lei hulle in die geheim onder die euwel aangesien dit meestal in gesinsverband voorkom. Hulle loop ook die gevaar van finansiële kullery en as hulle op hierdie hoë ouderdom geld sou verloor of uitgebuit word, kan dit

geweldige finansiële en gesondheids implikasies vir hulle inhou.  Op hierdie hoë ouderdom kan baie van hulle nie meer hulle eie geldsake bestuur nie.

Die feit dat hulle nie meer so goed kan  hoor of sien nie en selfs nie meer so helder soos voorheen kan dink nie, skep ’n opening vir gewetenlose mense om misbruik te maak van hulle. My skoonpa asook deelnemers O en P het ‘n klompie geld verloor deur belleggingsbedrog. Skielike veranderinge in die bejaarde se finansiële situasie kan ‘n aanduiding wees dat iets nie pluis is nie.

## 4.8. GEESTELIKE EN EMOSIONELE BEHOEFTES

In my saamreis met die tagtig plus ouer persoon het ek bewus geword van die tagtig plus ouer persoon se besondere geestelike en emosionele behoeftes  as gevolg van die ingrypende verandering in hulle lewensomstandighede en gesondheid, wat aanpassings verg.  Die behoefte om as individu erken te word en om te voel dat hulle opinies en gevoelens gerespekteer word, set die toon waarbinne geestelike en emosionele versorging behoort plaas te vind.

### 4.8.1. DIE BETROKKENHEID VAN DIE GEMEENTE

My onderhoude het aan hulle getoon dat ek werklik belangstel in hulle geestelike en emosionele versorging en dat dit vir my belangrik is om uit te vind hoe hulle geestelik en emosioneel versorg wil word.   My meelewing en belangstelling in hulle situasies het aan hulle ‘n waardevolle erkenning gegee dat hulle nog belangrik is vir die gemeente en ek kon sien hoe belangrik dit vir hulle is om deel te voel van ‘n gemeente wat omgee.

Die tagtig plus ouer persoon het behoefte aan aanvaarding. Dit word beleef in die opregte belangstelling van die gemeente soos verwoord deur die volgende deelnemers.

Deelnemer G:

> “ ’n Ou mens is nes 'n klein kindjie…hy het belangstelling nodig…hy het iemand wat na hom kyk nodig.”

Deelnemer I:

> “Hulle (tagtig plus ouer persoon in sorgsentrums) het 'n begeerte om te praat, om te deel, om te sê luister net wat ek vir jou wil sê. Luister net, ek wil net vir jou sê my kinders is daar en daar en ek het soveel kleinkinders en daar hang hulle, hulle so oud en daai een is getroud.”

Deelnemer J:

> “Hulle (tagtig plus ouer persoon in sorgsentrums) het 'n behoefte dat mense by hulle kom sit en in hulle belangstel… na hulle storie luister. Hulle het 'n behoefte om te kommunikeer.”

Ten einde 'n mens se storie te deel, moet daar iemand wees wat bereid is om te luister. Reeds in die literatuurstudie het ons gesien dat die verantwoordelikheid om mekaar te versorg ‘n Godgegewe opdrag en roeping is.

Om betrokke te wees by die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon is belonend soos deelnemer M verduidelik:

> “As ek dit nie doen nie dan mis ek uit want hulle het geweldig baie om te gee.”

Ter aansluiting sê Erin Hubbard:

> God has a real passion for elderly people. I've been on overseas missions trips, but I've never experienced such satisfying feelings as these (Kennedy 2011:48).

Om saam met die tagtig plus ouer persoon te reis is ‘n groot voorreg en diegene wat reeds betrokke is by die versorging van die tagtig plus ouer persoon getuig hiervan. In sy boek “The Free Spirit Pony Diaries” vertel Ralph (2015:358-360) die storie van dominee David Griffith van ‘n bejaarde egpaar wat met perde geboer het. Gedurende kerstyd kry hulle ‘n besoek van hulle kinders. Op die plaas was ‘n baie ou perd met die naam van “the Old One”. Die egpaar het dit ook maar moeilik, nou dat hulle nie meer so baie kragte het om na die perde om te sien nie. Hulle inkomste het afgeneem omdat hulle nie meer na so baie perde kan omsien nie. Daar ontstaan toe ‘n argument waar die kinders daarop aandring dat ‘the Old One” maar verkoop word aangesien sy nou net ‘n finansiële las geword het. Die ouer egpaar het geweier want hulle was

baie lief vir “the Old One”. Na die kinders daar weg is het die perdestal aan die brand geraak as gevolg van ‘n elektrise fout.

Die bejaarde egpaar het inderhaas die brandweer ontbied maar hulle kon die brand nie betyds blus nie. Die bejaarde egpaar was baie hartseer oor al die perde wat hulle nie kon red nie maar ook dankbaar dat hulle lewens en huis gespaar is. Terneergedruk het hulle na ‘n heuwel geloop waar hulle gewoonlkik gegaan het met hulle kinders. Daar gekom ontdek hulle dat al die perde veilig is. Maar, “hoe is dit moontlik”, het hulle gewonder, dit is toe dat haar man onthou dat “the Old One” geweet het hoe om die deure van die stal oop te maak en so het al die perde ontsnap en kon “the Old One” hulle na veiligheid lei.

Die storie illustreer vir ons dat ouderdom lewenservaring meebring. Nie een van die jonger perde het daardie ervaring gehad nie, ‘n waardevolle les vir ons jeug. Dus, veroudering kan en moet gesien word as “nuwe avonture van genade” in plaas van avonture van eensaamheid, verveeldheid en isolasie (Elledge-Volker 2011:62).

Daar sal ‘n klemverskuiwing moet plaasvind ten opsigte van die wyse waarop die gemeente betrek kan word in die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon. Elke lidmaat sal aangemoedig moet word tot aktiewe deelname.

## 4.8.2. KOINONIALE SAMESYN EN AANBIDDING

Hierdie begeerte het ek ook in my skoonpa waargeneem, ‘n begeerte aan koinoniale samesyn en aanbidding en om te vertel van sy belewenisse uit die verlede. Hierdie behoefte was baie meer sigbaar onder die verswakte ouer persoon soos deelnemers D en G verduidelik:

Deelnemer D:

> “Ek kan nou nie meer loop nie…. dan mis ek dit (bidure op dinsdae) baie.”

Deelnemer G:

> “My probleem is ek kan nie meer kerk toe gaan nie…..ek mis dit die meeste."

By die dienssentrum en ouetehuise kry die tagtig plus ouer persoon geleentheid om een keer per week saam met die predikant ‘n kort diens by te woon en Sondae word dienste uitgesaai op die televisie. Deelnemer A het in die onderhoud genoem dat daar ‘n groot behoefte onder die ouer persone is om op Sondae ook eredienste te hou wat ingerig is op `n ware ontmoeting met God en waar lidmate die gemeenskap van gelowiges kan beleef. Haar pleidooi:

> “Al wat ek wil verander is dat hulle Sondag regtig dienste kom hou hier by onse plek. Want vandat ek hier werk het hulle nog nooit dienste gehou hier nie.”

toon hoe belangrik hierdie saak vir die ouer persoon is.

Deelnemer L voeg hierby:

> “Ek kan nie altyd lekker verstaan wat hulle bedoel nie en dan as hulle saggies praat kan ek niks hoor nie.”

Ek ervaar ‘n toegewyde gebedsuitlewing en ‘n diep geestelike ingesteldheid by die deelnemers. Die rol van gebed neem ‘n belangrike plek in, in hulle daaglikse lewe. Hulle het ook aangedui dat hulle gebed nodig het.

Die belangrikheid van gebed en gesamentlike gebed van gelowiges word deur die deelnemers uitgewys:

Deelnemer D:

> “My diaken is 'n vrou. Sy sal gereeld kom en gebed vir my kom doen wat ek waardeer, maar jy weet baie keer dan bid ek ook vir haar. Sy sê nou een ruk vir my: oom weet jy wat dit vir my beteken.”

Deelnemer H:

> “Bid is vir my baie belangrik. Hy gee vir my wonderbaarlik krag. Ek sê altyd vir hulle: onthou as julle nie met julle hande baie kan brei nie kan julle bid…hulle kan mos vir mekaar bid of mekaar net gaan sê: “hallo”.”

Deelnemer I:

"My grootste werk wat ek nou doen is in my binnekamer.  Ek doen voorbidding in my huis"

Deelnemer M:

"Dit wat hy nou kan doen…al kan hy nog net bid is ongelooflik vir die geloofsgemeenskap.  Jy sal dit in baie gesprekke hoor: "dominee ek kan nie meer nie" en om dan vir hulle te bevestig dat dit wat hulle kan doen is waardevol vir die gemeenskap."

Deelnemer N:

"Hulle waardeer dit so as jy vir hulle 'n gebed doen doen."

Deelnemer O:

"Ons laat die Here ons lei. X is ten volle genees van klierkanker.  Ek het nou nog die geskrewe stukkies wat ek vir hom gegee het.  Hy het afskrifte gemaak en dit vir my teruggegee.  Kyk laat ek dit so stel ons soek nie, ons gaan nie soek vir iemand nie maar as die boodskap kom soos toe ek gedroom het van 'n persoon in ons gemeente, dat hy nie lekker is nie, en ek kon nie wag vir die dag nie.  Intussen is die man siek, verskriklik siek. Hulle het hom Kaap toe geneem vir behandeling…hy het die verskriklikste pyne gekry.

> Hulle kon nie eintlik vir hom veel doen nie. Ek droom die nag toe weet ek (dit het baie al met my gebeur). Die oggend bel ek hom. Ek het vir hom gebed gedoen want daar staan geskrywe: “Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking”. En die volgende dag toe bel hy vir my…toe sê hy vir my toe jy daai foon neersit toe is ek genees. Hy is tot nou toe genees. Daar is nog ‘n wonderwerk.”

Deelnemer P:

> “Ons is juis daar om mense te bemoedig veral eensames jy weet…om te gesels met hulle. Die belangrikste… bemoediging en dan bid…ons voel nog diensbaar. En al is jy alleen, jy kan nog altyd bid. Al is jy in ‘n rolstoel kan jy nog altyd bid. Ons sien resultate…wonderlike resultate.”

Die wintermaande kan moeilik wees op enige ouderdom. Bywoning gedurende die wintermaande is besonders moeilik vir die tagtig plus ouer persoon. Hulle kry gou koud en in die winter kom daar sommer “‘n ekstra klomp skete en kwale by”, vertel hulle my. Dit is ook in hierdie tyd wat hulle meer kwesbaar is vir siektes. Gevolglik beweeg hulle minder en is minder aktief wat weer kan lei tot neerslagtigheid. In die wintermaande is daar dus ‘n groter behoefte aan geestelike en emosionele versorging.

## 4.8.3. NAGMAAL

Die bediening van die nagmaal aan die tagtig plus ouer persoon is baie belangrik. Vir die tagtig plus ouer persoon word die viering van die nagmaal al hoe meer ‘n dieper geestelike

ondervinding.   Dit gee aan hulle ’n geleentheid van eenheid en gemeenskap met Christus en met mekaar.  Gedurende my onderhoude het Deelnemers A, B en G getoon dat hulle ongelukkig is oor die manier waarop nagmaal bedien word.

Volgens deelnemer A verwag gemeentes van die verpleegsters om nagmaal te bedien en voeg sy by:

> “Dit werk nie so nie.”

Deelnemer B gebruik nie nagmaal nie want verduidelik sy:

> “Dit is onpersoonlik.”

Deelnemer G voer aan:

> “Ek kry nie nagmaal nie.”

Die betekenis van die nagmaal van versoening, vergifnis, verlossing, vrymaking is ‘n versterking op die pad vir die tagtig plus ouer persoon en daarom is dit dringend noodsaaklik dat ons sal verseker dat hulle nie hierdie feesmaaltyd van herinnering, gemeenskap en belofte soos Christus dit inderdaad bedoel het sal misloop nie.

## 4.8.4. LOFPRYSING

Deel van die tagtig plus ouer persoon se verwysingsraamwerk is hulle lofprysing uit die Halleluja- en Psalm- en Gesangboeke. My skoonpa het gereeld sy gunsteling liedere uit die Hallelujaboek vir my aangehaal. Vir hom was dit 'n terugkeer na die bekende, die sentimentele, na die Halleluja. Wat hier ter sprake is, is om die Here te kan loof en te prys met eie tydse liedere, om uit die hart te kan sing. My onderhoude het aan die lig gebring dat kerksang hulle lewe verdiep en verryk.

Deelnemers G,O en F het dit so verwoord:

Deelnemer G:

> "Dit bemoedig en troos my….laat my veilig voel."

Deelnemer O:

> "Deel van my lewe." (Dit beteken vir hom baie as hulle hom vra om uit te help met die voorsang).

Deelnemer F:

> "Ons is lief vir musiek en smag na saamsing. Ons geniet dit verskriklik."

Hulle smag daarna om die Here te loof en te prys en wil dit met oorgawe doen met musiek wat "die hart aanspreek". Daarom behoort gemeentes kerksang in te sluit wat die spektrum van die tagtig plus ouer persoon se geestelike lewe raak.

Hulle sien ook baie daarna uit as kinders vir hulle sing en voeg deelnemer F by:

> "Wanneer hulle sulke besoeke ontvang het praat hulle weke daarna."

## 4.8.5. HUISBESOEK

'n Besoek van die predikant word beleef as spesiaal en persoonlik, en gee vir die tagtig plus ouer persoon 'n gevoel van belangrikheid. Vir hulle is die pastor iemand wat die Bybel ken en kan uitlê na gelang van omstandighede. Die pastor op sy beurt kry weer die geleentheid om die tagtig plus ouer persoon te ontmoet in hulle verskillende omstandighede en om hulle belange voor God aan die lig te bring.

Deelnemers wat betrokke is by gemeentelike aktiwiteite het getoon dat hulle meer vrymoedigheid het om die pastor te raadpleeg in situasies van nood teenoor daardie deelnemers wat weens gesondheid of ander redes min kontak met die pastor het. Eersgenoemde deelnemers het gevoel dat hulle geestelike en emosionele behoeftes beter geadresseer word terwyl laasgenoemde deelnemers 'n groter behoefte uitgespreek het vir geleenthede om gehoor te word.

Daar is beslis 'n behoefte by die tagtig plus ouer deelnemers om 'n persoonlike band met die pastor te ervaar.

Deelnemer B:

> "Ek sou graag met dominee wil praat maar die gemeente is te groot." Sy beskou haar bybelstudiegroep as gewone mense wat haar nie kan help met dieper vrae nie.

Deelnemer E:

> "Die dominee kom nie meer na jou huis toe nie. Hulle weet nie meer wie is almal nie."

Deelnemer L:

> "Gemeentes is te groot. Predikante kan nie by almal uitkom nie. Almal is besig met hulle eie dinge."

## 4.9. DIE WAARDE VAN GEESTELIKE EN EMOSIONELE VERSORGING

Gedurende my onderhoude het ek die tagtig plus ouer persoon gepols oor wat dit vir hulle beteken om geestelik en emosioneel versorg te word. Woorde wat die betekenis van geestelike en emosionele versorging vir die tagtig plus ouer persoon treffend opsom sluit in:

Deelnemer B:

> "Sonder geestelike versorging stagneer jy…dan gaan jy tot niet."

Deelnemer E:

"Ek sal jou nou sê... vir my het jy nou baie beteken... het my soveel moed gegee."

Deelnemer F:

"Iemand moet net vir jou goed wees. Iemand moet net vir jou omgee."

Deelnemer G:

"Na jy tagtig gewees het dan het jy defnitiief pastorale sorg nodig. Dit het baie waarde omdat ek meer in my kamer is en my gesondheid laat my nie toe om in die winter uit te gaan nie."

Deelnemer H:

"As iemand na my toe kom en hy kom praat met my, ek waardeer dit geweldig. Soos wat hulle by my kom sit en hulle praat met my oor die Here waardeer ek dit uit die diepte van my hart".

Deelnemer I

“Ek gaan gereeld by die siekeboeg in en raak net aan hulle dat hulle net weet daar is iemand wat belangstel of sê 'n ou woordjie.  Ek het die wonderlikste ervarings al gehad. Hulle waardeer dit so as jy vir hulle 'n gebedjie doen en as jy met hulle geestelik gesels...dan gaan ek gou in om te hoor hoe gaan dit.  Dan raak ek 'n geestelike ding aan en dan begin hulle uitbrei daarop en dan is dit vir my heerlik.”

Deelnemer J:

“Ek is nog iets werd…voel deel van die situasie”

Deelnemer K:

“Al is ek oud ek is nog mens.”

Deelnemer M:

“Bejaardheid is 'n bate vir die gemeenskap.  As bejaardes hulle waarde herontdek baat die hele geloofsgemeenskap.”

Deelnemer N:

> "Wat die mense soek is liefde.  Hulle besef nie altyd hoe lief God hulle het nie.  Kom gesels met so 'n persoon oor alles waarin hy belangstel.  Gee vir hom vriendskap en liefde.  Vind uit wat is die persone se belangstelling dat jy 'n gesprek met hom kan voer want jy kan nie iemand emosioneel versorg as jy nie 'n vriend van hom gemaak het nie.  Ouer mense is honger vir geselskap."

Deelnemer O:

> "Die kerk het my nie vergeet nie. Voel nog deel van die kerk."

Deelnemer P:

> "Lag is baie terapeuties.  Dit is genade tyd."

My literatuurstudie in hoofstuk twee benadruk dat die ouerwordende wat geestelik en emosioneel versorg word beter sy/haar lewensomstandighede hanteer.  Dit spreek vanself dat mense wat geliefd en gewaardeerd voel, vrede het, veiligheid en rustigheid beleef, net soveel gelukkiger is en met groter gemoedsrus lewe.

## 4.10. DIE VERSTAAN VAN PASTORALE SORG

In die ontwikkeling van ‘n teorie word daar ook gefokus op die tagtig plus ouer deelnemers se verstaan van pastorale sorg.

Tabel 4

| D | Hoe verstaan u pastorale sorg? |
|---|---|
| A | n.v.t |
| B | “Dit is deel van die werk van die predikant.” |
| C | “Die predikant doen pastorale sorg.” |
| D | “Die besoek van die leraar/kerkraad aan die persoon (aan my in die geval). Dit beteken vir 'n man baie as hier 'n gesiene man van die kerk kom en bietjie gesels.” |
| E | “Die predikant. Die man met wie ek kan praat oor my probleme.” |
| F | n.v.t. |
| G | “Dit is wanneer iemand vir jou omgee” |
| H | “As ek 'n probleempie het kan ek altyd met die predikant praat.” |
| I | “Dit is 'n opdrag van die Here. In die eerste instansie ons moet na mekaar kyk…ons moet mekaar versorg. Ek dink dat die Christenmense in die kerk en net die predikante nie vir mekaar moet sorg.” |
| J | “Om betrokke te wees en belang te stel in jou medemens.” |
| K | Dit is die dominee se werk. Hy moet op sy hande gedra word. Hy sorg vir jou siel, steek hand uit as jy hom nodig het. |
| L | “Wanneer die predikant sy lidmate versorg.” |
| M | n.v.t. |
| N | n.v.t. |
| O | “Om om te sien na mekaar is deel van ons taak..jy moet liefde in jou hê” |
| P | “Ons moet vir mekaar bid en omgee” |

Al die deelnemers behalwe G, I, J, O en P verstaan pastorale sorg as die werk van die predikant om sy lidmate te versorg.  Hulle glo, na hulle mening, dat slegs die pastor betrokke moet wees in pastorale sorg op grond van sy roeping en opleiding.  Ander mense is nie opgelei nie en daarom

kan pastorale sorg nie aan hulle toevertrou word nie.  Hierdie eensydige fokus laat die aksent op die werk van die pastor val ten koste van ‘n model waar sorg deel van die gemeente se geloofshandelinge gemaak word.

In teenstelling met die res, erken G, I, J, O en P dat daar ruimte is vir die betrokkenheid van ander.  Dit is moontlik te wyte aan hulle betrokkenheid by die geestelike en emosionele versorging van ander soos my onderhoude met hulle reeds dit aan die lig gebring het.

## 4.11. ROL VAN DIE GEMEENTE

Die gemeente as ’n geloofsgemeenskap is een van die belangrikste agente in die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon.  Bejaardesorg vorm ‘n integrale deel van enige gemeente se bediening.  Die verantwoordelikheid van die geloofsgemeenskap lê veral op die volgende terreine:

- In koinoniale verband deur ondersteuningsnetwerke in die vorm van bybelstudie-, omgee-, diens- en groeigroepe.  Op hierdie wyse leef en ondervind die tagtig plus ouer persoon probleme of uitdagings nie in afsondering nie, maar as deel van ‘n gemeente wat bymekaar betrokke is.

- In diakoniale verband deur op ‘n positiewe wyse die tagtig plus ouer persoon in die gemeente se werkswyse te integreer en sodoende hulle te help om hulle roeping te vervul. Deur die tagtig plus ouer persoon by die gemeente-aktiwiteite te betrek word koinoniale diakonaat bevorder.

Een van die knelpunte wat deur van die deelnemers geopper was, is die feit dat van die lidmate wat hulle besoek het dit net gedoen het omrede hulle daartoe verplig gevoel het.

Deelnemer N ervaar dit so:

> “Mense voel dit 'n wettiese plig, jy moet 'n besoek bring en die gees wat jy oordra is, ek doen nou my job.”

Dus, diakonaat wat nie gemeenskap tussen mense bevorder nie lei daartoe dat dit bloot net ’n verpligting word waaraan gelowiges voldoen en dit lei tot liefde sonder ware verhoudings. Dit gaan nie in die eerste plek om projekte of programme nie, maar oor ’n ware besorgdheid of ontferming oor die tagtig plus ouer persoon. Om die tagtig plus ouer persoon te leer ken en vas te stel of hulle in kontak is met hulle dieper behoeftes, wat hul geloofslewe behels, is in werklikheid die eerste stap op die weg na ‘n betekenisvolle verhouding met die tagtig plus ouer persoon.

Eers wanneer die gemeente in die skoene van die tagtig plus ouer persoon geloop het, sal hulle fyner ingestel wees en besef waardeur hulle elke dag gaan. Deur saam met hulle te reis, kry ‘n mens groot waardering en respek vir dit wat hulle al moes deurmaak in die lewe. Dus, die rol van die gemeente in die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon behoort eerstens te fokus op empatiese pastorale ondersteuning.

Jesus se voorbeeld van deernis met ander wys ons daarop dat die leed en die ellende van mense iets is wat Hom geweldig diep raak. So lees ons byvoorbeeld in Matteus 14:14: “Toe hy uit die skuit klim, het hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak”. Dink ook aan Matteus 15:32: “Jesus het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: Ek kry hierdie mense innig jammer, want hulle is nou al drie dae lank hier by My en hulle het niks om eet nie. En Ek wil hulle ook nie sonder kos huistoe stuur nie, want hulle kan miskien op die pad beswyk”.

“Die kerk kan 'n groter rol speel in hierdie mense se lewens”, vertel deelnemer F. “Ons probeer om op 'n gereelde basis vir hulle te lees maar baie aande gaan dit dol dat niemand daar uitkom nie”, sê sy. Dit is veral die verswakte bejaarde waaroor sy begaan is. Hulle kan nie meer bybelstudie en bidure bywoon nie en smag na vriendskap. Haar observasie stem ook ooreen met Goodrich se bevinding (hy het die helfte van sy lewe gewy aan ‘n ouetehuisbediening) dat ‘n verstommende vyf en tagtig persent van die ouetehuis inwoners nooit persoonlike een-tot-een besoeke ontvang nie, afgesien van hulle interaksie by 'n kerkdiens of bybelstudie (Kennedy 2011:47). Goodrich maak die volgende baie belangrike punt as hy sê:

> People in a nursing home cannot have Christian fellowship unless the Christians come to them. These truly are the least of these—the weak and disenfranchised (Kennedy 2011:47).

Behalwe vir die pastor, diaken en ouderling is daar min belangstelling van die gemeente se kant om die tagtig plus ouer persoon emosioneel en geestelik te versorg.

Kay Owen, president van Crossroads Ministries in Colorado Springs, sê dat inwoners van ouetehuise verwaarloos word deur beide familie en lidmate (Kennedy 2011:48). Sy het die kinders van die inwoners teëgekom wat weier om hulle te besoek, hulle verweer is:

> They find it depressing, or claim to be too busy with children or work (Kennedy 2011:48).

Hierdie pynlike observasie wat deur die studie onthul word, word so deur die deelnemers verwoord:

Deelnemer I

> "Min mense stel belang in die goed wat ouer mense vir hulle sê…veral jongmense…hulle stel nie belang daarin nie."

Deelnemer I is die afgelope vyf en twintig jaar betrokke by die versorging van bejaardes en weens gesondheidsredes kan sy nie meer betrokke wees nie. Sy is bekommerd dat daar niemand anders gevind kan word om haar plek in te neem nie en in haar woorde:

> "Dit is nie vir my maklik om uit die oord uit weg te gaan nie, verstaan jy… ek werk so lank daar, en ek het hierdie gevoel in my… wie kom nou in my plek...daar moet ander

mense wees en daar is nie ander mense.  Die bestuurder het nou die dag vir my gesê daar is niemand wat wil aanneem nie.  Daar is mos meer mense as net ek wat belangstel?"

Deelnemer J

"As dit goed gaan met jou dan het jy mos nie ander nodig nie."

Dit laat die vraag ontstaan hoekom sien lidmate nie die belang van die geleentheid in nie. Miskien lê die grootste probleem aangaande die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon nie so seer by 'n gebrek aan hulpbronne nie, maar eerder by 'n gebrek aan ware koinonia met die tagtig plus ouer persoon.

Deelnemer N verduidelik die rol van die gemeente in eenvoedige taal as hy sê:

"Kommunikeer God se liefde aan hulle.  Die laaste ding wat hierdie mense wil hoor is dat mense dogmatiese preke na hulle toe bring ...gee vir hulle die waarheid van die woord in jou lewe, wees 'n ope brief wat hulle kan lees."

Ons moet Jesus, die Here, navolg in sy deernis met mense waar ons hulle menswaardigheid erken en saam met hulle reis in 'n verhouding waar God se liefde beliggaam word.  Sonder deernis en liefde en 'n passie vir bejaardesorg waar vrywilligers hulleself diensbaar stel wat hierdie deernisbediening in stand hou, sal die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon moeilik kan voortbestaan.

## 4.12. SAMEVATTING

Die vierdie hoofstuk probeer om die tagtig plus ouer persoon se belewenisse rondom verskillende temas te verwoord.  Die rol wat godsdiens, geloof en spiritualiteit in hulle lewe speel, die belangrikheid van verhoudings, uitdagings, geestelike en emosionele behoeftes, huisbesoek, die waarde van geestelike en emosionele versorging, hoe hulle pastorale sorg verstaan en die rol van die gemeente, het sterk gefigureer binne die groter tema van pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon.

Uit die data verkry kan ‘n mens aflei dat die tagtig plus ouer persone diegene is wat die ingrypendste deur huidige omstandighede geraak word en in voortdurende afhanklikheid van die genade van Bo lewe.  Relevante studies en teorieë gedurende my oorsig en benutting van literatuur bevestig probleme wat met veranderende oudwordingspatrone saamhang asook die waarde wat ‘n positiewe geestesinstelling in die welsyn van ouer persone het.

Ons het geluister na die deelnemers se spesifieke behoeftes wat betref hulle geestelike en emosionele versorging, oortuigings en persepsies, asook motiewe en huidige gedrag.  Die volgende hoofstuk sal in reaksie hierop teorieë ontwikkel om die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon te help realiseer.

# HOOFSTUK 5

# GEGRONDE TEORIE-ONTWIKKELING

## 5.1. INLEIDING

Die resultate is in die vorige hoofstuk ontleed en bespreek. Hierdie hoofstuk fokus op gegronde teorie-ontwikkeling oor die tagtig plus ouer persoon, hul behoefte aan geestelike en emosionele versorging en hoe hulle ondersteun, versorg en bedien kan word.

## 5.2. DIE CHRISTEN BEJAARDE PERSOON

Hoe ‘n mens jou bonusjare gaan deurbring hang van verskeie faktore af. Onderhoude met die deelnemers het getoon dat gesondheid, persoonlikheid, ondersteuning van familie, vriende en breër gemeenskap van die belangrikste faktore is om 'n suksesvolle oudag te beleef. Om suksesvol aan te pas by bejaardheid vereis van die bejaarde om redelik buigsaam te wees, gegewe die groot mate van aanpassings en verliese wat die bejaarde deurmaak.

Persoonlikheid speel ‘n belangrike rol in die mate waartoe die ouer persoon ‘n suksesvolle oudag sal beleef. My literatuurstudie en onderhoude bevestig dat ouer persone wie se persoonlikhede voortdurend ontwikkel en wat met die ouderdomsproses wyser word, makliker by hulle omstandighede aanpas omrede hulle meer buigsaam is. Hulle erken en aanvaar hulle beperkinge en hulle lewe met hoop en dankbaarheid. Ek was veral beïndruk met die deelnemers se gesonde humorsin. Ek is van mening dat die gebruik van humor vir die tagtig plus ouer persoon in hierdie fase van besondere waarde kan wees.

Met die nodige ondersteuning van familie, vriende en die gemeenskap kan selfs die grootste struikelblok relatief makliker oorkom word. Lewensaanpassings wat gemaak moet word asook gepaardgaande verliese word as gevolg van ondersteunende netwerke meer positief hanteer. Die mate van ondersteuning wat die tagtig plus ouer persoon ontvang, het ‘n invloed op hulle gesondheid. Die gevoel van eensaamheid en isolasie verminder wanneer ondersteuning op gereelde basis plaasvind want hulle behoefte aan intimiteit word sodoende bevredig. Met die nodige ondersteuning kan die tagtig plus ouer persoon aangemoedig word om nie te onttrek nie maar eerder deel te word van of toe te tree tot iets anders. Hulle betrokkenheid by hulle gemeentes kan help om ‘n gevoel van onsekerheid en nutteloosheid teen te werk.

## 5.3. BEHOEFTE AAN GEESTELIKE EN EMOSIONELE VERSORGING

### 5.3.1. OM SINVOL TE LEWE

Uit die onderhoude en literatuustudie het dit duidelik geword dat die tagtig plus ouer Christen persoon iemand is wat haar/hom wil verdiep in haar/sy verhouding met God. Vandaar die belangrike rol van godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit. Omrede hulle nie meer die gejaagdheid van die alledaagse verpligtinge het nie, bring dit mee dat hulle meer tyd kry vir dieper nadenke. Gewoonlik vra ‘n mens na die sin in die lewe as die een of ander krisis met jou gebeur. Die tagtig plus ouderdom met sy besondere krisisse, skep baie oomblikke van lyding en aanpassings wat gemaak moet word. Dit bring mee dat daar in hierdie fase van die lewe baie meer na die sin in lewe gesoek word. Ek het gevind dat dit veral die verswakte bejaarde is wat

worstel met die sin van sy/haar lewe. Die verswakte bejaarde wil veral weet hoekom hy/sy nog met sy/haar lewe moet voortgaan as hy/sy geen sin meer daarin sien nie.

My literatuustudie en onderhoude het albei getoon dat die bejaarde wat sinvol aktief bly 'n gevoel van nut en waarde beleef. Die tagtig plus ouer persoon moet daarom aangemoedig word om betrokke te raak in die gemeente. Dit sou beteken dat gemeentes geleenthede moet bewerkstellig wat die tagtig plus ouer persoon se geestelike en emosionele behoeftes sal aanspreek. Aktiwiteite wat help om die tyd te verdryf soos bord en kaart speletjies is ook nodig vir sosialisering maar geestelike behoeftes is veel dieper as dit.

Die tagtig plus ouer persone moet die geleentheid gegee word om ook voorstelle te maak in hierdie verband. Hulle beskik oor lewenswysheid, mensekennis en lewenservaring. Hulle behoort dus saam te dink aan projekte wat gemeente deelname en interaksie bevorder. Dus, hulle moet die geleentheid kry om die wysheid van hulle jare in te span. Veral projekte waar jonk en oud saam kan werk sal help om mekaar beter te begryp en help om negatiewe stereotipering van die bejaarde uit die weg te ruim. Die gedagte hiermee is dat kinders reeds in hul jeugdige ouderdom sal besef hoe waardevol die ouer geslag is. Op hierdie wyse word die tagtig plus ouer persoon se selfwaarde uitgebou en kry hulle die geleentheid om in hierdie fase van hulle lewe 'n betekenisvolle bestaan te voer.

Om hierdie doelwit te bereik moet gemeentes weet wie die tagtig plus ouer persoon is. Soos reeds uitgewys kan die bejaarde nie in ouderdomskategorieë opgedeel word nie want individue pas verskillend by bejaardheid aan en hulle eiesoortige omstandighede verskil. Daar is van my

deelnemers wat nog ‘n aktiewe rol in die gemeente vervul terwyl ander moes onttrek as gevolg van hulle bepaalde lewensituasie.  ‘n Effektiewe bediening  met die tagtig plus ouer persone begin dus waar die gemeente ontdek wie die tagtig plus ouer persone in hulle gemeente is.  Ek het ook gedink ek weet wie die tagtig plus ouer persone is tot ek saam met hulle begin reis het.

Om die tagtig plus ouer persoon suksesvol in die aktiwiteite van die gemeente te betrek sal hulle onvoorwaardelik moet glo in die tagtig plus ouer persoon se vermoë om te groei, te verander en te ontwikkel.  Kortom, dit is noodsaaklik vir gemeentes om toegerus te wees met die nodige kennis en insig ter herkenning en uitbouing van die bejaarde se beskikbare potensiaal.  My navorsing gee wel ‘n perspektief op die tagtig plus ouer persoon se geestelike en emosionele behoeftes maar die verantwoordelikheid berus by die gemeentes om seker te maak almal word ingesluit in hulle bediening.  My onderhoude het getoon dat slegs ‘n handjie vol betrek word in besluite en deelname.  My onderhoude het aan die lig gebring dat gemeentes wel ‘n pad loop met van die meer aktiewe tagtig plus ouer persone maar die verswakte tagtig plus ouer persoon bly agterweë.

## 5.3.2. OM MENSWAARDIG TE LEWE

Uit my gesprekke met die deelnemers en literatuur was die erkenning van hulle menswaardigheid vir hulle baie belangrik.  Vir baie jare was hulle deel van ‘n gemeente en kon hulle as gelowiges saam met ander gelowiges die Here loof en dien.  Nou dat hulle oud geword het is die algemene indruk dat hulle nie meer in die visier van die kerk is nie.  Eredienste word Sondae op die televisie uitgesaai by die ouetehuise en die bediennig van nagmaal is onpersoonlik.  Briefies word uitgedeel tydens die erediens om mense aan te moedig om in te

skakel by die verskillende programme van die gemeente maar dit word nie deurgegee aan die tagtig plus ouer persoon in die ouetehuise nie. Om nie eers te praat van die verswakte tagtig plus bejaarde nie.

Die boodskap wat hierdie tipe optrede aan die tagtig plus ouer persoon kommunikeer is dat hulle nie belangrik is nie of selfs dat hulle gawes nie meer nodig is nie. In hierdie verband sê Paulus in Filippense 2:3-4: "In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander". Dus, wedersydse respek en begrip vir mekaar se leefwyse en manier van dink is nodig. Dit veronderstel dat ons na mekaar se beskouings oor die lewe sal luister. Vir die tagtig plus ouer persoon is die gemeente se deurlopende kontak en simpatieke belangstelling van kardinale belang. Dit maak die gemeente betrokke by die geestelike en emosionele versorging en sodoende word hulle menswaardigheid in stand gehou.

As gemeetes hulle menswaardigheid wil bevorder moet hulle die tagtig plus ouer persone as gelykes behandel en nie ignoreer nie. Hulle moet geleentheid kry om hulle geloofstories te deel. Dink net hoe baie kan ons jongmense baat om te hoor van mense wat al 'n pad saam met God gestap het. Jesus het dikwels stories, of te wel gelykenisse, gebruik om sy boodskap oor te bring. Dit gee aan die tagtig plus ouer persoon die geleentheid om mense te inspireer om in Jesus se storie te leef. Hopelik sal dit jongmense se perspektief teenoor ouer mense verander en groter respek by die jonger geslag kweek.

## 5.3.3.OM SAAM KOINONIA TE HOU

Volgens Genesis 2:18 – 25 is die mens geskape as verhoudingswese. Die mens bestaan in verhouding tot God, homself, sy medemens en die natuur. Vir die tagtig plus ouer persoon geniet die verhouding met God, homself en sy medemens prioriteit. Die behoefte aan intimiteit, insluiting, aanvaarding, omgee, vriendskap, versorging word al hoe meer belangrik in ‘n bejaarde se lewe. Namate hulle kragte afneem word dit al hoe moeiliker om hulle geloof konkreet te beleef en uit te leef saam met medegelowiges. Uit my onderhoude was dit duidelik dat hulle nie die pad alleen wil stap nie. Verder wil hulle ook iets doen, nog iets beteken, deelneem en betrokke raak by die aktiwiteite van die gemeente. Dit bring mee dat daar ‘n groter behoefte aan kameraadskap tussen die tagtig plus ouer persoon en gelowiges onderling ontstaan. Sommige deelnemers het erken dat hulle nie deel van die gemeenskap van gelowiges voel nie. Dit is dus duidelik dat dit absoluut noodsaaklik is dat gemeentes maniere sal vind om koinonia saam met die tagtig plus ouer persoon te hou.

Ten diepste gaan dit oor verhoudingsbou met die tagtig plus ouer persoon. Dit veronderstel dat daar voortdurend interaksie sal plaasvind tussen die gemeente en die tagtig plus ouer persoon waar dit beleef word as ‘n gee en neem. So ‘n verhouding vereis inspanning en opoffering van al die partye en daarom is deernis en sensitiwiteit baie belangrik. Verhoudings met die tagtig plus ouer persoon moet opreg wees en God se onvoorwaardelike liefde aan hulle kommunikeer. Onvoorwaardelike liefde, ondersteuning, sekuriteit, stabiliteit en die gevoel om te behoort aan, is waarna hulle soek in ‘n verhouding. Binne ‘n liefdevolle atmosfeer waar behoeftes en emosies vrylik gedeel kan word, kan hulle sekuriteit en geborgenheid beleef. Op die wyse word

onvoorwaardelike liefde gekweek waarbinne humor en die liefde van Christus elke dag sy beslag kan hê.

## 5.4. HOE WORD ONS ‘N GEMEENTE WAT DIE TAGTIG PLUS OUER PERSOON PASTORAAL VERSORG?

Hierdie navorsing vorm deel van die kerk se roeping tot barmhartigheid en fokus op daardie aspek van die bediening wat gemoeid is met die welsyn van die tagtig plus ouer persoon in die besonder. Nadat daar nagedink is oor dit wat in die gemeente gebeur rondom die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon en hoe ons die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon in Mosselbaai meer sinvol en tot eer van God kan hanteer, word in hierdie gedeelte aandag gegee aan die praktiese uitvoering daarvan.

Gesprekke met die deelnemers het getoon dat daar heelwat individuele pogings is om die tagtig plus ouer persoon by te staan. My afleiding uit die onderhoude is dat 'n gebrek aan koördinering en samewerking ‘n groot struikelblok in die weg van pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon is. Om hierdie uitdaging te bowe te kom kan ‘n diensgroep in die gemeente saamgestel word wat ‘n passie vir ouer mense het. Die liefde moet immers die basis wees van ons omgee onder mekaar. Verteenwoordigers van beide geslagte moet sover moontlik op die diensgroep dien en verkieslik afgetree wees. Die voordeel van die afgetredenes is dat hulle nie meer so tydsgebonde is nie en self bewus is van die knelpunte in veroudering. Aan die ander kant kan dit hulle help om sosiaal aktief te wees en kan hulle ‘n verskil in mense se lewe maak. Dit is hulle taak om ander lidmate te identifiseer om met die taak te help en hulle te motiveer.

Lidmate met dieselfde passie maar veral afgetrede lidmate wat nog aktief en selfversorgend is, moet genader word.

Soos reeds genoem moet gemeentes eerstens vasstel wie die tagtig plus ouer persoon in die gemeente is. Hierdie kan ‘n lekker projek word van die gemeente waar jonk en oud betrokke kan raak. Onthou, elke tagtig plus ouer persoon is ‘n unieke persoon, geskep deur ‘n lewende God wat ons almal gemaak het met spesifieke bekwaamhede.

Individuele besoeke aan die tagtig plus ouer persoon met die doel om hulle beter te leer ken en ‘n verhoudingsgerigte omgee te bewerkstellig is essensieel tot die effektiewe bediening met die tagtig plus ouer persone. Dit kommunikeer aan hulle dat hulle betrokkenheid in die gemeente nie verby is nie. Hierdie ontmoeting moet ons help om God in mekaar te sien en verhoudings te versterk ten einde ‘n pastorale verhouding te bewerkstellig. Inligting wat verkry is kan op ‘n databasis vasgelê word met besonderhede van hulle gesondheid, afhanklikheid, kognitiewe vermoëns, spesifieke behoeftes, gawes, kontakbesonderhede van kinders of familie, ensovoorts. Daar kan op hierdie manier vasgestel word watter behoeftes prioriteit moet geniet en watter hulpbronne beskikbaar in die gemeente is. Hulle behoort die versekering te kry dat hulle versoeke om te dien en bedien te word die nodige aandag sal ontvang.

Om hierdie projekte te bestuur het ons leiers nodig wat passievol oor bejaardesorg is en wat graag leiding wil neem met barmhartigheidsdiens aan mense in nood. Hulle sal verantwoordelik wees vir die beplanning, organisasie en om die projekte te dryf. Ten einde hulle doelwitte te bereik met die verskillende projekte is effektiewe kommunikasie van kardinale belang. Ek stel

voor dat gemeentes kyk na ‘n hulplyn wat gebruik kan word om behoeftes aan te meld en hulp aan te bied.  Dit is dus belangrik dat die nodige kommunikasiestrukture en kanale geskep word asook ‘n kommunikasiestrategie ontwikkel word.  Ten alle tye moet op ‘n deernisvolle manier en begrip na mekaar geluister word.   Projekte moet op so ‘n wyse aan die gemeente gekommunikeer word dat almal betrek word en kennis neem van watter bydrae hulle kan lewer. Verder moet die aksent val op die talle positiewe eienskappe van bejaardheid wat 'n geestelik gesonde begrip van die verouderingsproses bevorder en ouderdomisme teenwerk.

Die omgeebediening of kleingroepbediening is ‘n versorgingsmodel wat beslis oorweeg behoort te word in die bediening van ouer persone.  Ek is van mening dat koinonia en daarmee saam die bou van verhoudinge tussen die gemeente en die tagtig plus ouer persoon ‘n werklikheid kan word wanneer die tagtig plus ouer persoon ingesluit word in die omgeebediening.  Die behoefte aan koinonia by die tagtig plus ouer persoon kan op hierdie wyse aangevul word.  Die tagtig plus ouer persoon is opsoek na outentieke verhoudings.  Die omgeebediening skep ruimte om spontaan vir mekaar en in die besonder die tagtig plus ouer persoon om te gee en hierdie “herderlike bediening” aan die tagtig plus ouer persoon kan help om vereensaming teë te werk.

‘n Omgeegroep is juis die plek waar mense mekaar leer ken en iets van hulleself, hul pyn, vreugdes, worstelinge en begeertes met mekaar begin deel.  Op hierdie manier neem ons die verantwoordlikheid om vir mekaar te sorg.  Binne hierdie ruimte kan ons mekaar aanmoedig, vertroos, leiding gee, ondersteun, help met die hantering van verliese, ensovoorts.  Hierin kan die tagtig plus ouer persone ook die vervulling beleef van die gebed wat daagliks in hulle leef in die

bekende woorde van Psalm 71:18: “Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie”.

Binne die diensgroep kan daar saam met die kleingroepbediening aan verskillende projekte beplan word wat die tagtig plus ouer persoon sal help om die sin van die lewe raak te sien en om sinvol en met hoop te leef.  Die tagtig plus ouer persoon se lewenservaring, geloofsbelewenisse, wysheid, geestelike rykdom en tyd tot hulle beskikking kan binne die gemeente met groot vrug aangewend word.  Dit maak van hulle ‘n waardevolle bate wat ‘n beduidende bydrae tot die opbou en uitbou van die gemeente kan maak.

Die gemeente moet aangemoedig en gemotiveer word om die tagtig plus ouer persoon in ‘n omgeebediening te help inskakel en visa versa.  Die diensgroep speel ‘n belangrike rol in die koördinering van die tagtig plus ouer persoon wat betrokke wil wees by ‘n omgeegroep.  Die databasis moet voorsiening maak vir die tagtig plus persoon wat reeds ingeskakel is en die wat nog nie ingeskakel is nie.  Sodoende kan daar gekontroleer word wie nog nie deel is van so ‘n omgeegroep nie.  Op die ou einde gaan dit oor pastorale sorg wat 'n bediening word van die gemeente, deur die gemeente en vir die gemeente.  Ek stel voor dat dit prosesmatig aangepak word en nie programmatig nie.  As deel van die bewusmakingsproses kan daar gereeld ‘n Sondag vir bejaardes gehou word.  Dit is ‘n proses wat tyd gaan neem en almal sal dalk nie van die begin af betrokke raak nie maar ek vertrou dat soos die proses en projekte momentum kry en nuwe energie, entoesiasme, geesdrif en kreatiwiteit losgemaak word, al meer lidmate betrokke sal wil word.

Ten slotte moet daar aandag gegee word aan opleiding. Daar moet vasgestel word watter opleidingsprogamme beskikbaar is ten einde vrywilligers beter toe te rus vir die versorging van die tagtig plus ouer persoon. Daar kan onder andere aandag geskenk word aan wat pastorale versorging is, die rol van 'n pastorale versorger, die gebruik van stories in die narratiewe benadering, maniere om die Bybel in die gesprek te laat praat, luistervaardighede, hoe om lydingsgebeure te hanteer, ensovoorts. Afgetredenes kan veral hierby baat aangesien dit hulle sal help om beheer te neem oor die laaste hoofstuk van hulle lewe en ‘n vervullende lewe te lei deur hulle vermoëns ten volle te benut in diens van die evangelie.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1. INLEIDING

In die finale hoofstuk word die verloop van die ondersoek teen die agtergrond van die beperkinge van die studie, gevolgtrekkings en aanbevelings vooruitspruitend daaruit gemaak.

## 6.2. OORSIG

In hierdie navorsing is daar gefokus op die tagtig plus ouer persoon se geestelike en emosionele behoeftes en hoe dit deur die Mosselbaai se geloofsgemeenskap gerealiseer kan word. My betrokkenheid by my skoonpa se pastorale versorging het my bewus gemaak van die toenemende vraag na pastorale versorging onder die tagtig plus ouer persoon, veral hulle wat dikwels nie meer tuis versorg kan word nie se behoefte aan menswaardigheid en die voortsetting en instandhouding van hulle waarde deur kontak met leraars en met lidmate.

Dit gaan dus in hierdie konteks om die tagtig plus ouer persoon beter te verstaan deur saam met die tagtig plus ouer persoon te reis, om as te ware in hulle skoene te klim en te ervaar wat hulle daagliks beleef. In die proses is ‘n kwalitatiewe ontwerp gevolg met in-diepte onderhoudvoering met die betrokke deelnemers. In hoofstuk vier het ons geluister na die tagtig plus ouer persoon se behoefte aan en belewenis van hulle geestelike en emosionele versorging asook die versorgingstaak van die gemeente. Die literatuurstudie het ‘n goeie agtergrond en basis gelê in

die verkenning van voormelde teorieë oor veroudering, pastoraat, die verwantskap tussen godsdiens, spiritualiteit en veroudering en bejaardheid in die algemeen.

## 6.3. GEVOLGTREKKING

Die gevolgtrekkings word gemaak op grond van die literatuurstudie en empiriese bevindinge.

### 6.3.1. BEGRIP EN ONVOORWAARDELIKE AANVAARDING

Die tagtig plus ouer persoon se verlange om verstaan te word en onvoorwaardelike aanvaarding het prioriteit geniet in my saamreis met hulle. Dit kommunikeer aan hulle ‘n gesindheid van onderlinge konsiderasie, respek en egtheid as die geloofsgemeenskap hulle deelmaak van die gemeente se roeping, hulle insluit in die programme van die gemeente, na hulle belange omgesien word en daar na hulle geluister word. So dikwels word ouer mense afgejak en nie na geluister nie. Baie bejaardes, veral die verswakte tagtig plus ouer persoon voel dat hulle nie meer diensbaar in die gemeente kan wees nie. Binne die Christelike geloofsgemeenskap is dit die eerste gedagte wat moet verander.

‘n Hartroerende gedig geskryf deur ‘n verpleegster in 'n Skotse geriatriese hospitaal demonstreer die behoefte van die tagtig plus ouer persoon om menswaardig behandel te word. Die gedig is ‘n pleidooi deur 'n bejaarde pasiënt aan 'n verpleegster waarin die bejaarde ‘n beroep doen op versorgers om verder te kyk as net die die swak en deurmekaar ou persoon voor hulle en die lewe wat hulle geleef het, vol hoop en drome, oorwinnings en tragedies, te oorweeg.

Die gedig: LOOK CLOSER (The Cranky Old Man) deur McCormack (1966)

What do you see, nurses, what do you see?
What are you thinking, when you look at me,
A crabbit old woman, not very wise,
Uncertain of habit, with far-away eyes,
Who, quite unresisting, lets you do as you will,
With bathing and feeding the long day to fill.
I'll tell you who I am as I sit here so still,
As I move at your bidding, as I eat at your will.
I'm a small child of 10 with a father and mother,
Brothers and sisters, who loved one another.
A bride now at 20 — my heart gives a leap,
Remembering the vows that I promised to keep.
At 25 now I have young of my own,
Who need me to build a secure happy home,
At 50 once more babies play around my knee,
Again we know children, my loved one and me.
Dark days are upon me, my husband is dead,
I look at the future, I shudder with dread,
For my young are all busy with young of their own,
And I think of the years and the love that I've known.
The body it crumbles, grace and vigour depart,

There is now a stone where I once had a heart,
But inside this old carcass, a young girl still dwells,
And now and again my battered heart swells.
I remember the joys, I remember the pain,
And I'm loving and living life over again,
I think of the years all too few — gone too fast.
And accept the stark fact that nothing can last.
So open your eyes, nurse, open and see,
Not a crabbit old woman, look closer — see ME.

Hierdie gedig dring die gelowige om anders te kyk na die tagtig plus ouer persoon. Die tagtig plus ouer persoon beskik oor wyse insig oor wat die aard van lewe is. Die manier waarop ek ontvang is, die opgewondenheid waarmee hulle my begroet het en spontanitiet waarmee hulle, hulle stories met my gedeel het en my so deelgemaak het van hulle reis, het my geïnspireer en kon ek God se teenwoordigheid op ‘n besondere manier by hulle beleef. Hulle het my bewus gemaak van hulle behoefte om liefde te gee en liefde te ontvang.

## 6.3.2. DIE BROOSHEID VAN DIE MENS

Die broosheid, weerloosheid en hulpeloosheid van die tagtig plus ouer persoon het my diep geraak. Dit bring mee dat anders na die lewe en na die toekoms gekyk word. Daar is by hulle ‘n verskerpte besef van eindigheid. Ek was veral beïndruk dat hulle te midde van die broosheid van hulle eie situasie van kwynende kragte en gesondheid, nogsteeds dankbaar lewe met ‘n ewigheidsdimensie, ‘n verwagting, ‘n hoop, ‘n getuienis van God se liefde. Wanneer

bejaardheid verstaan word in die konteks van die Christelike geloof kan selfs ons broosheid betekenis hê vir God. Dit is in ons broosheid dat ons ontdek dat ons niks het om oor te roem nie, dat ons kan lewe met die wete dat op die ou einde sal God alles reg laat uitwerk en kan ons alleen nederige antwoord op die rigting waarin die aanslae van die lewe ons stuur.

### 6.3.3. GEESTELIKE DIMENSIE

Die geestelike dimensie is ‘n belangrike faktor en uitgangspunt in die pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon. Die studie gaan van die veronderstelling uit dat alle mense ’n ingebore spiritualiteit het en die versorging daarvan belangrik is vir suksesvolle veroudering. Volgens literatuurstudies asook empiriese gegewens help geestelike en emosionele versorging om met verskeie ontberinge wat saam met die verouderingsproses kom, om te gaan. Dit impliseer dat ouderdom in ‘n geestelike sin verstaan word en nie net in terme van biologie, psigologie en ander vakwetenskappe beskryf kan word nie. In die verband sê Crossley:

> Whatever aging means, its meaning must be sought in relationship with God (Crossley 1999:13).

Die belangrike rol wat godsdiens, geloof, gebed en spiritualiteit in hulle lewe speel bring mee dat die geloofgemeenskap voor die wonderlike uitdaging staan om hoop en betekenis te realiseer in hierdie ouer persone se lewens.

## 6.3.4. OMGEE GERIG OP VERHOUDINGSBOU

Uit die onderhoude blyk dit dat daar ‘n dringende behoefte aan goeie ondersteunende verhoudinge met die tagtig plus ouer persoon is. Die skep van ruimtes vir goeie, gesonde en positiewe verhoudings tussen die gemeente en die tagtig plus ouer persoon behoort dus prioriteit te geniet. In die verband gee Jesus ’n uiters waardevolle beginsel:

> “Behandel ander soos jy behandel wil word!” (Matteus 7:12)

Wanneer ons dus so optree teenoor mekaar dat wedersydse respek, wedersydse vertroue, die voorsiening van sorg en ondersteuning en oop kommunikasie bevorder word, gee ons gehoor aan Jesus se opdrag. Gesonde en positiewe verhoudings tussen die gemeente en die tagtig plus ouer persoon is ‘n belangrike aspek in die skep van ‘n omgewing waar sorgende handelinge spontaan gebeur. Spontane sorgende handelinge skep koesterende patrone wat meebring dat ’n gevoel van behoort by die tagtig plus ouer persoon ervaar word omdat dit ’n mate van emosionele ondersteuning en sekuriteit bied. Deur onderlinge en pastorale sorg kan geloofsgroei gestimuleer word en kan die verhoudingsgerigte omgee die begeerte aan koinoniale samesyn en aanbidding vervul.

Met ondersteuningsnetwerke wat met die jare heen verswak word die behoefte aan nuwe vriendskappe groter. Vriendskappe gebeur nie oornag nie. Daar moet doelbewus daaraan gewerk word om die gemeente by die tagtig plus ouer persoon uit te bring sodat hulle mekaar kan leer ken, dien en liefkry. In die proses ontmoet ons mekaar op ‘n meer persoonlike vlak en

kweek sodoende ’n sterker en gesonde verbondenheid tussen die gemeente en die tagtig plus ouer persoon.

Die teenoorgestelde van omgee is om ongevoelig te wees. Om ongevoelig te wees vir mense se gevoelens en behoeftes. Wanneer ons onbetrokke verbystap en nie tyd maak om na mekaar te luister nie. ‘n Omgee wat gerig is om ‘n verhouding te bou met die tagtig plus ouer persoon kan slegs ontstaan as ons ‘n waardering het vir die ouerwordenes. Kortom vra die tagtig plus ouer persoon dat ons hulle sal erken as gelyke deur hulle onvoorwaardelik te aanvaar en sensitief te vir hulle behoeftes aan onder andere koinonia en vriendskap. Dit vra ‘n bereidwilligheid en verdraagsaamheid gemotiveer vanuit die liefdesgebod om die welstand van die tagtig plus ouer persoon op ‘n empatiese wyse te bevorder.

Dit is goed as gemeentes hulle eredienste uitsaai na die versorgingsoorde, die pastor een keer per week die bybelstudie lei, diakens en ouderlinge van tyd tot tyd hulle besoek, daar kospakkies vir hulle afgelewer word, daar funksies by die kerk gereël word. Die onderhoude en literatuurstudie dui egter daarop dat meer gedoen kan word om daadwerklik persoonlike verhoudings met die tagtig plus ouer persoon te bou waar hulle menswaardigheid erken word.

Die onderhoude bevestig dat ons in ‘n samelewing woon waar tyd min en kosbaar is. Die tagtig plus ouer persone is dikwels verder verwyder van die gemeente se fokus en gedagtes veral as hulle in ‘n versorgingoord is. ‘n Direkte gevolg hiervan is die verswakte tagtig plus ouer persoon wat nooit die geleentheid kry om deel te neem aan enige van die gemeente se aktiwiteite

nie, wie se kinders hulle nie kom besoek nie, wat hulle weens omstandighede so uit die gemeenskap onttrek het dat hulle nou eensaam in ‘n kamer wag vir die dood om hulle te neem.

In Mandy Hale se woorde:

> To make a difference in someone’s life, you don’t have to be brilliant, rich, beautiful, or perfect, you just have to care (Seidl 2015).

Dus, die boustene van ‘n verhoudingsgerigte omgee is liefde en empatie wat gevolglik bydra tot die koestering en versterking van die verhouding tussen die tagtig plus ouer persoon en die gemeente.

## 6.4. AANBEVELING VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

Die navorsing maak die volgende aanbevelings vir toekomstige studie:

6.4.1. Die homogeniteit van hierdie groep, as synde hoofsaaklik Afrikaanssprekende middelklas bejaardes, laat die vraag ontstaan of die belewenis van hierdie groeplede uniek is, en of ander tagtig plus ouer persone dieselfde ervaring het. Dit word dus aanbeveel dat ‘n vergelykende studie geloods word waar die geestelike en emosionele behoeftes van die tagtig plus ouer persoon wat betrokke was in hierdie groep vergelyk word met ‘n ander groep.

6.4.2. Hierdie navorsing het daarop gedui dat die tagtig plus ouer persoon 'n beduidende rol kan speel in die opbou en die verdieping van die gemeente. ‘n Gebrekkige verstaan van die

verouderingsproses gekoppel aan ouderdomisme hou ‘n groot bedreiging vir die ouer persoon se toekomstige ontwikkeling in.  Navorsers wat die versorgingswêreld van ouerpersone betree kan veral aandag gee aan:

- Diskriminasie teen die bejaarde en sy manifestasies in ons multikulturele samelewing.  Hoe ouderdomisme tans beleef word deur bejaardes in die samelewing en die gemeente en die effek wat dit op hulle menswaardigheid het.
- Die opvoeding van die gemeenskap ten einde hulleself voor te berei vir aftrede en om daarop ingestel te wees om vir hulleself te sorg.
- Die verband tussen depressie, sosiale isolasie, eensaamheid en selfmoord onder bejaardes en hoe dit voorkom/verminder kan word.
- Oorsake, gevolge en behandeling van verslawing onder bejaardes.
- Sterwensbegeleiding en begeleiding oor geloofsekerheid.
- Jonger volwassenes se bewusmaking van die realiteite van oud word en die impak wat ouerwordende lidmate op die gemeenskap het.
- Identifisering van bejaardemishandeling en hoe die gemeente bystand kan verleen aan bejaardes wat reeds daardeur geraak word.
- Die aanpasbaarheid van ouer persone in ‘n vinnig veranderende tegnologiese wêreld en hoe dit hulle lewens kan verryk.
- Hulpmiddels, strategieë, riglyne, ontwikkelingstake, ontwikkelingsplanne wat die bejaarde kan help om suksesvol te verouder.  Hoe kan die bejaarde voortgaan om ‘n sinvolle bestaan te voer?

- Uitdagings van bejaardes met terminale toestande en die hantering van die versorgingsituasie deur familie, vriende, gemeente en verpleegpersoneel.
- Maniere te ondersoek waarop die afgetrede bemagtig kan word om mekaar te versorg.

Die navorsing sluit af deur daarop te wys dat gemeentes nuut sal moet dink oor die verouderingsproses en rol van die gemeente in die bevordering van die bejaarde se menswaardigheid deur erkenning te gee vir wat hulle in die gemeente beteken en kan beteken. Die studie het die besef laat ontstaan dat die tagtig plus ouer persoon nie bloot as passiewe deelnemers in die gemeente beskou moet word nie maar as deelnemende vennote waar hulle gawes en talente sentraal kan staan in onder andere die verdieping van jongmense se geloof en dat selfs die mees verswakte bejaarde ook die mees vurige gebedsvegter kan wees.

# BIBLIOGRAFIE

Adams, D. 2008. *Counseling and Spiritual Formation*. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 21:1-2, 131-141.

Allan, G. 2003. *A critique of using grounded theory as a research method.* Electronic Journal of Business Research Methods 2(1), 1–10.

Annasamy, S., Clissett, P., Narayanasamy, A., Parumal, L. & Thompson, D. 2004. *Responses to the spiritual needs of older people*. Journal of Advanced Nursing, 48(1), 6–16.

Atchley, R.C.1989. *A continuity theory of normal aging*. Gerontologist 29(2), 183–190.

Atchley, R.C. 2006. *Continuity, Spiritual Growth, and Coping in Later Adulthood*. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 18:2-3, 19-29.

Babbie, E. 1989. *The Practice of Social Research*. London Wordsworth Publishing Company.

Babbie, E & Benaquisto, L. 2010. *Fundamentals of social research*. Toronto: Nelson Education.

Bergen M.S. 2003. *A Christian Education for the Spiritual Growth of Senior Adults.* Journal of Religious Gerontology, 15:1-2, 127-141.

Botha, P.J.J. 2000. *Everyday life in the world of Jesus*. Menlo Park: Biblia Publishers.

Brink, H. 2006. *Fundamental of research methodology for Health care professionals*. 2nd ed. Kaapstad: Juta.

Bryant, A. & Charmaz, K. 2007. *The sage handbook of grounded theory.* London: SAGE.

Campbell, A.V. 1987. *A dictionary of pastoral care*. London: SPCK.

Charmaz, K. 2006. *Constructing grounded theory: A practical guide through qualitative analysis.* London: SAGE.

Clebsch, W.A., & Jaeckle C. R. 1994. *Pastoral Care in Historical Perspective.* Northvale, NJ: Jason Aronson.

Clinebell, H. 1984. *Basic Types of Pastoral care and Counselling*. Nashville. Abingdon Press.

Collins, K.S., Moroka T.M., Furman, R.,& Bruce, E. 2005. *A Survey of Pastoral Care Services for Older*. Journal of Social Work in Long-Term Care, vol. 3(3/4).

Corbin, J. & Strauss, A. 2008. *Basics of Qualitative Research (3rd ed.): Techniques and Procedures for Developing Grounded Theory*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications, Inc.

Crossley, R.C. 1999. *Aging with God: Old Age and New Theology*. Church & Society, 89:3, 9-16.

David, G. 2001. *Aging, religion, and spirituality: Advancing meaning in later life*. Social Thought, 20:3-4, 129-140.

David, M. & Sutton, C.D. 2011. *Social research : an introduction*. Thousand Oaks, London: SAGE.

De Jongh van Arkel, J.T. 2000. *Caring for all*. Pretoria: Univeristeit van Suid Afrika

Detwiler-Zapp, D. & Dixon, C. 1982. *Lay-caregiving*. Philadelphia: Fortress.

De Vos, A.S. (ed.) 2010. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.

De Wet, F.W. 2009. *Die implikasies van 'n pneumatologies-bepaalde teoretiese raamwerk vir navorsingsmetodologie in prakties-teologiese wetenskapsbeoefening.* In die Skriflig 43:2, 227-250.

Dreyer, T. F. J. 1995. *Implikasies van die kommunikatiewe handelingsteorie vir ‘n prakties-teologiese perspektief op die ekklesiologie*. HTS Volume 51:3, 792-805.

Dreyer, J.S. 2010. *Die navorsingsuitdaging: Uitvoering van empiriese navorsing in teologie (Studiegids vir CGM3704).* Pretoria; Universiteit van Suid-Afrika

Dreyer, J.S., Hestenes, M.E., Pieterse, H. J. C., Theron, J. P. J. 1999. *Eerste tree in praktiese teologies (Studiegids vir CGM112-P)*. Pretoria; Universiteit van Suid-Afrika.

Du Plooy-Cilliers, F., Davis, C. & Bezuidenhout, R. 2014. *Research matters*. Claremont: Juta.

Elledge-Volker, C.E. 2011. *Forever Young: Pastoral Care and the Experience of “Aging,” Reconsidered.* Pastoral Psychology 60:61–72.

Emmel, N. 2013. *Sampling and choosing cases in qualitative research: A realist approach.* London: SAGE Publications Ltd.

Eisner, E.W. 1991. *The enlightened eye: Qualitative inquiry and the enhancement of educational practice.* New York: Macmillam.

Evans, J. 2007. *Your psychology project: The essential guide.* London: SAGE Publications Ltd.

Fiksenbaum, L.M., Greenglass, E R., J.Eaton. 2006. *Perceived Social Support, Hassles, and Coping Among the Elderly*. Journal of Applied Gerontology, 25:1, 17-30.

Ganzevoort, R.R. 2009. *Forks in the road when tracing the sacred: Practical theology as hermeneutics of lived religion.* Presidential address to the ninth conference of the IAPT, Chicago, 1-15.

Gerkin, C.V. 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon.

Glaser, B. G., & Strauss, A. L. 1967. *The Discovery of Grounded Theory: Strategies for Qualitative Research.* New York: Aldine de Gruyter.

Grbich, C. 2013. *Qualitative data analysis an introduction*. London: SAGE Publications Ltd.

Grobbelaar, J. 2008. *'n Ondersoek na die bediening van laerskoolkinders in en deur die gemeente as intergenerasionele ruimte*. D.Th- verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Hawkes, G. 1989. *The relationship between theology and practice in Southern Africa*. Journal of Theology for Southern Africa 68, 29-39.

Heitink, G., 1993, *Praktische theologie: Geschiedenis, theorie, handelingsvelden*. Kampen: Kok.

Heitink, G. 1999a. *Practical theology: history, theory, action domains: manual for practical theology*. Grand Rapids, Mich: W.B. Eerdmans Pub.Co.

Heitink, G. 1999b. *Practical Theology: An Empirical-Orientated Approach*. In Schweitzer, F. & Van der Ven, J. A. (eds). Practical Theology – International Perspectives. Frankfurt am Main: Peter Lang, 265-272.

Hermans, C.A.M. 2002. *Social constructionism and theology*. Leiden Boston: Brill.

Heyns, L.M. 1990. *Historical development of practical theology* In: Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. *A primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis, 83-92.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *A Primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1994. *Eerste tree in die praktiese teologie.* Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers BK.

Holloway, I (ed). 2005. *Qualitative research in health care.* Berkshire, London: Open University Press.

Howe, L. 2000. *A pastor in every pew: equipping laity for pastoral care*. Valley Forge, Pa: Judson Press.

Hudson, R. 2006. *Disembodied Souls or Soul-Less Bodies: Spirituality as Fragmentation*. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 18:2-3, 45-57.

Hudson, R., & Richmond, J. 2000. *Living, dying, caring: Life and death in a nursing home*. Melbourne: Ausmed Publications.

Jewell, A. 2004. *Ageing, Spirituality, and Well-being*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Karstens, L. 2014. *Beweerde mishandeling van bejaarde*. [Online]. Available at: http://www.mosselbayadvertiser.com/news.aspx?id=79112&h=Beweerde-mishandeling-van-bejaarde [Accessed: 15 Jul 2014].

Kennedy, J.W. 2011. *A Senior Moment*. Christianity Today, 55 no 12, 46-49.

Klapp, D. 2003. *Chapter 6: Biblical Foundations for a Practical Theology of Aging*. Journal of Religious Gerontology, 15:1-2, 69-85.

Knight, B.G. 2004. *Psychotherapy with Older Adults*. Thousand Oaks: SAGE Publications, Inc.

Koenig, H. G. 1994. *Aging and God: spiritual pathways to mental health in midlife and later years*. New York: Haworth Pastoral Press.

Koepke, D. 2011. *Looking Backward: Demonstrated Clergy Training Needs*. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 23:1-2, 18-32.

Kollar, N. R. 1985. *Towards a Spirituality of Aging and Old Age*. Journal of Religion & Aging. 1:3, 49-59.

Krause, N. & Hayward R.D. 2013. *Measuring Communities of Faith: A Preliminary Investigation*. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 25:3, 258-276.

Langer, N. 2000. *The Importance of Spirituality in Later Life*. Gerontology & Geriatrics Education, 20:3, 41-50.

Lartey, E.Y. 2003. *In living colour: An intercultural approach to pastoral care and counselling*. London: Cassell.

Louw, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting : ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike.

Louw, D.J. 1999a. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: ʻn Teologiese ontwerp vir basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.

Louw, D.J. 1999b. *Pastoraat as vertolking : metaforiese teologie binne die konteks van 'n pastorale hermeneutiek.* HTS Volume 55:2-3, 334-359.

MacKinlay, E. 2006a. *Aging, spirituality and palliative care.* Binghamton, NY: Haworth Pastoral Press.

MacKinlay, E. 2006b. *Spiritual Care: Recognizing Spiritual Needs of Older Adults*. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 18:2-3, 59-71.

Malan, E. & Dreyer, Y. 2009. *Multidissiplinêre beskouinge op veroudering vanuit 'n pastorale perspektief*. HTS Teologiese Studies/Theological Studies 65(1), 1-9.

Mason, J. 2002. *Qualitative researching*. 2nd ed.London: SAGE Publications Ltd.

McCormack, P. 1966. *Look Closer. [Online]. Available at: (http://www.sundaypost.com/news-views/uk/the-true-story-behind-the-cranky-old-man-internet-poem-that-has-become-world-famous-1.253698) [Accessed: 5 Sept 2015]*.

McFadden, S.H.1995. *Religion and Well-Being in Aging Persons in an Aging Society*. Journal of Social Issues,vol. 51:2, 161-175.

McNamara, L.J. 2003. *Theological Perspectives on Ageing and Mental Health.* Journal of Religious Gerontology, 13:3-4, 1-16.

Miles, M.B., Huberman, A.M., Saldaña, J. 2014. *Qualitative Data Analysis. A Methods Sourcebook.* 3rd Ed. London: SAGE Publications Ltd.

Moberg, D.O. 2008. *Disabilities, Spirituality, and Well-Being in LaterLife: Research Foundations for Study and Practice.* Journal of Religion, Spirituality & Aging, 20:4, 313-340.

Moody, H.R. 1998. *Why Dignity in Old Age Matters*. Journal of Gerontological Social Work, 29:2-3, 13-38.

Mowat, H. 2006. *Ageing Health Care and the Spiritual Imperative*: A View from Scotland. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 18:2-3, 3-17.

Müller, J.C. 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale Gesinsterapie*. Pretoria: RGN.

Nel, F.B.O. 1996. *A practical theolocial study of community pastoral work: an ecosystemic perspective.* D.Th- verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Nelson-Becker, L.C.S.W. & Edward R. 2006. *Spiritual Assessment in Aging.* Journal of Gerontological Social Work, 48:3-4, 331-347.

Neuman, W. 2000. *Social research methods: Qualitative and Quatitative Approaches.* Boston. Allyn and bacon.

Neuman, W.L. 2007. *Basics of social research : qualitative and quantitative approaches.* Boston: Allyn and Bacon.

Neuman, W.L. 2011. *Social research methods: Qualitative and Quantitative approaches.* Boston: Allyn and Bacon.

Orbach, A. 2003. *Counselling Older Clients.* London: Sage Publications.

Pattison, S. 2000. *An introduction to pastoral and practical theology*. In: Woodward, J. & Pattison, S. (eds.). The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology. Malden: Blackwell, 1-19.

Patton, M. 1990. *Qualitative Research and Evaluation Methods* (2 ed.). Thousand Oaks: Sage Publications.

Patton, M. 2002. *Qualitative research and evaluation methods* (3 ed.). London: Sage Publications.

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN.

Pieterse, H.J.C. 1994. *The empirical approach in practical theology: a discussion with J.A. van der Ven.* Religion & Theology 1 (1), 77-83.

Pieterse, H.J.C. 1998. *Practical Theology in South Africa*. International Journal of Practical Theology 2(1), 155-165.

Pugsley, L. & Welland, T. (reds.) 2002. *Ethical dilemmas in Qualitative research.* Londen: Asgate.

Ralph, A.L.2015. *The Free Spirit Pony Diaries*. Raleigh, North Carolina: Lulu Press, Inc.

Rogler, E.Y. 2009. *Bold: Theological Perspective on Spiritual Formation for Aging*. Journal of Religion, Spirituality & Aging, 22:1-2, 12-26.

Rost, R.A. 2005. *Spiritual Need Five: Providing Quality Pastoral Care as a Congregation*.Journal of Religion, Spirituality & Aging, 17:3-4, 121-153.

Sabin, E.P. 1993. *Social Relationships and Mortality Among the Elderly.* Journal of Applied Gerontology, 12:1, 44-60.

Sandelowski, M. 2008. *Theoretical Saturation in the Sage Encyclopedia of Qualitative Research Methods.* Los Angeles: Sage.

Sapp, S. 2003. *To Learn, To Teach, To Care: Gerontology as it should be practiced* - A tribute to Barbara Pittard Payne Stancil. Journal of Religious Gerontology, 15:1-2, 5-16.

Schurink, E. 1998. *Deciding to use a qualitative research approach*. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. & Schurink, W. Research at grass roots.

For the social sciences and human service professions. (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik. 239-291.

Seidl, K. 2015. *Life Leadership Supports "Read to Ride" Program in Grand Rapids*, *Michigan.* [Online]. Available at: (http://www.lifeleadership.com/blog/life-leadership-read-to-ride-michigan/) [Accessed: 11 January 2016].

Seidman, I. 1998. *Interviewing as qualitative research: a guide for researchers in education and the social siences.*New York. Teachers' College Press.

Smit, F. 2010. *Demografie – die toekoms wat reeds gebeur het: Wêreldtendense met spesiale verwysing na Suid-Afrika*. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 51:1, 86-100.

Smuts, A.J. 1988. *Praktiese teologie in Suid Afrika. Pretoria: NG* Kerkboekhandel.

Steyn, T.H. & Masango, M.J.2011. *The theology and praxis of practical theology in the context of the Faculty of Theology*. HTS Teologiese Studies/Theological Studies, 67:2, 1-7.

Strauss, A. L. & Corbin, J. 1990. *Basics of qualitative research: Grounded theory procedures and techniques*. Newbury Park, CA: SAGE Publications Ltd.

Strauss, A .L. & Corbin, J. 1998. *Basics of qualitative research: techniques and procedures for developing grounded theory* (2nd ed.). Thousand Oaks: Sage.

Streets, F.J. 2014. *Love: A philosophy of pastoral care and counselling.* Verbum et Ecclesia 35:2, 1-11.

Swinton, J. & Mowat, H. 2006. *Practical theology and qualitative research*. London: SCM Press.

Topper, C. 2003. *Spirituality in pastoral counseling and the community helping professions*. New York: Haworth Pastoral Press.

Trochim, W.M. 2006.*The Research Methods Knowledge Base*. 2nd Ed. [Online]. Available at: http://www.socialresearchmethods.net/kb/qualapp.php [Accessed: 10 June 2014].

Van der Ven, J.A. 1988. *Practical theology: From applied to empirical theology*. Journal of Empirical Theology 1:1, 7-27.

Van der Ven, J. A. 1993. *Practical Theology: An Empirical Approach*. Kampen. Kok Pharos.

Van der Ven, J.A. 1994. *Empirical methodology in practical theology: why and how?* Practical theology in South Africa 9(1), 29-44.

Van der Walt, J.L. 2004. *Ontwikkelingstake van die 'bejaardheidsleeftyd' in veranderende omstandighede - 'n agogies-filosofiese perspektief.* Tydskrif vir Geesteswetenskappe 44(1), 38-51.

Wagner, J.,Hoppmann, C., Ram, N.& Gerstorf, D. 2015. *Self-esteem is relatively stable late in life: The role of resources in the health, self-regulation, and social domains*. *Journal of Personality and Social Psychology*. Developmental Psychology, 51(1),136-149.

Wang, K.J. 2002. *Aging and Religious Participation in Late Life.* Lincoln: University of Nebraska (Doctor of Philosophy).

Wright. F. 1982. *Pastoral care for lay people*. London: SCM Press.

Yancey, P. 1990. *Where is God when it hurts?: a comforting, healing, guide for coping with hard times.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E., & Roehlkepartain, E.C. 2006**.** *Traditional wisdom: Creating space for religious reflection on child and adolescent spirituality*. In Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E. & Roehlkepartain, E.C. (reds.) *Nurturing child and adolescent spirituality: perspectives from the world's religious traditions.* Lanham: Rowman & Littlefield,1-14.

# BYLAE A

Geagte Mnr/Me……………

**VERSOEK OM DEEL TE NEEM AAN 'N NAVORSINGSPROJEK VIR 'N MEESTERSGRAAD (MTH IN PASTORALE TERAPIE)**

## Agtergrond inligting

### Titel en navorser

Die titel van die navorsing is: ***Pastorale handelinge met en vir die tagtig plus ouer persoon***

My naam is **Jean Labuschagne** van die Universiteit van Suid Afrika, Departement Menslike Wetenskappe.

### Rede vir die navorsing

My studie fokus op die groeiende aantal tagtig plus ouer persoon se toenemende geestelike en emosionele behoeftes. Deur die voer van onderhoude en die insameling van data, wil ek 'n beter begrip kry van wie die tagtig plus ouer persone is, watter geestelike en emosionele behoeftes hulle het, die emosionele en geestelike sorg wat hulle tans ontvang en hoe die pastor in samewerking met die geloofsgemeenskap die emosionele en geestelike behoeftes van die groeiende getal tagtig plus ouer persone in Mosselbaai kan adresseer. 'n Gebrek aan voldoende kennis en insig oor die geestelike en emosionele versorging van die tagtig plus ouer persoon dra daartoe by dat die ouer generasie nie doeltreffende emosionele en geestelike sorg ontvang nie.

**Besonderhede van deelname**

Die navorsing behels in-diepte onderhoudvoering. Die sessie sal ongeveer 'n uur duur. U persoonlike inligting is vertroulik en sal slegs aan die navorser bekend wees. U identiteit sal gekodeer word om u privaatheid te beskerm en die verwerking en ontleding van die ondersoek materiaal moontlik te maak.

Voel asseblief vry om enige vrae te vra.

**TOESTEMMING VERKLARING**

1. Ek verstaan dat ek self kan besluit of ek aan die studie wil deelneem of nie. Indien ek inwillig om aan die studie deel te neem, kan ek te eniger tyd daaraan onttrek sonder enige nadelige gevolge.
2. Ek verstaan dat die onderhoud opgeneem word vir navorsingsdoeleindes.
3. Ek is bewus van wat my deelname behels.
4. Ek is bewus dat ek geen vergoeding sal ontvang vir my deelname nie.
5. Ek verstaan dat my deelname aan die navorsing geen risiko inhou nie.
6. Alle vrae wat ek oor die navorsing het is bevredigend beantwoord.
7. Ek verstaan dat ek kan weier om op bepaalde vrae te antwoord, maar steeds aan die studie mag deelneem.

**Ek stem in om deel te neem**

Deelnemer se handtekening:________________________________

Deelnemer se naam (drukskrif):_______________________________________________

## BYLAE B

## Onderhoudskedule

Naam van deelnemer (of kode naam)________________________________________

(Regte naam opsioneel)

Adres (opsioneel) _________________________________________

Ouderdom_____ Geslag(m of v)_________Huwelikstatus______________________

Selfversorgend (Ja/Nee)________

Beroep_________________________________________________________________

## Doel van die navorsing

Om vanuit die tagtig plus ouer persoon se perspektief bejaardheid, die geestelike en emosionele behoeftes te bestudeer, te verstaan en om maniere te vind waarop die pastor saam met die geloofsgemeenskap in die emosionele en geestelike behoeftes van die tagtig plus ouer persoon in Mosselbaai kan voorsien. Dus, hierdie studie hoop om 'n bydrae te lewer tot die pastorale versorging van die tagtig plus ouer persoon.

## Sleutelvrae wat opgevolg kan word met ander vrae soos die navorser met die onderhoud vorder

1. Watter rol speel godsdiens,geloof,gebed en spiritualiteit in u lewe?
2. Watter bekommernisse (angstighede) en probleme in u lewe staar u op die oomblik in die gesig?

**3.** Hoe hanteer u tans hierdie probleme en bekommernisse (wat help u)?

**4.** Waarheen gaan u vir hulp?

**5.** Wat is u geestelike en emosionele behoeftes wat deur die gemeente geadresseer kan word?

**6.** Hoe beleef/ervaar u tans die geestelike en emosionele versorging van die gemeente?

**7.** Hoe wil u emosioneel en geestelik versorg word?

**8.** As u voel dat u nie voldoende emosioneel en geestelik versorg word nie, wat dink u is die hoof redes (wat verhinder dit)?

**9.** In u opinie wat kan die gemeente doen om u spesifieke behoeftes beter te addresseer (wat is u verwagting)?

**10.** Wat beteken dit vir u om geestelik en emosioneel versorg te word?

**11.** Vanuit u perspektief hoe dink u sien die gemeente die tagtig plus ouer persoon?

**12.** Watter geleenthede kry u om betrokke te raak/wees by die gemeente?

**13.** In watter godsdienstige aktiwiteite neem u tans deel (waar en hoe)?

**14.** Watter gawes het u wat u graag sou wou gebruik met behulp van u gemeente?

**15.** Watter ander behoeftes sien u raak by ander ouer persone wat die gemeente kan adresseer?

## Vrae aan vrywilliger en geestelike leier

**1.** Hoe lank is u al betrokke by bejaardesorg?

**2.** Hoekom het u besluit om dit te doen?

**3.** Wat ervaar/ beleef u in u versorging van hulle?

**4.** Wat is vir hulle belangrik?

**5.** Watter rol speel geloof/godsdiens in hulle lewe?

**6.** Waaroor bekommer hulle hulle?

**7.** Hoe hanteer hulle dit?

**8.** Hoe word hulle tans geestelike en emosionele versorg?

**9.** Dink u die gemeente kan ‘n groter rol speel in hulle versorging. Indien ja, in watter opsig?

**10.** Hoe kan ons die gemeente meer bewus/ betrokke maak by hulle versorging.

**11.** Wat dink u is die waarde/ betekenis vir hulle om geestelik en emosioneel versorg te word?

**12.** Is hulle gelukkig/ontevrede met die rol wat die gemeente tans speel in hulle versorging? Hoekom?

**13.** In hoe ‘n mate is hulle nog betrokke by die gemeente?

**14.** Hoe wil u eendag geestelik en emosioneel versorg word?